

DIE AARD, DOEL EN EFFEKTIWITEIT VAN  
ASSESSERING IN TERSIËRE WISKUNDE

deur

CECILIA JACOMINA LOUW

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Philosophiae Doctor

in die

Departement Kurrikulumstudies

van die

Fakulteit Opvoedkunde

aan die

Universiteit van Pretoria

PROMOTOR: Prof Dr JG Maree

PRETORIA  
OKTOBER 2006

*Assessment is at the heart of learning. Assessment is for learning. Assessment is learning.*

Brown & Knight (1984)

**Hierdie studie word in liefde opgedra aan  
– die drie mans in my lewe, Boen, Adriaan en Johan.**

<b>VERKLARING</b>
-------------------

Hiermee verklaar ek,

**CECILIA JACOMINA LOUW**

dat die proefskrif wat ek hiermee vir die graad Philosophiae Doctor aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit ingedien is nie.

Ek verklaar dat alle bronne wat geraadpleeg en aangehaal is, deur middel van volledige verwysings aangedui en erken is.

.....  
Cecilia Jacomina Louw  
Oktober 2006

## DANKBETUIGINGS

Met die voltooiing van hierdie studie wil ek graag die persone wat op 'n besondere en eiesoortige manier tot die afhandeling daarvan bygedra het, bedank.

### **Met betrekking tot my studies, my dank aan:**

- ❖ Prof Dr Kobus Maree, my studieleier, vir u uiters bekwame leiding, motivering, geduld, vriendelikheid en konsekwente professionaliteit.
- ❖ Dr Mike van der Linde vir u hulp met die uitvoering van die dataprosedure en dataverwerking.
- ❖ Mnr Sollie Millard vir u hulp met die statistiese modelle en interpretasies.
- ❖ Dr Hennah Larkins vir die toewyding en ywer waarmee u die taalversorging en proefleeswerk gedoen het.
- ❖ Mnr Ian Joubert vir kritiese leeswerk en kontrolering met betrekking tot die kodering van data.
- ❖ Debbie van der Watt vir tegniese insette.
- ❖ Al die studente en kollegas wat aan die studie deelgeneem het.
- ❖ Prof Pieter Kok, Direkteur Navorsing (TNG) vir sy geloof in my en vir finansiële ondersteuning.
- ❖ Prof Billy Fraser vir advies en motivering.
- ❖ Me Elsabé Olivier wat as inligtingkundige en vriendin my voortdurend van inligting voorsien het.

### **Op 'n meer persoonlike vlak wil ek dankie sê aan:**

- ❖ Boen, dat jy my met raad en daad bygestaan het, veral op 'n tegniese vlak.
- ❖ Adriaan en Johan, vir julle begrip, bystand en bereidwilligheid om soms chaos te trotseer.
- ❖ Al my familie en vriende, veral Dina, Hennah, Elsabé en Marina vir julle belangstelling en ondersteuning.
- ❖ My Hemelse Vader, wat my geneem het op 'n pad van denkverryking en aan my die geleentheid gegee het om my talente te ontwikkel.

## AKRONIEME, AFKORTINGS EN WOORDELYS

### AKRONIEME EN AFKORTINGS:

<i>ABET</i>	<i>Adult basic education and training</i>
C2005	Kurrikulum 2005
<i>CASS</i>	<i>Continuous Assessment / deurlopende assessering</i>
<i>COLT</i>	<i>Culture of Learning and Teaching</i>
DoE	Departement van Onderwys
<i>FET</i>	<i>Further Education and Training</i>
GDE	Gautengse Departement van Onderwys
<i>GET</i>	<i>General Education and Training</i>
GTA	Gemeenskaplike taakassessering
<i>NQF</i>	<i>National Qualification Framework</i>
<i>RME</i>	<i>Realistic mathematics education</i>
RSA	Republiek van Suid-Afrika
SA	Suid-Afrika
SAKO	Suid-Afrikaanse kwaliteitsowerheid
<i>SAQA</i>	<i>South African Qualification Framework</i>
TUT	Tshwane Universiteit van Tegnologie
TNG	Technikon Noord-Gauteng
UGO	Uitkomsgerigte onderwys
UGA	Uitkomsgerigte assessering
VSA	Verenigde State van Amerika

WOORDELYS:

Term	Verklaring
Aanvangslyn-assessering	Vind aan die begin van 'n graad of fase plaas om voorkennis te bepaal ( <i>baseline assessment</i> ).
Assessering	'n Proses waartydens inligting aangaande 'n leerder se prestasie geïdentifiseer, versamel en geïnterpreteer word ten einde die leerder se ontwikkeling te bevorder en die leerproses te verbeter
Bevoegdheid / bekwaamheid	'n Leerder se vermoë om volgehou binne 'n gestelde raamwerk en konteks te presteer deur verskeie leeruitkomst te integreer.
Deurlopende assessering	Hier word van 'n verskeidenheid assesseringstegnieke gebruik gemaak om leerders se vordering deurlopend te asseer.
Diagnostiese-assessering	Bepaal die aard en oorsake van leerstremminge by leerders.
Evaluering	Die proses waartydens assesseringsinligting beoordeel word met die oog om kredietgewing.
Formatiewe assessering	Die tipe assessering kan formeel (toetse) of informeel (vraag en antwoord) wees. Die doel is om vordering te monitor en leer te verbeter.
Metingsrubriek	'n Voorafbepaalde stel kriteria word gebruik om te bepaal op watter vlak 'n leerder presteer het.
Outentieke assessering	Assessering wat leerders se prestasie en vermoë in lewensgetroue situasies toets.
Sistemiese assessering	Word aangewend om werkverrigting van 'n sisteem (soos 'n onderwysdepartement) te monitor.
Summatiewe assessering	Verskaf 'n oorkoepelende beeld van 'n leerder se vordering op 'n spesifieke stadium.

# INHOUDSOPGAWE

<b>ONDERWERP</b> .....	Bladsynommer
<b>TABELLE</b> .....	viii
<b>FIGURE</b> .....	x
<b>OPSOMMING</b> .....	xi
<b>ABSTRACT</b> .....	xiv
<b>AKRONIEME, AFKORTINGS EN WOORDELYS</b> .....	xvii

## HOOFSTUK 1

### ORIËTERING

<b>1</b>	<b>INLEIDING</b> .....	<b>1</b>
<b>1.1</b>	<b>AGTERGROND</b> .....	<b>2</b>
<b>1.2</b>	<b>MOTIVERING</b> .....	<b>3</b>
<b>1.3</b>	<b>PROBLEEMSTELLING</b> .....	<b>4</b>
<b>1.4</b>	<b>BELANG VAN DIE STUDIE</b> .....	<b>6</b>
<b>1.5</b>	<b>DEFINIËRING VAN DIE TITEL EN VERKLARING VAN RELEVANTE TERME</b> .....	<b>7</b>
<b>1.6</b>	<b>GEANTISIPEERDE PROBLEME</b> .....	<b>10</b>
<b>1.7</b>	<b>NAVORSINGSONTWERP</b> .....	<b>11</b>
	<b>1.7.1 Navorsingsontwerp</b> .....	<b>11</b>
	<b>1.7.2 Navorsingsterrein</b> .....	<b>13</b>
	<b>1.7.3 Navorsersrol</b> .....	<b>14</b>
	<b>1.7.4 Steekproef</b> .....	<b>15</b>
	1.7.4.1 Steekproefstrategieë .....	15
	1.7.4.2 Beskerming van die regte van die deelnemers .....	16
<b>1.8</b>	<b>DATA-INSAMELING</b> .....	<b>17</b>
	<b>1.8.1 Data-insamelingstrategieë</b> .....	<b>17</b>
	1.8.1.1 Semigestruktureerde vraelyste .....	17
	1.8.1.2 Persoonlike onderhoude .....	18
	1.8.1.3 Fokusgroeponderhoude.....	18
	1.8.1.4 Dokumentanalise, verslae en artefakte .....	19
	1.7.4.2 Waarneming.....	19
	<b>1.8.2 Tydsduur van die veldwerk</b> .....	<b>19</b>

<b>1.9</b>	<b>DATA-ANALISE</b> .....	20
<b>1.10</b>	<b>GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID</b> .....	21
<b>1.11</b>	<b>ETIESE OORWEGINGS</b> .....	25
<b>1.12</b>	<b>BEPERKINGE VAN DIE ONTWERP</b> .....	26
<b>1.13</b>	<b>NAVORSINGSPROSEDURE</b> .....	26
1.13.1	Beskrywing van hoofstukitleg .....	26
1.13.2	Diagrammatiese hoofstukitleg .....	27

## HOOFSTUK 2

### ASSESSERING IN UITKOMSGERIGTE ONDERWYS

<b>2</b>	<b>INLEIDING</b> .....	28
<b>2.1</b>	<b>UITKOMSGERIGTE ONDERWYS (UGO)</b> .....	28
2.1.1	Inleiding.....	28
2.1.2	Eienskappe en beginsels van Uitkomsgerigte onderwys.....	33
2.1.3	Die voordele van UGO .....	36
2.1.4	Die beperkinge van UGO.....	38
2.1.5	Wat is C2005 en die Nuwe Hersiene Kurrikulum? .....	41
2.1.6	Die Hersiene Nasionale Kurrikulum vir wiskunde .....	45
2.1.6.1	Wiskunde as leerarea.....	46
2.1.6.2	Leeruitkomst vir wiskunde.....	47
<b>2.2</b>	<b>UITKOMSGERIGTE ASSESSERING</b> .....	48
2.2.1	Inleiding.....	48
2.2.2	Definisies van die konsep "assessering" .....	51
2.2.3	Evaluering versus assessering.....	53
2.2.4	Tendense in assessering .....	54
2.2.4.1	Van passiewe na aktiewe assessering .....	55
2.2.4.2	Van statiese na dinamiese assessering .....	55
2.2.4.3	Van objektiewe na regverdigde assessering .....	56
2.2.4.4	Van beperkte sekerheid na 'n ryk onsekerheid .....	56
2.2.4.5	Van onderwysergesentreerdheid na leerdergesentreerdheid .....	56
2.2.5	Funksies van assessering .....	58
2.2.5.1	Aanvangslynassessering van voorkennis .....	58
2.2.5.2	Diagnostiese assessering.....	58
2.2.5.3	Formatiewe assessering.....	59
2.2.5.4	Summatiewe assessering.....	60
2.2.5.5	Sistemiese assessering .....	60
2.2.6	Assesseringsbenaderings en –strategieë .....	61
2.2.6.1	Kriteriagerigte assessering .....	61



2.2.6.2	Normverwysende assessering .....	62
2.2.6.3	Gestandaardiseerde toetse.....	62
2.2.6.4	Selfverwysende assessering .....	62
2.2.6.5	Profielassessering.....	62
2.2.6.6	Inklusiewe assessering .....	62
2.2.6.7	Outentieke assessering.....	63
2.2.6.8	Alternatiewe assessering.....	64
2.2.6.9	Deurlopende assessering .....	64
2.2.6.10	Gemeenskaplike taakassessering.....	66
<b>2.2.7</b>	<b>Essensiële komponente van die assesseringsproses.....</b>	<b>67</b>
<b>2.2.8</b>	<b>Doelstellings van assessering in die wiskundeklas.....</b>	<b>71</b>
<b>2.2.9</b>	<b>Assesseringstrategieë in wiskunde .....</b>	<b>74</b>
2.2.9.1	Assesseringsitems vir prosesassessering .....	77
i	Rubrieke .....	79
ii	Werkverrigtingsassessering.....	83
iii	Portefeuljes.....	84
iv	Joernale.....	85
v	Logboeke.....	86
vi	Groepbespreking .....	88
vii	Waarneming en ondervraging .....	89
viii	Selfassessering .....	90
ix	Eweknie-assessering.....	92
x	Dinamiese assessering.....	94
xi	Foutanalise .....	94
2.2.9.2	Produkassessering .....	95
<b>2.2.10</b>	<b>Geldigheid en betroubaarheid in assessering .....</b>	<b>96</b>
<b>2.2.11</b>	<b>Rekordhouding, rapportering en terugvoer .....</b>	<b>98</b>
<b>2.3</b>	<b>KRITIESE REFLEKSIE OP ASSESSERING .....</b>	<b>103</b>
<b>2.3.1</b>	<b>Uitkomstgerigte onderwys.....</b>	<b>103</b>
2.3.1.1	Persoonlike kommentaar .....	103
<b>2.3.2</b>	<b>Die voordele en beperkinge van UGO.....</b>	<b>104</b>
2.3.2.1	Persoonlike kommentaar .....	104
<b>2.3.3</b>	<b>Uitkomstgerigte assessering.....</b>	<b>105</b>
2.3.3.1	Persoonlike kommentaar .....	105
<b>2.3.4</b>	<b>Die funksies van assessering.....</b>	<b>106</b>
2.3.4.1	Persoonlike kommentaar .....	106
<b>2.3.5</b>	<b>Kwaliteitsbeheerkriteria .....</b>	<b>107</b>
2.3.5.1	Persoonlike kommentaar .....	107
<b>2.4</b>	<b>SINTESE .....</b>	<b>108</b>

## HOOFSTUK 3

### KONSEPTUELE RAAMWERK EN FILOSOFIESE ONDERBOU

<b>3</b>	<b>INLEIDING .....</b>	<b>110</b>
----------	------------------------	------------

<b>3.1</b>	<b>FILOSOFIESE ONDERBOU</b> .....	111
3.1.1	Ontologiese aannames .....	111
3.1.2	Antropologiese aannames .....	112
3.1.3	Epistemologiese aannames .....	113
3.1.4	Metodologiese aannames .....	114
3.1.5	Leermilieu .....	115
3.1.6	Filosofiese aannames.....	115
3.1.6.1	Humanistiese paradigma .....	119
3.1.6.2	Progressiewe paradigma .....	119
3.1.6.3	Pragmatiese paradigma.....	120
3.1.1.4	Interpreterende paradigma .....	121
<b>3.2</b>	<b>PEDAGOGIESE ONDERBOU</b> .....	121
3.2.1	Konseptualisering van die begrip "wiskunde" .....	122
3.2.2	Die konseptualisering van onderrig .....	123
3.2.3	Die konseptualisering van leer .....	127
3.2.3.1	Leeruitkomstes.....	128
3.2.3.2	Leerteorieë .....	130
3.2.3.3	Wiskundeaanleg.....	132
3.2.4	Assessering as deel van die totale kurrikulumgebeure.....	133
<b>3.3</b>	<b>SINTESE</b> .....	135
3.3.1	Kritiese refleksie op die konseptuele raamwerk.....	135
3.3.1.1	Filosofiese onderbou.....	135
3.3.1.2	Pedagogiese onderbou.....	136

## HOOFSTUK 4

### NAVORSINGSONTWERP

<b>4</b>	<b>INLEIDING</b> .....	137
<b>4.1</b>	<b>MOTIVERING VIR DIE STUDIE</b> .....	137
4.1.1	Agtergrond.....	137
4.1.2	Die primêre fokus.....	141
<b>4.2</b>	<b>DIE NAVORSINGSPROBLEEM</b> .....	141
<b>4.3</b>	<b>DIE OOGMERKE VAN DIE ONDERSOEK</b> .....	142
<b>4.4</b>	<b>DIE NAVORSINGSBENADERING: AKSIENAVORSING</b> .....	142
4.4.1	Die oorsprong en definisie van aksienavorsing .....	143
4.4.2	Die gebruike van aksienavorsing.....	146
4.4.3	Die kenmerke van aksienavorsing.....	149

4.4.4	<b>Relevante modelle vir aksienavorsing</b> .....	151
4.4.5	<b>Die navorsingsontwerp vir die onderhawige studie</b> .....	153
4.4.6	<b>Aktiwiteite in die aksienavorsingsproses</b> .....	155
4.4.7	<b>Metodologieë in die onderhawige studie</b> .....	156
4.4.8	<b>Kwaliteitskriteria vir aksienavorsing</b> .....	156
4.4.8.1	Die opweeg van ander alternatiewe .....	157
4.4.8.2	Praktyktoetsing.....	157
4.4.8.3	Etiese regverdiging .....	157
4.4.8.4	Praktiese aanpasbaarheid .....	157
4.5	<b>NAVORSINGSONTWERP: GEMENGDE-METODE-ONTWERP</b> .....	158
4.6	<b>ETIESE OORWEGINGS</b> .....	159
4.7	<b>GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID</b> .....	162
4.8	<b>STEEKPROEFNEMING</b> .....	167
4.9	<b>DATA-INSAMELINGSMETODES EN -INSTRUMENTE</b> .....	168
4.9.1	<b>My semigestruktureerde vraelys</b> .....	170
4.9.1.1	Die geldigheid en betroubaarheid van my eie vraelyste .....	170
4.9.2	<b>Waarnemings en my bepeinsingsdagboek</b> .....	171
4.9.2.1	Die geldigheid en betroubaarheid van waarnemings en my bepeinsingsdagboek .....	171
4.9.3	<b>Onderhoude</b> .....	172
4.9.3.1	Die geldigheid en betroubaarheid van onderhoude .....	173
4.9.4	<b>Fokusgroeponderhoude</b> .....	173
4.9.4.1	Die geldigheid en betroubaarheid van fokusgroeponderhoude .....	177
4.10	<b>KWALITATIEWE DATA-ANALISE</b> .....	177
4.10.1	<b>Becker en Geer se benadering</b> .....	178
4.10.2	<b>Tesch se benadering</b> .....	178
4.10.3	<b>Kodering van data</b> .....	179
4.10.4	<b>Organisasiesistelsel vir die data</b> .....	180
4.10.5	<b>Prosessering van die data voortspruitend uit die fokusgroeponderhoude</b> .....	180
4.11	<b>KWANTITATIEWE DATA-ANALISE</b> .....	181
4.11.1	<b>Beskrywende statistiek</b> .....	181
4.11.2	<b>Inferensiële statistiek</b> .....	181
4.12	<b>SINTESE</b> .....	181

## HOOFSTUK 5

## RESULTATE EN BESPREKING

<b>5</b>	<b>INLEIDING</b> .....	183
<b>5.1</b>	<b>MY EIE VOORORDELE</b> .....	184
<b>5.2</b>	<b>OORSIG OOR DIE INGESAMELDE DATA</b> .....	186
<b>5.2.1</b>	<b>Vraelyste</b> .....	186
<b>5.2.2</b>	<b>Persoonlike onderhoude</b> .....	187
<b>5.2.3</b>	<b>Slypskool</b> .....	187
<b>5.2.4</b>	<b>Waarnemings, veldnotas en bepeinsingsdagboek</b> .....	188
<b>5.2.5</b>	<b>Fokusgroeponderhoude</b> .....	188
<b>5.3</b>	<b>RESULTATE EN BESPREKING</b> .....	188
<b>5.3.1</b>	<b>Resultate uit die vraelyste</b> .....	188
5.3.1.1	Hipoteses.....	189
i.	Hipotesetoetsing.....	189
5.3.1.2	Studentevraelys.....	189
i.	Resultate van die $\chi^2$ -toetse .....	190
ii.	Beskrywende rapportering .....	194
iii.	<i>Verbatim</i> response op enkele vrae uit die studentevraelys .....	197
5.3.1.3	Fasiliteerdersvraelys .....	199
i.	Resultate van die $\chi^2$ -toetse .....	199
a)	Data wat met die respondente se ouderdom verband hou .....	199
b)	Data wat met die respondente se posisie verband hou .....	203
c)	Data wat met die respondente se gevoelens teenoor UGA verband hou .....	205
ii.	Beskrywende rapportering .....	206
iii.	<i>Verbatim</i> response op enkele vrae uit die fasiliteerdervraelys.....	207
<b>5.3.2</b>	<b>Resultate uit die persoonlike onderhoude</b> .....	210
5.3.2.1	Koderingsproses .....	210
5.3.2.2	Persoonlike onderhoude .....	211
<b>5.3.3</b>	<b>Resultate uit die fokusgroeponderhoude</b> .....	225
5.3.3.1	Data uit die fokusgroeponderhoud bestaande uit dosente in ingenieursvakke .....	226
i.	Onsekerheid .....	228
ii.	Kwaliteitsbeheer .....	229
iii.	Persepsies.....	236
iv.	Assesseringspraktyke .....	242
5.3.3.2	Data uit die fokusgroeponderhoud wat uit wiskundedosente bestaan het.....	244
i.	Onsekerheid .....	245
ii.	Kwaliteitsbeheer .....	245
iii.	Persepsies.....	247
iv.	Assesseringspraktyke .....	249
v.	Probleme .....	250

vi.	Kommunikasie.....	252
5.4	<b>SAMEVATTING</b> .....	253

## HOOFSTUK 6

### SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN BEPERKINGE VAN DIE ONDERHAWIGE STUDIE

6	<b>INLEIDING</b> .....	254
6.1	<b>VERLOOP VAN DIE NAVORSING</b> .....	255
6.2	<b>BEANTWOORDING VAN DIE NAVORSINGSVRAE</b> .....	258
6.3	<b>GEVOLGTREKKINGS</b> .....	261
6.4	<b>AANBEVELINGS</b> .....	263
	6.4.1 <b>Aanbevelings vir praktykverbetering</b> .....	263
	6.4.2 <b>Aanbevelings vir verdere navorsing</b> .....	266
6.5	<b>BEPERKINGE VAN DIE ONDERHAWIGE STUDIE</b> .....	267
6.6	<b>SLOTOPMERKING</b> .....	269
	<b>LITERATUURLYS</b> .....	272

<b>BYLAAG 1A:</b>	<b>RESPONDENTE SE INGELIGTE INSTEMMING (FOKUSGROEPOUNDER HOUDE)</b>
<b>BYLAAG 1B:</b>	<b>TOESTEMMINGSBRIEF VAN TSHWANE UNIVERSITEIT VIR TEGNOLOGIE (TUT) OM DIE NAVORSING TE MAG UITVOER</b>
<b>BYLAAG 2A:</b>	<b>'N ONDERHOUD MET 'N SEKONDÊRE WISKUNDEFASILITEERDER</b>
<b>BYLAAG 4A:</b>	<b>'N GEDEELTE UIT DIE TRANSKRIPSIES VAN PERSOONLIKE ONDERHOUDE MET FASILITEERDERS BY TUT</b>
<b>BYLAAG 4B:</b>	<b>RESPONDENTE SE INGELIGTE INSTEMMING (PERSOONLIKE ONDERHOUDE)</b>
<b>BYLAAG 4C:</b>	<b>STUDENTEVRAELYS</b>
<b>BYLAAG 4D:</b>	<b>FASILITEERDERSVRAELYS</b>
<b>BYLAAG 4E:</b>	<b>. DIE ONDERHOUDSPROTOKOL WAT TYDENS DIE PERSOONLIKE</b>

**ONDERHOUE GEVOLG IS**

<b>BYLAAG 4F:</b>	<b>VERKLARING VAN DIE ONAFHANKLIKE KODEERDER</b>
<b>BYLAAG 4G:</b>	<b>DIE VOORBEREIDINGSVORMS VIR DIE FOKUSGROEPONDERHOUE</b>
<b>BYLAAG 4H:</b>	<b>'N GEDEELTE VAN 'N GETRANSKRIBEEERDE FOKUSGROEPONDERHOUD</b>
<b>BYLAAG 5A:</b>	<b>KODERINGSTABELLE VAN DIE FOKUSGROEPONDERHOUE</b>
<b>BYLAAG 5B:</b>	<b>KODERINGSTABELLE VAN DIE PERSOONLIKE ONDERHOUE</b>

**TABELLE****HOOFSTUK 1**

1.1	Karakteristieke eienskappe van kwalitatiewe navorsing en die toepassing daarvan in die onderhawige studie .....	13
-----	---	----

**HOOFSTUK 2**

2.1	Verskillende outeurs se menings oor UGO .....	33
2.2	Die voordele van UGO .....	37
2.3	Die beperkinge van UGO .....	39
2.4	Definisies van die konsep "assessering" .....	51
2.5	Die verskille tussen 'n onderwysergesentreerde en 'n leerdergesentreerde benadering.....	56
2.6	Assesseringsraamwerk.....	61
2.7	Kwaliteite van 'n goeie toets/eksamen.....	70
2.8	Assesseringsverbande.....	72
2.9	Moontlike klassifikasie van assesseringstrategieë .....	74
2.10	Vorme van kontinue-assessering .....	78
2.11	Prestasievlakke in rubrieke .....	80
2.12	Vrae en gepaardgaande aksies ter ontwikkeling van rubrieke .....	81
2.13	'n Voorbeeld van 'n wiskunderubriek vir graad 10/11 .....	82
2.14	Assesseringskaal vir groepwerk (vervanger vir eweknie) .....	93

**HOOFSTUK 3**

3.1	Onderwysparadigmas teenoor onderwyskomponente.....	124
-----	--	-----

3.2	Gagné se nege onderriggebeure en die geassosieerde prosesse .....	126
3.3	Die kenmerke van assesseringstake .....	135

#### HOOFSTUK 4

4.1	Definisies van aksienavorsing.....	144
4.2	Die kenmerke van aksienavorsing.....	149
4.3	Die viermoment-aksienavorsingsmodel.....	153
4.4	Aksienavorsingsaktiwiteite van die onderhawige studie .....	155
4.5	Teoretiese raamwerk vir die onderhawige studie .....	156
4.6	Etiese beginsels in opvoedkundige navorsing.....	160
4.7	Strategieë om geldigheid te fasiliteer .....	163
4.8	Stappe om in die onderhawige studie geldigheid te fasiliteer .....	164
4.9	Vertrouenswaardigheidstrategieë .....	166
4.10	Die realisering van vertrouenswaardigheidstrategieë .....	166
4.11	Data-insamelingsinstrumente en oogmerke.....	169

#### HOOFSTUK 5

5.1	Gebeurlikheidstabel van ouderdom van eerstejaar-wiskundestudente en die feit dat hulle vir die eerste keer vir Wiskunde I geregistreer is .....	191
5.2	Gebeurlikheidstabel van ouderdom van eerstejaar-wiskundestudente en die feit dat hulle weet wat UGO is.....	192
5.3	Frekwensies van eerstejaar-wiskundestudente se gevoelens jeens UGO en die redes wat hulle daarvoor aanvoer.....	194
5.4	<i>Verbatim</i> response op die oopvrae in die studentevraelys .....	197
5.5	Gebeurlikheidstabel van die ouderdom van fasiliteerders en hul diensjare in die instansie.....	200
5.6	Gebeurlikheidstabel van die ouderdom van fasiliteerders en hul posisie in die instansie.....	201
5.7	Frekwensies van respondente se response teenoor hul posisies in die instansie.....	205
5.8	Frekwensie van fasiliteerders se gevoelens jeens UGA en opleiding wat hulle in UGA ontvang het .....	206
5.9	Response oor UGO-opleiding.....	207
5.10	Fasiliteerders se gevoelens oor die implementering van UGA .....	208

5.11	Kategorieë en subkategorieë van die persoonlike onderhoude.....	211
5.12	Data uit die persoonlike onderhoude .....	212
5.13	Kategorieë en subkategorieë van fokusgroeponderhoud 1 .....	228
5.14	Respons oor kwaliteitsaspekte in assessering .....	231
5.15	Persepsies oor kollegas .....	237
5.16	Kategorieë en subkategorieë van die tweede fokusgroeponderhoud.....	245
5.17	Response oor kwaliteitsaspekte in eksamenvraestelle .....	246
5.18	Persepsies oor kollegas en studente .....	248
5.19	Probleme wat tydens die tweede fokusgroeponderhoud bespreek is .....	251

## HOOFSTUK 6

6.1	Navorsingsvrae en hoofbevindinge .....	258
-----	--	-----

## FIGURE

### HOOFSTUK 1

1.1	Hoofstukuitleg .....	27
-----	----------------------	----

### HOOFSTUK 2

2.1	Die veeldoeligheid van assessering .....	77
2.2	Logboekassessering .....	88

### HOOFSTUK 3

3.1	Direkte invloede op leeruitkomste .....	128
3.2	Leeruitkomste as deel van die totale onderwysgebeure .....	129

### HOOFSTUK 4

4.1	Embleem van die eerste wêreldkongres van ALARPM .....	151
4.2	Tradisionele spirale van aksienavorsing .....	152
4.3	Die spirale van aksienavorsing .....	152
4.4	Navorsingsbenadering van die onderhawige studie .....	154

### HOOFSTUK 6

6.1	'n Vloeidiagram van die ingesamelde data.....	257
-----	---	-----



## SAMEVATTING

<b>TITEL:</b>	Die aard, doel en effektiwiteit van assessering in tersiêre wiskunde
<b>STUDENT:</b>	Cecilia Jacomina Louw
<b>PROMOTOR:</b>	Prof Dr J.G. Maree
<b>DEPARTEMENT:</b>	Kurrikulumstudies
<b>GRAAD:</b>	Philosophiae Doctor

---

Die vak "wiskunde" word as keuringsmeganisme vir verskeie wetenskaplike loopbane ingespan (Thomas, 1992: 3) en vorm die hoeksteen vir wetenskaplike geletterdheid. Leerders in Suid-Afrika presteer egter nie optimaal in wiskunde (Howie & Plomp, 2005) om internasionaal erkenning te geniet nie. Onderwysvernuwing vind voortdurend plaas en Suid-Afrika is tans besig om die UGO-benadering te volg. Van der Watt (1999: 7) voer aan dat vernuwing in wiskundeonderrig nie kan slaag indien assesseringsmetodes nie deurlopend en in die lig van resente ontwikkeling op dié terrein aangepas word nie.

Die inskakeling van die UGO-benadering op skoolvlak het my genoop om vernuwing in tersiêre wiskundeassessering by die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) te fasiliteer. TUT is in 'n samesmeltingsproses en nuwe kurrikula en onderrigmateriaal is opgestel, wat die tyd geskik vir vernuwing gemaak het.

Die primêre doelwit van hierdie proefskrif is om verslag van die navorsingsproses, uitkomst en aanbevelings te lewer en sodoende praktykverbetering te fasiliteer. My oorkoepelende navorsingshipotese is dat toepaslike assessering die effektiwiteit van leer by studente moontlik kan verhoog. Tydens die onderhawige studie is daar op 'n aantal navorsingsvrae gefokus:

- In watter mate word UGA-strategieë op 'n effektiewe en deurlopende wyse by TUT se wiskundeonderrig geïmplementeer?
- Sal tersiêre wiskundefasiliteerders by TUT bereid wees om UGA te implementeer?
- In watter mate word UGA-strategieë in vakke wat op wiskunde steun by TUT geïmplementeer?
- Hoe beïnvloed die ekologie van TUT die implementering van UGA?
- Watter ander moontlike faktore beïnvloed die vlak van implementering van UGA by TUT?

- Het enige van die wiskundefasiliteerders by TUT toepaslike en toereikende opleiding in die implementering van UGA ontvang?
- Watter implikasies kan die onderhawige studie moontlik vir die assesseringsbeleid by TUT inhou?

Aksienavorsing is as navorsingsontwerp gekies omdat aksienavorsing by uitstek geskik is om praktykverbetering te fasiliteer. Kwantitatiewe en kwalitatiewe data is deur middel van vraelyste, persoonlike onderhoude, fokusgroeponderhoude, waarnemings, dokumentasie en 'n bepeinsingsdagboek (*reflective diary*) ingesamel.

Enkele bevindings sluit in dat:

- UGA-strategieë nie deurgaans in wiskundeonderrig aan TUT geïmplementeer word nie;
- groepwerk en eweknie-assessering selde plaasvind;
- sommige dosente daarvan oortuig is dat nuwe assesseringsmetodes die standaard van hul opleiding sal verlaag;
- die onsekerheid rondom die samesmeltingsproses en verskillende onderrigtoestande op verskillende kampusse inhiberend op dosente se gewilligheid om vernuwing in assessering aan te pak, ingewerk het;
- TUT oor hul toelatingskriteria behoort te besin; en
- groot klasgroepe, gebrek aan nasienhulp en onkunde aangaande UGO as bykomende faktore deur dosente beskou word wat hulle van vernuwing weerhou.

Die onderhawige ondersoek het respondente op vernuwing in assessering voorberei. TUT het intussen 'n TLT-beleidstuk (*Teaching Learning and Technology*) bekendgestel waarin aangekondig is dat UGO as onderwysmodel vir TUT gekies is. Respondente sal voortaan opleiding en begeleiding in die implementering van UGO ontvang. Ek wil die hoop uitspreek dat my studie 'n beskeie bydrae tot hierdie positiewe verwikkeling gelewer het.

## SLEUTELTERME

Wiskundeassessering

Outentieke assessering

Ingenieursopleiding

Aksienavorsing

Fokusgroeponderhoude

Kwalitatiewe data-analise

Institusionele samesmelting

Uitkomsgerigte assessering

Kwaliteitsbeheer

Persoonlike onderhoude

Toelatingskriteria

<b>ABSTRACT</b>
-----------------

<b>TITLE:</b>	The nature, purpose and effectiveness of assessment in tertiary mathematics
<b>STUDENT:</b>	Cecilia Jacomina Louw
<b>PROMOTER:</b>	Prof Dr JG Maree
<b>DEPARTMENT:</b>	Curriculum Studies
<b>GRADE:</b>	Philosophiae Doctor

---

Mathematics, as a subject, is used in various scientific careers as a selection tool. It is regarded as the cornerstone of scientific literacy. However, since learners in South Africa do not perform optimally in mathematics they do not enjoy international recognition. Education renewal is ongoing, and South Africa currently follows an outcomes-based (OBE) approach. The teaching of mathematics cannot be renewed successfully if assessment methods are not regularly adapted to meet new developments in the field.

The incorporation of an OBE approach at school level made it necessary to facilitate assessment renewal in tertiary mathematics at the Tshwane University of Technology (TUT). TUT is engaged in a merger of three institutions, which has made the development of new curricula and teaching material essential. Hence this a perfect time to introduce assessment renewal.

The primary purpose of this thesis is to report on the research study and its results, and to make recommendations for improving the practice. The overarching research hypothesis in this study is that a suitable assessment would probably enhance the effectiveness of a student's learning. The research focused on the following questions:

- To what extent are outcomes-based strategies effectively and regularly introduced in the teaching of mathematics at TUT?
- Will tertiary mathematics facilitators be prepared to implement outcomes-based strategies at TUT?
- To what extent are outcomes-based strategies strategies in subjects supported by mathematics implemented at TUT?
- How does the ecology of TUT affect the implementation of outcomes-based strategies?

- What other factors could influence the level of implementation of OBS at TUT?
- Have any of the mathematics facilitators at TUT received suitable and adequate training in the implementation of outcomes-based strategies?
- What are the possible implications of the study for TUT's assessment policy?

Action research was chosen as the research design because it is ideally suited to improving practice. Quantitative and qualitative data were collected through questionnaires, personal interviews, interviews with focus groups, observations, documentation and a reflective diary.

The main findings are as follows:–

- OBE strategies are not being introduced throughout TUT in the teaching of mathematics.
- Group work and peer assessments are rare occurrences.
- Some lecturers are convinced that new assessment methods would lower the standard of their teaching.
- Uncertainty about the merger and the varying teaching conditions at the different campuses tend to inhibit lecturers, making them less willing to undertake assessment renewals.
- TUT should review its admission criteria.
- The lecturers cited large class groups, a lack of marking assistance and ignorance about OBE as reasons for failing to undertake assessment renewal.

The study prepared respondents for assessment renewal. In the interim, however, TUT has introduced a Policy on Teaching, Learning and Technology, whereby OBE has been selected as the teaching model for TUT. In future, respondents will receive training and guidance in the implementation of OBE. This study has hopefully made a significant contribution to this positive development.

## KEY TERMS

Mathematics assessment

Authentic assessment

Engineers' training

Action research

Interviews with focus groups

Qualitative data analysis

Institutional merger

Outcomes-based assessment (OBA)

Outcomes-based education (OBE)

Quality assurance

Personal interviews

Admission criteria

**In die begin was hierdie proefskrif ...**

**'n gedagte in my kop;  
'n flikkering in my oog; en  
'n woord op my lippe.**

**Hierdie proefskrif het soos 'n embrio gegroei  
tot 'n entiteit met 'n hartklop  
en bloed wat in haar are vloei  
en ek kon haar gang nie meer stop.**



**In barensood is elke nuwe hoofstuk gebore  
soms was ek in beheer, soms effens verlore.  
Met elke afgehandelde hoofstuk  
wou ek oorkook van geluk.**

**Net soos 'n tiener wat ouerlike gesag uitdaag  
het die skryf van hierdie dokument my  
nederig gehou  
terwyl ek my op nuwe terreine waag  
en my promotor se oordeel vertrou.**

**As volwassene wil hierdie hoofstuk inligting  
bied  
en vir haar is dit 'n vrolike lied.  
Sy onthou weer die onderhoude se vinnige  
akkoorde  
en die transkripsies word 'n lewe in woorde.**

**Na afloop van hierdie studie en die proefskrif  
voel ek soos die ontdekker van 'n goudrif.  
Ek wil vir almal vertel, maar tog ook stilbly,  
om in 'n oomblik van refleksie te gedy.**

## Hoofstuk 1

### ORIËTERING

1 INLEIDING

1.1 AGTERGROND

1.2 MOTIVERING

1.3 PROBLEEMSTELLING

1.4 BELANG VAN DIE STUDIE

1.5 DEFINIËRING VAN DIE TITEL EN VERKLARING  
VAN RELEVANTE TERME

1.6 GEANTISIPEERDE PROBLEME

1.7 NAVORSINGSONTWERP

1.8 DATA-INSAMELING

1.9 DATA-ANALISE

1.10 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

1.11 ETIESE KONSIDERASIE

1.12 BEPERKINGE VAN DIE ONTWERP

1.13 NAVORSINGSPROSEDURE

1.7.1 Navorsingsontwerp

1.7.2 Navorsingsterrein

1.7.3 Navorsersrol

1.7.4 Steekproef

1.8.1 Data-insamelingstrategieë

1.8.2 Tydsduur vir die veldwerk

# HOOFSTUK 1

## ORIËNTERING

*Strategic action, then, is what distinguishes action research from the reflective practitioner model of teaching and learning ... Reflective practice can be used to identify problems, action research can seek to provide solutions (McMahon, 1999: 168)*

### 1 INLEIDING

Die wêreld waarin ons ons tans bevind, is kompleks en word deur 'n snel ontwikkelende tegnologie gekenmerk. Wiskunde is essensieel vir die wetenskap en tegnologie, en vorm die hoeksteen vir wetenskaplike geletterdheid. Die vak wiskunde word as keuringsmeganisme vir verskeie wetenskaplike loopbane ingespan (Thomas, 1992: 3). Bishop (1991: 3) beweer dat die verskil tussen die leer van wiskunde en wiskundeonderrig op "*a way of doing*" teenoor "*a way of knowing*" berus.

Oor die verandering in wiskundeonderrig voer Baxter, Shavelson, Herman, Brown en Valadez (1993: 190) aan: "*Reform in mathematics education calls for a closer tie between instruction and assessment*". Die metode van "*mathematics performance assessment*" wat deur Baxter *et al.* ontwikkel is, toets ander fasette van wiskundeprestasie as die tradisionele meervoudige keusemetode van assessering. Een van die skrywer Hans Freudenthal se laaste groot bydrae tot wiskundeonderrig, die China Lectures (1991: 180) stel die volgende vrae: "*We teach classes, so why shouldn't we expect classes to learn? Why do examinations focus on individual performances and disregard collective ones?*" Die eerste stap in die rigting van hierdie kollektiewe prestasie, is om spesifieke doelwitte te formuleer en die doelwitte in groepopdragte te stel.

Indien die assesseringsmetodes nie vernuwe nie, kan vernuwing in wiskundeonderrig nie slaag nie (Van der Watt, 1999: 7). Indien assessering die memorisering, reproduksie en herkenning van korrekte antwoorde vereis, word 'n

foutiewe boodskap van wat essensieel in wiskunde is, oorgedra. Wiskunde-assessering vereis 'n breër en meer geïntegreerde benadering, sodat die toepassings van wiskundekennis bepaal kan word.

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel het intensiewe herstrukturering sedert die aanvaarding van demokrasie ondergaan. Uitkomstgerigte onderwys (UGO) het gedurende die vorming van Suid-Afrika se nuwe demokrasie ontstaan. Volgens UGO-beginsels het alle leerders die vermoë om suksesvol te wees, om op kennis, vaardighede, waardes en gesindhede te fokus, in teenstelling met die tradisionele praktyk wat slegs op die bemeestering van kennis berus het.

Volgens die UGO-paradigma word daar van leerders verwag om vaardighede te bekom wat hul vir die lewe oor die algemeen, maar ook spesifiek vir die werksplek voorberei. McNeir (1993: 1) beweer dat hierdie uitkomst wat leerders moet verwesenlik, uit die gemeenskap gegeneer is om van leerders effektiewe volwassenes te maak.

Die postapartheidsregering van Suid-Afrika het 'n nuwe kurrikulum (C2005) ingestel om onder meer die probleme van dispariteit in die onderwys en 'n gebrek aan COLT (*Culture of Learning and Teaching*) op te los. Die beleidmakers het ook voorsien dat die nuwe kurrikulum die waardes en beginsels van die nuwe demokratiese Suid-Afrika moes weerspieël. C2005 is geskoei op beginsels wat wêreldwyd ondersteun word, en wat eerder gesentreerdheid, formatiewe assessering, integrasie van kennis en kritiese denke insluit.

## 1.1 AGTERGROND

UGO is nog nie algemeen op tersiêre vlak in gebruik nie. Fasiliteerders gebruik hul eie diskresie in hul besluit om UGO-beginsels in hul fasilitering en/of assessering te inkorporeer of nie. By Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) (in Januarie 2004 gevorm deur die samesmelting van Technikon Pretoria,

Technikon Noord-Gauteng en Technikon Noord-Wes) met kampusse op meervoudige plekke, is die onderhandelingsproses met betrekking tot standarde van fasilitering en assessering nog onderweg. Vakke wat tydens studente se eerste studiesemester geneem word, is gedurende die eerste semester van 2004 saamgesmelt. Net so is vakke behorende tot die tweede semester van studie tydens die tweede semester van 2004 saamgesmelt. Met samesmelting word bedoel dat die vakke nou eenvormig gefasiliteer word en deur identiese assesseringsgeleenthede geassesseer word. Sommige vakke was moeiliker om saam te smelt en daar is nog steeds enkele vakke waar die proses nie afgehandel is nie. Dit het na die perfekte tyd gelyk om fasiliteerders aan die verskeidenheid UGO-gedrewe assesseringstrategieë bekend te stel en die gebruik daarvan aan te moedig.

## 1.2 MOTIVERING

Assessering behoort 'n natuurlike en positiewe aktiwiteit in 'n fasiliteerder se daaglikse roetine te wees. Lester en Kroll (1991: 283) voer aan dat duidelike riglyne met betrekking tot verwagtinge, vereistes en assesseringsmetodes aan leerders gekommunikeer behoort te word. Om negatiewe gevoelens jeens wiskundeprestasie te verhoed, beweer Cherkas (1992: 85) die volgende:

*Being right or wrong in mathematics carries enormous emotional baggage with it. To enable students to shed this baggage, teachers must empower students to make mistakes and encourage them to accept being wrong as a normal part of the learning process.*

Menige navorser het al die belangrikheid van spesifieke assesseringsopleiding beklemtoon. Fasiliteerders behoort na optimale assessering (Jones & Barnard, 1996; Kruger, 1974; Strauss, 1990) te streef. Kontemporêre assesseringstrategieë in wiskunde sluit aspekte soos inisiatief, selfvertroue en gewilligheid om in groepsverband te funksioneer, in (Foxman, Ruddock & Thorpe, 1989).



UGO kan slegs suksesvol geïmplementeer word as geskikte assesseringsriglyne bestaan en nagevolg word (Singh, 2003: 40). Deurlopende assessering (DASS) word bo 'n enkele summatiewe assessering in die vorm van 'n eksamen verkies (Pretorius, 1998: 52).

Die Departement van Onderwys voer vervolgens die volgende aan:

*Assessment consists of a task or series of tasks set in order to obtain information about a learner's competence. These tasks could be assessed in a variety of ways using different techniques throughout the learning process. Continuous assessment will include tests and examinations but will also rely on learners' portfolios, self and peer assessment, projects and a range of other methods to measure achievements of outcomes* (Department of Education, 1997a: 13).

Een van die grootste tekortkominge van UGO is dat opvoeders verskillende interpretasies van UGO het. Jansen (1999: 210-211) het drie verskillende gedragspatrone by opvoeders, ten opsigte van die implementering van UGO waargeneem, naamlik dat:

- opvoeders niks anders as tevore gedoen het nie;
- opvoeders C2005 met UGO as riglyn vir hul eie persoonlike onderwysstelsel gebruik het, en
- opvoeders se implementering voortdurend tussen die nuwe vereistes en die gevestigde onderwyskonvensies wissel.

'n Bykomende faktor wat die suksesvolle implementering van UGO verhinder, is 'n gebrek aan *COLT (Culture of Learning and Teaching)* wat in baie histories-agtergeblewe skole teenwoordig is (Masitsa, 1995: 21). Killen (1998: 19) meen dat die UGO-benadering fasiliteerders sal aanmoedig om goed voor te berei, want UGO vereis goeie beplanning en voorbereiding. Ek meen dat fasiliteerders (veral by plaasskole) reeds sukkel om die vakinhoud te bemeester, omdat hulle moontlik nie genoegsame opleiding ontvang het nie. Sodanige fasiliteerders sal poog om die implementering van UGO te vermy. Die risiko om leerders in

groepsverband oor 'n onderwerp te laat saampraat, is groot, indien die fasiliteerder nie met die inhoud vertrou is nie.

By TUT het opvoeders in die Fakulteite Ingenieurswese en Natuurwetenskappe nog nie hul wiskundefasilitering en/of assessering by UGO-beginsels aangepas nie.

Die studente wat tans by ons van die sekondêre skole af arriveer, beskik oor 'n ander verwagting van assessering as wat hulle aantref. Hulle is aan portefeuljes, joernale, breinkaarte en soortgelyke aktiwiteite gewoond, maar vind dat nie een van daardie metodes by die meeste tersiêre instansies in wiskunde gebruik word nie. Ons dra dus by tot die vreemdheid wat hul reeds ervaar.

Die doelstelling van die onderhawige studie is om die aard, doel en effektiwiteit van tersiêre assessering van wiskunde en wiskunde-ondersteunde vakke by TUT te bepaal. Die oogmerk is ook om deur middel van intervensies 'n praktyksverbetering teweeg te bring. Aangesien wiskunde oorwegend as diensvak vir ander departemente aangebied word, is dosente van die Fakulteite Ingenieurswese en Natuurwetenskappe wat vakke doseer wat op wiskunde steun, by die onderhawige studie betrek. Wiskunde word op ses kampusse aangebied, naamlik Arcadia, Pretoria, Soshanguve, Ga-Rankuwa, Nelspruit en Witbank.

### **1.3 PROBLEEMSTELLING**

Minimale aandag is aan die opleiding en voorbereiding van tersiêre opvoeders vir die implementering van UGO bestee. Baie min opvoeders implementeer uitkomsgerigte assessering (UGA) in tersiêre wiskunde. Binne drie jaar gaan UGA ten volle in skole geïmplementeer wees. Wat kan gedoen word om tersiêre wiskundefasiliteerders se kennis en vaardighede met betrekking tot UGA uit te bou en te verbeter?

Die navorsing fokus op die volgende primêre navorsingsvrae:

- In watter mate word UGA-strategieë op 'n effektiewe en volhoubare wyse by TUT se wiskundeonderrig geïmplementeer?
- Sal tersiêre wiskundefasiliteerders verbonde aan TUT bereid wees om UGA te implementeer?

Die primêre navorsingsvrae sal deur die volgende sekondêre vrae ondersteun en aangevul word:

- In watter mate word UGA-strategieë in vakke wat op wiskunde steun by TUT geïmplementeer?
- Hoe beïnvloed die ekologie van TUT die implementering van UGA?
- Watter ander moontlike faktore beïnvloed die vlak van implementering van UGA by TUT?
- Het enige van die wiskundefasiliteerders by TUT toepaslike en toereikende opleiding in die implementering van UGA ontvang?
- Watter implikasies kan die onderhawige studie moontlik vir die assesseringsbeleid by TUT inhou?

Ter wille van ondubbelsinnigheid, sal alle relevante terme gedefinieer word<sup>1</sup>.

#### **1.4 BELANG VAN DIE STUDIE**

Gedurende die ondersoek van die primêre en sekondêre navorsingsvrae, wil ek

- die implementering van UGO en UGA in tersiêre wiskunde naspur en beoordeel;
- 'n verslag saamstel om die assesseringstrategieë in tersiêre wiskundeonderrig te beskryf, te identifiseer en te prioritiseer;

---

<sup>1</sup> Kyk paragraaf 1.5 vir die definisies van relevante terme.

- bruikbare kennis genereer, wat ook vir ander dissiplines soos kurrikulumontwerpers, eksaminatore en veranderingsagente<sup>2</sup> bruikbaar sal wees; en
- tot die nasionale en internasionale literatuur met betrekking tot assessering van tersiêre wiskunde 'n bydrae lewer.

Ek sal ook aanbevelings met betrekking tot die implementering van UGA in tersiêre wiskundeassessering maak.

### **1.5 DEFINIËRING VAN DIE TITEL EN VERKLARING VAN RELEVANTE TERME**

Wetenskaplike en populêre literatuur dui daarop dat UGO 'n groterwordende effek op leerders het, op 'n direkte en indirekte wyse (Jansen, 1999: 145-156). Die gebrek aan dissipline en hulpbronne wat steeds by sommige skole teenwoordig is (Rooi, 2003: 2), dra tot onderprestasie by, veral in vakke soos wiskunde en wetenskap.

In die onderhawige proefskrif sal sommige van die algemene besware en kommer met betrekking tot die aard, doel en effektiwiteit van tersiêre wiskundeassessering onder die loep geneem word. Assessering en verskillende assesseringstrategieë kan moontlik 'n bepalende rol in verbeterde prestasie in wiskunde speel.

In die onderhawige studie wil ek assesseringstrategieë beoordeel en vergelyk en aanbevelings met betrekking tot die effektiwiteit en bruikbaarheid van verskillende assesseringstrategieë vir tersiêre wiskundeonderrig maak.

---

<sup>2</sup> Hierdie term word gebruik om persone wat verandering in die diverse konteks van besighede en instansies bestuur, te beskryf.

Die volgende definisies is geldig vir die doel van die onderhawige navorsingsprojek:

- aard

Die woord "aard" dui op "soort" in die konteks van die onderhawige studie. Die "soort" assessering wat plaasvind sowel as die "soort" vrae wat gevra word, is hier ter sprake (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit & Booyen, 1984: 13).

- doel

"Doel" dui op doeleindes wat 'n mens probeer bereik. Dit is iets waarna 'n mens strewe, 'n oogmerk. Met "doel" verwys ek dus na die oogmerk wat fasiliteerders met hul assessering het (Odendal *et al.* 1984: 161).

- effektiwiteit

"Effektief" beteken in die konteks van die onderhawige studie dat studente voordeel moet trek en dat fasiliteerders oor die vermoë moet beskik om studente op die bes moontlike manier te assesser. Effektiwiteit dui op doeltreffendheid (Odendal *et al.* 1984: 192).

- leerder/student

Ek is bewus van die praktyk om na skoolkinders as leerders, en na tersiêre persone as studente te verwys. In die onderhawige proefskrif gaan ek albei die terme gebruik om na mense wat deur 'n fasiliteerder begelei word, te verwys.

- onderwyser/dosent/fasiliteerder/opvoeder

Ek sal oorwegend van die term fasiliteerder gebruik maak, maar ander literatuur kan moontlik ander terme bevat. Al bogenoemde terme beteken die begeleier van leerders ter fasilitering van 'n leerproses.

- assessering versus evaluering

Die gebruik en betekenis van hierdie twee terme is al gedebatteer en verskillende mense definieer dit verskillend (Louw, 2003: 12; Slabbert, 2003). Vir die doel van die onderhawige studie word die term "assessering" vir die beskrywing, versameling en administrasie van 'n proses van puntetoekenning gebruik. "Evaluering" tipeer egter die produk van assessering, naamlik as 'n waardeoordeel ten opsigte van die student se bereiking van uitkomst gemaak word.

- grondig/grondigheid

In Engelse bronne word die terme *rich data* en *rich text* (en andere) dikwels gebruik. In 'n poging om 'n gepaste vertaling te vind, is besluit om die term "grondige" te gebruik. Grondig beteken nie oppervlakkig nie (Odendal *et al.* 1984: 326), maar eerder diepgaande en na die wesensaard van die saak of fenomeen.

- ekologie

Met "ekologie" verwys ek na die omgewingsleer van TUT. Odendal *et al.* (1984: 195) verklaar die term as "Verhouding van die lewende organismes tot hul omgewing". My definisie vir "ekologie" in die onderhawige studie is dus "die verhouding van die personeel en studente tot die instansie TUT; 'n saamgesmelte instansie".

- outentieke assessering

Met "outentieke assessering" bedoel ek die gebruik van akkurate assesseringstrategieë om die belangrike aspekte in opvoeding te meet en te spieël. Outentieke assessering is geloofwaardig, oorspronklik en onvervals.

- deurlopend

In die konteks van die onderhawige studie beteken die term "deurlopend" dat die gekose assesseringstrategie op voortdurende, voortgaande wyse uitgevoer word.

## 1.6 GEANTISIPEERDE PROBLEME

Daar is sterk kwalitatiewe momente in die onderhawige studie teenwoordig en waarneming is 'n prominente wyse van data-insameling. McMillan en Schumacher (2001: 429) beweer dat kwalitatiewe navorsing met geantisipeerde probleme begin wat gedurende die veldwerkstadium herformuleer word. Sulke probleme is gewoonlik algemene vrae oor 'wat', 'hoekom' en 'hoe' dinge gebeur.

Ek voorsien 'n paar moontlike probleme.

- Die neem van 'n steekproef kan problematies wees, want die instansie waar die onderhawige studie uitgevoer word, naamlik TUT, is midde in 'n samesmeltingsproses. Die meeste dosente is besig om sy/haar eie posisie te beskerm, en betrokkenheid by navorsingsprojekte en deelname aan vraelyste is laag op hul prioriteitslys. Ek is aangewese op die samewerking van departementshoofde wat ek nie ken nie, en wat in hul eie herstruktureringproses vasgevang is.
- Die verkryging van toegewyde samewerking van mededosente kan problematies wees. Ek gaan dit hanteer deur op die potensiële bydrae van elke respondent as medewerker te fokus. Fasiliteerders gaan nie as deel van die probleem beskou word nie, maar as deel van die verkryging van 'n oplossing. Ek wil hul vertroue wen en hulle nie met 'n bykomende werkslading belas nie.
- Die voltooiing en terugstuur van vraelyste kan moontlik 'n probleem word. Ek sal die voltooiingsproses met behulp van die verskillende departementshoofde fasiliteer om sodoende optimale samewerking te probeer verkry.

- Die onderhawige studie is op 'n plaaslike vlak en op 'n beperkte skaal uitgevoer wat veralgemenings van resultate sal beperk. Die veranderlikes sal egter so duidelik moontlik beskryf word om herhaling van die onderhawige studie moontlik te maak.

## 1.7 NAVORSINGSONTWERP

### 1.7.1 Navorsingsontwerp

'n Oogmerk van die onderhawige studie is om die assesseringspraktyke op die verskillende kampusse van TUT te evalueer, met die doel om doeltreffende strategieë aan fasiliteerders bekend te stel en die gebruik daarvan aan te moedig. Ek het van aksienavorsing gebruik gemaak, aangesien die ondersoek vanweë geïdentifiseerde probleme met betrekking tot assessering ontstaan het.

Cohen en Manion beskryf aksienavorsing op die volgende wyse:

*... essentially an on-the-spot procedure designed to deal with a concrete problem located in an immediate situation. This means that the step-by-step process is constantly monitored over varying periods of time and by a variety of mechanisms (questionnaires, diaries, interviews and case studies, for example) so that the ensuing feedback may be translated into modifications, adjustments, directional changes, redefinitions, as necessary, so as to bring about lasting benefit to the ongoing process itself (1980: 178).*

Zuber-Skerritt (1992a: 1-2) definieer aksienavorsing soos volg vanuit 'n opvoedkundige perspektief:


*... a collaborative, critical inquiry by the academics themselves (rather than expert educational researchers) into curriculum problems.*

Zuber-Skerritt (1992a en 1992b) voer oortuigend aan dat aksienavorsing 'n bruikbare wyse is om veranderinge en verbeteringe in opvoedkundige praktyke teweeg te bring. Sy gaan voort en betoog dat die deelnemers aan 'n aksienavorsingsprojek dikwels bemagtig word as gevolg van hul deelname aan die projek. Die model (figuur 1.1) waarmee Zuber-Skerritt (1995: 13) die



aksienavorsingsproses beskryf, het reeds 'n aantal wysigings sedert die ontstaan van aksienavorsing ondergaan.

**Figuur 1.1 Die sikliese aard van aksienavorsing**



Zuber-Skerritt (1995:13)

In die onderhawige studie wil ek onder meer ondersoekend met die fenomeen "assessering" te werk gaan. Die ondersoek berus op beperkte agtergrondkennis, wat tot verwagtinge en raaiskote lei, en wat op hul beurt tot steekproewe en opnames lei wat in 'n toenemende mate data genereer. Hierdie data is gebruik om afleidings te maak en patrone te vergelyk (Hodgkinson, 1998: 13). Ek het verskillende assesseringstrategieë ondersoek en sodoende 'n beter begrip van die aard, doel en effektiwiteit van assessering in tersiêre wiskunde bekom.

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is beskrywend, kontekstueel, ondersoekend en teoriegenererend van aard (Denzin & Lincoln, 1994: 224). Merriam (1988: 3, 7) en Morse (1994: 14) beskryf kwalitatiewe navorsing as 'n ondersoekende en grondige beskrywing van 'n fenomeen in sy/haar natuurlike omstandigheid. In tabel 1.1 word enkele karakteristieke eienskappe van kwalitatiewe navorsing teenoor die spesifieke doelwitte van die onderhawige studie gelys.

**Tabel 1.1 Karakteristieke eienskappe van kwalitatiewe navorsing en die toepassing daarvan in die onderhawige studie**

Karakteristieke eienskappe van kwalitatiewe navorsing	Toepassings in die onderhawige studie
'n Kwalitatiewe navorser	Ek het
gee grondige beskrywings van fenomene in hul natuurlike omstandighede (Merriam, 1988: 3,7 & Morse, 1994: 14);	die assesseringstrategieë wat deur wiskundedosente op die verskillende kampusse toegepas word, ondersoek en beskryf;
- kennis meer doeltreffend te behou;
- verbeterde integrasie tussen bestaande en nuwe kennis te bewerkstellig;
- verhoogde belangstelling deur middel van lewensgetroue probleme te wek;
- selfgerigte leer aan te moedig; en
- lewenslange leer te inisieer (Norman & Schmidt, 1992: 557).

Die kern van die benadering berus op die aanname dat leerders optimaal leer as hulle

- standpunte en menings met ander studente of met hul fasiliteerder kan deel;
- wiskunde verduidelik of na verduidelikings van ander studente luister;
- ontdek dat dit elkeen se reg is om foute te maak;
- "doen" in plaas van bloot "luister";
- toegelaat word om in groepe saam te werk; en
- wiskunde bemeester en leer omdat dit sinvol is (Maree, 2002: 201).

Die vak "wiskunde" open geleenthede vir leerders tot tersiêre studie, en in die huidige gees van regstelling en gelyke geleenthede, het die ANC-regering, in samewerking met die Departement van Onderwys, gepoog om wiskunde meer


toeganklik vir 'n groter groep leerders te maak, maar sonder grondige kennis kan daar nie sogenaamde hoërorde-denke en probleemoplossing plaasvind nie.

My ervaring is dat uitkomsgerigte assesseringstrategieë in die RSA selde op tersiêre vlak geïmplementeer word. Fasiliteerders maak steeds bykans eksklusief van toetse (in verskillende vorms en formate), take en eksamens gebruik, in 'n poging om studente se prestasie te kwantifiseer.

In hoofstuk drie word die begroning en filosofiese onderbou van die onderhawige studie bespreek.

## Hoofstuk 3

### KONSEPTUELE RAAMWERK EN FILOSOFIESE ONDERBOU



## HOOFSTUK 3

### KONSEPTUELE RAAMWERK EN FILOSOFIESE ONDERBOU

*Let's consider the system of education, as opposed to just classroom work. We need to be just as concerned about the context within which education takes place, and the 'how' of doing education as we are about teacher knowledge and performance (Coombe, 2001).*

#### **3 INLEIDING**

Assessering is 'n alledaagse aktiwiteit in die onderriggebeure, maar word verskillend deur akademiëci verwoord en geoperasionaliseer. Dit is moontlik om assessering deur verskillende lense te beskou. In 'n navorsingstudie soos die onderhawige, is dit van belang om die lens waarmee daar na 'n fenomeen gekyk word, aan die leser bekend te stel en te verklaar.

'n Konseptuele raamwerk is volgens Jansen (2004: 1) 'n hulpmiddel om sin uit data te maak. Indien 'n navorser vooraf 'n konseptuele raamwerk bepaal, kan die raamwerk hom/haar begelei om die data gefokus te hanteer. Dit is wel moontlik, maar nie gewens nie, om 'n verduidelikende konseptuele raamwerk na afloop van die data-insameling te formuleer.

Die sinvolheid van 'n konseptuele raamwerk is daarin vervat dat die raamwerk 'n navorsingstudie op 'n meer gesofistikeerde vlak plaas (Jansen, 2004: 1) en dit van 'n gewone narratief onderskei. 'n Konseptuele raamwerk sensibiliseer 'n navorser om data omsigtig te hanteer, terwyl sy/haar aannames oor die bepaalde onderwerp ondersoek word.

Die konseptuele raamwerk wat vir die onderhawige studie nuttig en geskik beskou kan word, bestaan uit verskeie komponente, naamlik die filosofiese en pedagogiese onderbou, sowel as verskeie aannames oor ontologie, epistemologie, antropologie en metodologie. Die beskouing van die voorgenoemde aspekte is sinvol om tot 'n omvattende begrip van die primêre en

sekondêre navorsingsvrae<sup>1</sup> te kom, en 'n denkraamwerk daar te stel waarbinne groter begrip bekom kan word.

### 3.1 FILOSOFIESE ONDERBOU

Thom (1973: 204) beweer die volgende:

*All mathematical pedagogy, even if scarcely coherent, rests on a philosophy of mathematics.*

In die filosofie van wiskunde word daar veral oor twee sake besin, naamlik die aard van wiskunde as vak, en die vraag oor hoe die filosofie van wiskunde die onderrig daarvan beïnvloed (Ernest, 1994: 1). Volgens Ernest (1994: 3) het Schwab (1978) vier belangstellingsareas in die navorsingsveld van die filosofie van wiskunde geïdentifiseer, naamlik:

- die wiskundeleerder;
- die wiskundefasiliteerder;
- die leermilieu; en
- die vak wiskunde.

In die onderhawige gedeelte sal ek enkele aannames onder die loep neem, waarmee ek my ten opsigte van die bogenoemde belangstellingsareas gaan posisioneer wat deur Schwab geïdentifiseer is.

#### 3.1.1 Ontologiese aannames

My ontologiese aannames moet my gedagtes rig met betrekking tot my aannames oor die aard van die "werklikheid" wat ek beskou.

---

<sup>1</sup> Kyk paragraaf 1.3 vir 'n volledige bespreking van die navorsingsvrae.

In die onderhawige studie sal ek met die verstaan van die werklikheid waarop ek fokus, naamlik assessering van die vak wiskunde, gemoeid wees. My begrip gaan egter van my wêreldbeskouing en my idees oor begrip as sodanig afhang (Cohen, Manion & Morrison, 2000: 3).

Ek wil my by Ernest (1994: 37) skaar en aanvoer dat dialoog en diskoers 'n belangrike deel van kennisverkryging, veral in wiskunde en die assessering van wiskunde, uitmaak.

Met betrekking tot assessering van verskillende vakgebiede en selfs van wiskunde, besef ek dat daar meervoudige realiteite vir verskillende fasiliteerders bestaan. Elkeen se realiteit word deur sy/haar eie epistemologie, ontologie en metodologie bepaal.

### 3.1.2 Antropologiese aannames

Antropologie (mensekunde) vorm ook 'n deel van die onderhawige studie. Die omgewing waarin mense hulle bevind, beïnvloed hul optrede, maar tegelyk is die omgewing dikwels die produk van menslike pogings en invloede (Joubert, in druk). Assessering is 'n menslike aktiwiteit met menslike oogmerke, en soms met verreikende gevolge vir mense se toekoms.

Ek wil deur middel van onderhoude insig in fasiliteerders se assesseringsbenaderings verkry. Na afloop van die intervensieslypskool<sup>2</sup> sal opvolg-onderhoude gevoer word om vas te stel of fasiliteerders enige wysigings in hul assesseringsbenaderings oorweeg of implementeer.

---

<sup>2</sup> 'n Intervensieslypskool word vir wiskundefasiliteerders en fasiliteerders uit die Fakulteit Ingenieurswese aangebied. Die hoofoogmerk is om fasiliteerders bekend te stel aan, en te sensibiliseer ten opsigte van vernuwende wiskundeaanbieding en outentieke wiskunde-assessering.



Ek aanvaar dat elke fasiliteerder en leerder uniek is, en daarom sekere assesseringsvoorkeure sal koester.

### 3.1.3 Epistemologiese aannames

Epistemologie is gemoeid met die basis van kennis – die aard en vorme, hoe kennis verwerf en aan ander mense gekommunikeer word. In opvoedkundige navorsing blyk epistemologiese aannames twee ekstreme punte op 'n meetskaal te verteenwoordig. Kennis word óf as hard, realisties en oordraagbaar in 'n tasbare vorm, óf as sag, subjektief, spiritueel met unieke, persoonlike insigte van die individu beskou. Ernest (1994: 42) beweer dat wiskunde oor 'n dialektiese en gespreksaard beskik.

My epistemologiese aannames word deur die aard van kennis en oordeel oor "waarheid" gevorm, en kan soos volg geformuleer word:

- Kennis is persoonlik, subjektief en uniek en maak my as navorser aktief by die navorsingsproses betrokke – 'n antipositiwis (Cohen, Manion & Morrison, 2000: 6). Lincoln en Guba (1985: 15) verwys in hierdie verband na 'n postpositiwis.
- My beskouing van kennis beïnvloed my metodologiese keuse (Mouton, 1996: 19). Ek kan kwantitatief, sowel as kwalitatief te werk gaan.
- Kennis word transaksioneel deur interaksie tussen mense en hul omgewing (ook tussen die navorser en die respondente) bekom.
- As navorser is ek genoop om volgens die epistemiese imperatief 'n morele verbintenis in my soeke na die waarheid aan te gaan. Ek sal my by waarheidsgetroue uitsprake van die werklikheid hou.
- My verbintenis tot 'n soeke na die beste passing tussen wetenskaplike uitsprake en die werklikheid, onderskei my metodologie van alle ander vorme van kennisproduksie (Mouton, 1996: 30).

- Die dualisme waarmee ek in die onderhawige studie moet rekening hou, is dat ek die vak wiskunde as 'n natuurwetenskaplike wil beskou, maar dat ek die assessering van wiskunde as sosiaal-wetenskaplike wil bestudeer (Walker & Evers, 1996: 174).

Die bogenoemde epistemologiese aannames toon dat ek van die kwalitatiewe én die kwantitatiewe navorsingsbenaderings in die onderhawige studie gebruik gaan maak.

#### 3.1.4 Metodologiese aannames

Cohen, Manion en Morrison (2000: 45) voer die volgende aan:

*The aim of methodology is to help us to understand, in the broadest possible terms, not the products of scientific inquiry but the process itself ... Research is best conceived as the process of arriving at dependable solutions to problems through the planned and systematic collection, analysis and interpretation of data.*

In die onderhawige studie wil ek fasiliteerders se assesseringsbenaderings probeer begryp en die doeltreffendheid en funksionaliteit daarvan probeer bepaal. Na afloop van die intervensieslypskool sal die effek van alternatiewe assesseringsbenaderings beskou word.

Aksienavorsing is as navorsingsontwerp gekies, aangesien dit onder meer die geleentheid tot 'n intervensie verskaf, en die sikliese aard daarvan die geleentheid vir meervoudige data-insameling daarstel.

Kwalitatiewe en kwantitatiewe data gaan ingesamel word en data-insamelingsmetodes sal doelmatig aangepas word om uiteindelik die praktyk wat ondersoek word, beter te verstaan.

Vervolgens wil ek Schwab (1978) (aangehaal deur Ernest, 1994: 3) se vierde belangstellingsarea, naamlik leermilieu, kortliks belig.

### 3.1.5 Leermilieu

Die onderhawige studie het betrekking op leerders wat ingenieurstudente of studente in chemie en analitiese chemie is. Hulle is volwassenes en woon nie noodwendig meer in hul ouerhuise nie. Die studente van twee verskillende kampusse van die Tshwane Universiteit van Tegnologie, is hier ter sprake, naamlik die Soshanguve-kampus en Pretoria-kampus. Die leermilieu op die twee kampusse verskil baie en dit sou as 'n beperking beskou kon word. Op die Pretoria-kampus is beter toegeruste lesinglokale, laboratoria, inwoongeriewe en 'n inligtingsentrum. Identiese kurrikula word gevolg en identiese assessering vind plaas, maar die fasilitering is dikwels nie identies nie. 'n Dosent op die Pretoria-kampus sal lesings byvoorbeeld digitaal per rekenaar aanbied, terwyl die eweknie op die Soshanguve-kampus slegs kryt en 'n skryfbord as hulpmiddel het. Hierdie aangeleentheid sal in 'n latere hoofstuk in meer besonderhede bespreek word.

Die voorgemelde beskouing van die filosofiese onderbou van die onderhawige studie sal nie volledig wees, tensy die filosofiese aannames te berde gebring word nie.

### 3.1.6 Filosofiese aannames

*But all that mathematics is still tricked out in, its absolute character and perfect accuracy, its generality and autonomy, in a word, its truth and eternity, all this (if I may be forgiven the expression) all this is pure superstition!* (Mannoury, 1947 in Beth & Piaget, 1966: 58).

'n Filosofie van wiskunde is vandag 'n gespesialiseerde akademiese en navorsingsveld, en stellings soos dié van Mannoury word nie meer vandag

gehoor nie. Sedert Pythagoras het die wiskundefilosowe gepoog om die bestaan van wiskunde en die aard van wiskundige voorwerpe te verklaar (Hersh, 1994: 11). Van die vrae wat gevra word, is: "Wat is die verhouding en die interaksie tussen doen en wees, tussen algoritme en entiteit?" Hierdie vraag toon onder meer dat 'n filosofie van wiskunde op die feit gegrondves is dat wiskunde as 'n menslike aktiwiteit gesien word.

'n Filosofie van wiskunde behoort egter wyd gesien te word en Ernest (1994: 10) verskaf 'n lys aspekte waaraan in die wiskundefilosofie aandag gegee moet word:

- Epistemologie (die aard, oorsprong en regverdiging van wiskundige kennis , en bewyse);
- Ontologie (die aard en oorsprong van wiskundige voorwerpe en verhoudinge met taal);
- Wiskundige teorieë (konstruktief en struktureel, hulle aard, ontwikkeling en waarde);
- Die toepassings van wiskunde (en verbande met ander kennisareas en waardes);
- Wiskundige praktyke en metodologie (insluitend die wiskundepraktyke en metodes tans en in die verlede); en
- Die leer van wiskunde (en die rol van kennisoordrag en kreatiwiteit).

Hersh (1994: 19) formuleer die volgende mening oor wiskunde:

*The study of lawful, predictable parts of the physical world has a name. The name is 'physics'. The study of the lawful, predictable, parts of the social-conceptual world has a name. The name is 'mathematics'.*

Ter verduideliking van die grondbeginsels aan die hand waarvan ek in die onderhawige studie lig op assessering wil werp, sal ek vervolgens my 'filosofiese'

vertrekpunt aantoon. My filosofiese vertrekpunt sentreer rondom drie sake, naamlik:

- wiskunde as menslike aktiwiteit;
- die leerder in sy/haar besig-wees-met wiskunde; en
- assessering as deel van die totale kurrikulumgebeure.

My vertrekpunt spruit uit die volgende stellings:

- Wiskunde is 'n menslike aktiwiteit en verskillende mense het verskillende hoeveelhede aanleg vir wiskunde (Orton, 1992: 114).
- In wiskunde word daaglikse harde werk vereis (Maree, 1997: 14) en die suksesvolle integrasie van nuwe inhoud berus op geïnternaliseerde voorkennis.
- Persoonlike ontwikkeling is een van die doelstellings van tersiêre studie, maar dit blyk dat die klem op prosesse eerder as inhoud geplaas word (Darkenwald & Merriam, 1982: 49).
- Leerders behoort gemaklik in individuele en groepsverband wiskundig te kan verkeer. Suksesvolle kommunikasie in wiskunde is dus van belang.
- Leerders moet begelei word om self- en eweknie-assessering toe te pas en sodoende bewus te wees van eie vordering. Hart (1994: 60) stel voor dat fasiliteerders 'n doelwitkontrak met leerders opstel. 'n Voorbeeld van so 'n doelwitkontrak is die volgende:

Alle leerders onderneem om:

- mekaar te respekteer en saam te werk;
- 'n oop gemoed vir nuwe idees en benaderings te hê;
- oor probleme te dink en te redeneer; en
- deursettingsvermoë in probleemoplossing aan die dag te lê.

- Assessering is 'n aktiwiteit wat deel van die totale kurrikulumgebeure uitmaak en moet gekenmerk word deur 'n proses wat
  - erkenning aan die feit verleen dat leerders op verskillende wyses en teen verskillende tempo's leer ;
  - leerders begelei om hul prestasie te verbeter;
  - fasiliteerders aanmoedig om op hul onderwyspraktyke te reflekteer (Beylefeld, 2002: 85).
  
- Assessering dien 'n kurrikulum as dit
  - bewyse daarstel om aan te toon dat voorafgestelde uitkomstebereik is;
  - deursigtige standaarde stel waarteen assesseringsbesluite geneem word; en
  - die uitslag van assessering aanwend om aanpassings en verbetering in prestasie teweeg te bring (Beylefeld, 2002: 86).

'n Uitdaging in die onderhawige studie is om vas te stel watter filosofiese onderbou my respondente vir assessering in stand hou en aanhang, en hoe hierdie begroning hul assesseringspraktyke beïnvloed.

Ek huldig die mening dat ondervinding, persepsies, oogmerke, standpunte en gevoelens van fasiliteerders holisties en geïntegreerd beskou sal word om die navorsingsvrae te kan hanteer. Hierdie benadering noop my byvoorbeeld om krities op alle aspekte van my navorsingsontwerp te let. 'n Enkele paradigma is nie voldoende nie. Ek besef dat die gekose paradigmas my studie sigbaar en onsigbaar gaan deursuur. Gedagtig aan die feit dat navorsingsresultate nie veronderstel is om absolute waarhede te verkondig nie, en aangesien ek 'n aksienavorsingsmodel volg, hoef ek nie te huiwer om 'n multiparadigmatiese benadering te volg nie. My multiparadigmatiese benadering word vervolgens toegelig.

### 3.1.6.1 Humanistiese paradigma

Volgens die HAT (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit, Booysen, 1984: 422) is humanisme

*'n wêreldbeskouing wat die menslike waardigheid, die vryheid en die waarde van die persoonlikheid vooropstel.*

Volgens die humanistiese paradigma word menslike potensiaal erken en 'n grondige leerbenadering voorgelê (Hiemstra, in Brockett, 1988: 184). Hierdie leerbenadering sluit by die fasiliteringstyl van wiskunde aan, want leerders se aanleg en potensiaal speel 'n rol in hul vordering. 'n Benadering waar leerders hul verworwe voorkennis prakties kan toepas, is geskik vir wiskundeonderrig.

Die redes<sup>3</sup> waarom ek die humanistiese paradigma insluit, is omdat ek

- die unieke potensiaal en aanleg van leerders erken en respekteer;
- 'n praktyk beoefen waar die omgewing die individu ondersteun en hom/haar nie tot 'n nommer negeer nie.

My volgende gekose paradigma is die progressiewe paradigma.

### 3.1.6.2 Progressiewe paradigma

Volgens die HAT (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit, Booysen, 1984: 861) beteken progressief om vooruitstrewend en op vooruitgang gerig te wees.

Hiemstra (in Brockett, 1988: 183) beweer dat die progressiewe paradigma die navorser in staat stel om 'waarhede'<sup>4</sup> deur middel van 'n studie van mense se behoeftes, ondervindings en werklikheidsbeskouings te ontdek. Hierdie ontdekking kan gemaak word deur op interverhoudinge en samewerkende uitbreidings van hierdie verhoudinge, asook fokusareas in navorsing te let. Die

<sup>3</sup> Die gebruik van die teksraampie impliseer dat die gedeelte spesifiek op die onderhawige studie van toepassing is en my eie opinie is.

<sup>4</sup> 'Waarhede' impliseer dat ek hier nie met vaste waarhede te doen het nie, maar waarhede wat tyd en ruimtelik gebonde is. Waarhede dui dus insigte aan.

progressiewe paradigma moedig leerbenaderings wat op 'n sigbare prestasie uitloop, aan.

Ek sluit die progressiewe paradigma in, omdat

- ek graag 'waarhede' deur middel van my studie van die assesseringspraktyke van kollegas in Ingenieurswese en Natuurwetenskappe wil ontdek;
- my studie op interverhoudinge en samewerking geskoei sal wees;
- ek graag wil meewerk om vooruitgang in assessering by die TUT te bewerkstellig.

### 3.1.6.3 Pragmatiese paradigma

Volgens die HAT (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit, Booyesen, 1984: 854) is pragmatisme

*die filosofiese rigting wat die waarde van 'n bewering uitsluitend volgens sy praktiese belang vir die mens beoordeel.*

Debate oor die pragmatiese aard van wiskunde het twee tendense wat prominent voorkom. Die eerste handel oor die aangeleentheid van modernisme versus postmodernisme, en die gepaardgaande implikasie dat wiskundekennis en wiskundetaal nie tydloos en universeel is nie. Tweedens hou die teoretisering wat in wiskundeonderrig plaasvind, wiskundekennis as 'n voorbeeld van suiwer rasonale kennis voor, wat kragtig op teoretiese en praktiese gebied kan meeding (Tsatsorini & Evans, 1994: 88). Inherent aan hierdie persepsie is die unieke verhouding tussen mag en kennis, wat wiskunde as suiwer rasonale vak in diskrediet gebring het, aangesien die mag van wiskunde nou die rasonale aard verdoesel (Tsatsorini & Evans, 1994: 88).



My redes vir die insluiting van die pragmatiese paradigma is die volgende:

- Ek beskou die menslike gebruik van wiskunde as hoofmerk in my onderrig.
- Ek huldig die mening dat ons ons in 'n postmodernistiese era bevind en dat kennis en insig nie vas en onveranderlik is nie.
- Ek erken en besef die mag wat wiskunde in ons hedendaagse lewe, byvoorbeeld as toelatingsvak tot tersiêre studie het. Leerders moet dus sover moontlik bemagtig word om hierdie vak te bemeester.

#### 3.1.6.4 Interpretierende paradigma

Die interpretierende aard van 'n kwalitatiewe ondersoek is uiters geskik om sin van 'n fenomeen deur die oë van die betrokkenes te maak. Ek aanvaar dat daar 'n verskeidenheid standpunte bestaan en dat verskillende persone die wêreld verskillend verstaan. Ek het daarop gefokus om die standpunte van die deelnemers aangaande die aard, doel en effektiwiteit van assessering te ontdek en te verstaan.

## 3.2 PEDAGOGIESE ONDERBOU

Ernest (1991: 289) voer aan dat daar 'n verband tussen epistemologie en pedagogiek bestaan. Ernest verduidelik hierdie verband deur "probleemoplossing" as onderrigstrategie toe te lig. Probleemoplossing is tans 'n aanbevole en gesogte onderrigstrategie in wiskunde. Fasiliteerders se eie probleemoplossingsvaardighede en onderrigbenaderings berus egter op hul eie veronderstellings oor wiskunde (Schoenfeld, 1985: 38). Navorsing toon dat fasiliteerders probleme moontlik te eng kan beskou, byvoorbeeld deur te glo dat daar slegs een korrekte oplossing vir 'n probleem is.

Die implementering van probleemoplossing as onderrigstrategie word ook problematies beleef. Studies het getoon dat fasiliteerders beweer dat hulle probleemoplossend te werk gaan, maar dat hulle lesings hoofsaaklik verduidelikend van aard is, met toepassingsprobleme wat bykomend gedoen word (Brown, 1986; Cooney, 1985; Thompson, 1984).

Die aard, doel en effektiwiteit van assessering in tersiêre wiskunde is pedagogies gefundeer. Gravemeijer (1994: 20) haal Thompson (1984) aan wat beweer dat enige filosofie rakende wiskundeonderrig uit drie dele bestaan, naamlik:

- veronderstellings oor wiskunde;
- veronderstellings oor onderrig en leer; en
- veronderstellings oor die opvoedkunde van wiskunde.

Die eerste twee van die bogenoemde drie dele van die filosofie van wiskundeonderrig word vervolgens bespreek, aangesien die opvoedkunde van wiskunde die oorkoepelende tema van die gedeelte is.

### 3.2.1 Konseptualisering van die begrip "wiskunde"

Freudenthal (1973) sien wiskunde as 'n aktiwiteit. Die aktiwiteit sluit probleemoplossing, op soek wees na probleme, organisering van vakinhoud, hetsy wiskundig of data uit die leefwêreld in. Volgens Freudenthal is die hoofaktiwiteit *mathematizing* van wiskunde-inhoud sowel as die realiteit (Gravemeijer, 1994: 82).

Volgelingen van die beweging vir *Realistic Mathematics Education* (RME) voer aan dat wiskunde *can and should be learned on one's own authority, through one's own mental activities* (Gravemeijer, 1994: 172).

Maree (1997: 14) verklaar wiskunde vanuit 'n ander oogpunt en voer die volgende aan:

*Die etimologies-semantiese analise van die woord "wiskunde" dui daarop dat die vak nie sonder harde werk, leer, ervaring, oefening, deeglike insig, 'n opregte begeerte om te wil leer, verantwoordelikheid, selfdissipline en volharding op 'n bykans daaglikse basis, bemeester kan word nie.*

Uit bogenoemde "definisies" blyk dit dat wiskunde nie met 'n passiewe ingesteldheid bemeester kan word nie.

Die tweede deel van 'n filosofie van wiskundeonderrig, naamlik "veronderstellings oor onderrig en leer" word vervolgens bespreek. Die begrippe "onderrig" en "leer" word vir die doel van die onderhawige studie afsonderlik beskou.

### 3.2.2 Die konseptualisering van onderrig

Daar bestaan 'n verskeidenheid benaderings tot onderrig en verklarings van onderrigparadigmas (Ebel & Frisbie, 1991: 27; Gravemeijer, 1994: 20). In tabel 3.1 het Viljoen (2005: 2) sy opsomming van onderwysparadigmas aan onderwyskomponente gekoppel, en die tabel dien as oriëntering vir die onderhawige hoofstuk.

Tabel 3.1 Onderwysparadigmas teenoor onderwyskomponente

Onderwys-paradigma	Transmissie	Transaksie	Transfor-masie	Transendentiaal
<b>Onderwys-komponent</b>				
<b>Doel</b>	Om kennis oor te dra	Om te verstaan	Om kennis toe te pas	Om kennis te genereer
<b>Onderwysmodus</b>	Direkte onderrig	Interaktiewe onderrig	"Projek"-onderwys	Fasilitering van leer
<b>Fokus</b>	Feitelike kennis	Verstaan van feite	Toepassing	Kreatiewe konstruksie van kennis
<b>Onderwysersaksie</b>	Vertel, illustreer, demonstreer, verduidelik	Stel vrae Bespreek	Gee opdragte, projekte, leiding, strukture, kognitiewe ondersteuning, hulp.	Konfronteer leerders met 'n uitdagende probleem wat hulle moet oplos.
<b>Verwagte leerderaksie</b>	Absorbeer, memoriseer, dril, inoefen	Beantwoord vrae, bespreek, verhelder	Eksploreer, ontdek, eksperimenteer	Konstrueer nuwe kennis kreatief.
<b>Leermodus</b>	Reseptief	Interaktief	Selfaktief	Selfgerig
<b>Leerder outonomie</b>	Geen	Min	Heelwat	Totaal
<b>Vlak van leer</b>	Kennis	Insig	Toepassing	Transendering
<b>Leeruitkoms</b>	Kognitief	Sosiaal	Veelvuldig	Holisties
<b>Uitkoms</b>	Kernkonsep-reproduksie	Kernkonsep-begrip	Verrykte kurrikulum	Beleefde werklikheid
<b>Leerkwaliteit</b>	Baie laag	Laag	Medium	Maksimum (vereiste)

Viljoen (2005: 2)

Tabel 3.1 is generies van aard, maar in die onderhawige studie word wiskunde as vakinhoud belig en daarom sal ek vervolgens op wiskundeonderrig konsentreer.

In die onderrig van 'n vak soos wiskunde, veral op tersiêre vlak, en aan die hand van tabel 3.1 is die beoogde fokus die kreatiewe konstruksie van kennis (transendentale paradigma). Wiskunde is egter 'n vak waar feitelike kennis (transmissie), die verstaan van feite (transaksie) en toepassings (transformasie) allereers teenwoordig moet wees, alvorens leerders die kreatiewe konstruksie van kennis kan bemeester.

Orton (1992: 164) haal Baroody (1987) aan wat hierdie feit bevestig as hy beweer:

*Understanding is actively constructed from within by relating information to what is already known or by noticing a relationship between previously known but isolated pieces of information ... Connecting new information to existing information ... is called assimilation ... New understanding can also occur by means of integration, connecting previously isolated bits of information.*

Dit is van belang dat fasiliteerders konseptuele raamwerke van die vakinhoud sal konstrueer om die leerders in die verstaan van die vakinhoud te begelei. My siening sluit by dié van Norman (1982: 14) aan as hy aanvoer dat ons as kurrikulumontwerpers só moet ontwerp dat leerders duidelike, bruikbare begripsmodelle sal kan ontwikkel. As fasiliteerders behoort ons konseptuele modelle te ontwikkel om leerders te begelei om toepaslike en toereikende begripsmodelle te ontwikkel.

Fasiliteerders word aangeraai om hul kennis van onderrigmodelle uit te brei, aangesien onderrigmodelle handige instrumente is om fasiliteerders te oriënteer en in hul onderrighandeling te rig. Die doel van 'n onderrigmodel is om die

aktiwiteite van die fasiliteerder te identifiseer en die verwantskap tussen hierdie aktiwiteite te beskryf (Ebel & Frisbie, 1991: 27).

Driscoll (2000: 364) tabelleer Gagné (1985) se nege onderriggebeure en die interne proses wat by die leerder moet plaasvind, asook die gepaardgaande aksies wat geneem moet word. In tabel 3.2 word hierdie nege onderriggebeure aangetoon.

**Tabel 3.2 Gagné se nege onderriggebeure en die geassosieerde prosesse**

<b>Interne proses</b>	<b>Onderriggebeure</b>	<b>Aksie</b>
Ontvangs	1 Verkry aandag.	Gebruik onverwagte stimulusverandering.
Verwagting	2 Deel doelwitte met die leerders.	Deel leerders mee wat hulle na afloop van die leerervaring sal kan doen.
Herwinning na werksgeheue	3 Stimuleer die aktualisering van voorkennis.	Vra vir die herroeping van voorkennis en voorheen geleerde vaardighede.
Selektiewe persepsie	4 Bied inhoud aan.	Vertoon die inhoud met eiesoortige kenmerke.
Semantiese dekodering	5 Verskaf "leerbegeleiding".	Stel 'n betekenisvolle organisering voor.
Belangstelling ( <i>responding</i> )	6 Ontlok werkverrigting ( <i>performance</i> ).	Versoek leerders om te werk ( <i>perform</i> ).
Herbevestiging	7 Verskaf terugvoer.	Verskaf ingeligte terugvoer.
Herwinning en herbevestiging	8 Assesseer prestasie ( <i>performance</i> ).	Versoek bykomende werkverrigting van leerders.
Herwinning en veralgemening	9 Bevorder retensie en oordrag (toepassings).	Verskaf gevarieerde oefeninge en deurlopende hersiening.

Uit Driscoll (2000: 364) aangepas

Ter afsluiting van hierdie afdeling oor die konseptualisering van wiskundeonderrig word Ernest (1991: 124) se weergawe van die doelstellings van wiskundeonderrig voorgehou. Dele van die onderhawige lys is uit die verslag van Her Majesty's Inspectorate (1985: 2-6) ontleen. Leerders behoort in hul beoefening van wiskunde aandag te skenk aan:

- wiskunde as essensiële element van kommunikasie;
- wiskunde as kragtige instrument;
- die vakkundige verhoudinge wat in wiskunde bestaan;
- die fassinerende aspekte van wiskunde;
- die verbeelding, inisiatief en soepel denke wat wiskunde vereis;
- die sistematiese werkswyse wat in wiskunde vereis word;
- die grondige studie van wiskunde; en
- selfvertroue in eie wiskunde vermoëns.

Ek ondersteun bogenoemde doelstellings van wiskundeonderrig en streef daarna om daagliks hierdie doelstellings tydens my lesings te verwesenlik. Ek geniet leerders se verbasing as ons fassinerende aspekte van wiskunde bespreek en ek moedig onafhanklike sowel as samewerkende wiskundebeoefening aan.

Vervolgens word die tweede deel van "veronderstellings oor onderrig en leer", naamlik "leer" onder die loep geneem.


### 3.2.3 Die konseptualisering van leer

Hoewel die begrippe "onderrig" en "leer" in die onderhawige hoofstuk afsonderlik bespreek word, is hulle nie skeibaar in die totale kurrikulumgebeure nie. In die konseptualisering van leer sal leeruitkomst, leerteorieë en wiskunde vermoëns beskou word.

### 3.2.3.1 Leeruitkomste

Gravemeijer (1994: 150) verwoord die invloede wat op leerresultate inspeel en figuur 3.1 stel dit skematies voor. In die UGO-woordeskat kan "resultate" met "uitkomste" vervang word.


**Figuur 3.1 Direkte invloede op leeruitkomste**



Uit Gravemeijer (1994: 150) aangepas

'n Fasiliteerder behoort al hierdie invloede op leeruitkomste te verreken en sy/haar tyd só te beplan dat leeruitkomste wel bereik word. Huba en Freed (2000: 108) stel in figuur 3.2 die totale onderwysgebeure diagrammaties voor. In hierdie diagram word aangetoon dat leeruitkomste deel van 'n baie groter geheel uitmaak.



**Figuur 3.2** Leeruitkomst as deel van die totale onderwysgebeure

Huba en Freed (2000: 108)

Orton (1992: 24-36) noem vier kognitiewe kategorieë wat by die verwesenliking van leeruitkomst betrokke is, naamlik:

- retensie en herroeping;
- algoritmes;
- leerkonsepte; en
- probleemoplossing.

Hierdie vier kognitiewe kategorieë is in 'n hegte verhouding met mekaar en kan nie in isolasie gesien word nie.

Huba en Freed (2000: 153) verwys na die leerdergesentreerde paradigma<sup>5</sup> en meld die belangrike rol van aktiewe leer by die leerder en terugvoer by die

<sup>5</sup> Kyk tabel 2.5, paragraaf 2.2.4.5 vir die eienskappe wat in hierdie paradigma voorkom.

fasiliteerder. Leerders moet veral leer om terugvoer te implementeer om hul prestasie te verbeter. Huba en Freed (2000: 153) stel die voorgaande soos volg:

*Through grades, we convey messages to our students about our judgment of their work; their work is excellent, very good, satisfactory, unsatisfactory, or failing. This is helpful information for students to have, but alone, it gives them little direction as to what to do next. In other words, **test scores and grades help professors and students monitor learning, but they do little to promote learning.***

Fasiliteerders behoort deur middel van diagnostiese assessering seker te maak dat leeruitkomste wel bereik is, anders moet alternatiewe maatreëls ingespan word om die leeruitkoms te bereik.

Fasiliteerders kan baat vind by kennis aangaande leerteorieë, aangesien dit hul keuses op verskeie terreine positief kan beïnvloed.

### 3.2.3.2 Leerteorieë

Alle fasiliteerders beskik oor 'n persoonlike leerteorie. Sommige fasiliteerders mag dalk onder die indruk wees dat hulle nie 'n bepaalde leerteorie aanhang nie, maar indien hulle fasilitering waargeneem word, word hulle leerteorie aan die waarnemer duidelik. Sulke fasiliteerders is onbewus van hulle eie leerteorie of hulle kan dit nie verwoord nie. 'n Nuwe leerteorie neem bykans 25 jaar voordat dit 'n opvoedkundige praktyk word, en dan vervang dit nie vorige teorieë nie, maar kompeteer met voriges (Bigge & Shermis, 2004: 3).

Volgens Bigge en Shermis (2004: 3) is 'n leerteorie

*a systematic integrated outlook in regard to the nature of the process whereby people relate to their environments in such a way as to enhance their ability to use both themselves and their environments in a most effective way.*

Die literatuur aangaande leerteorieë bevat 'n verskeidenheid teorieë wat spesifiek op wiskunde betrekking het, maar die onderhawige studie het nie ten doel om die verskeidenheid teorieë te vergelyk of te evalueer nie. Daar is volstaan met 'n definisie van 'n leerteorie, die rol van leerteorieë in die totale kurrikulumgebeure, en 'n opsomming van elf belangrike leerteorieë met die opvoedkundige implikasies daarvan, soos deur Bigge en Shermis (2004: 8-9) gesien.

Akademici het die begrip "leer" aangaande verder verfyn en Ausubel (1968: 36) verwys byvoorbeeld na *meaningful learning* en definieer dit as

*a process through which new knowledge was absorbed by connecting it to some existing relevant aspect of the individual's knowledge structure. If there were no relevant concepts already in the mind to which new knowledge could be linked, the new knowledge would have to be learned by rote and stored in an arbitrary and disconnected manner. If new knowledge was assimilated within the existing knowledge structure as a related unit, and if appropriate modification of prior knowledge (accommodation) took place, the result was meaningful learning.*

Die rol van 'n leerteorie is om onder meer die fasiliteerder se onderrig te rig en te lei. In die konstruktivistiese leerteorie word byvoorbeeld klem op leerders se eie konstruksie van kennis geplaas, en kan 'n fasiliteerder dus nie verduidelikende lesings aanbied nie. Lochhead (1985) in Orton (1992: 163) beweer dat hy in die nuwe kognitiewe wetenskap opmerk dat kennis nie as 'n oordraagbare entiteit gesien kan word nie. Kennis is iets wat elke leerder self moet konstrueer. Die persepsie van kennis as 'n individuele konstruksie, word konstruktivisme genoem.

'n Laaste aspek in die konseptualisering van wiskundeleer is wiskundeaanleg en daar word vervolgens lig op wiskundeaanleg gewerp.

### 3.2.3.3 Wiskundeaanleg

'n Leerder se wiskundeaanleg kan wiskundeleer beïnvloed. Orton (1992: 114) haal Krutetskii (1976) aan wat beweer dat wiskundige aanleg nie aangebore is nie, maar eienskappe is wat in die loop van 'n mens se lewe op grond van 'n sekere geneëntheid bekom word. Sommige mense het aangebore vermoëns in die funksionele eienskappe van hulle breine wat gunstig vir die ontwikkeling van wiskundige vaardighede is. Elkeen kan egter 'n gewone wiskundige word, maar dis net die uitsonderlik talentvolle wiskundiges wat oor 'n aangebore vermoë beskik.

Krutetskii (Orton, 1992: 114) definieer wiskunde vermoëns as 'n individueel psigologiese eienskap wat aan die eise van die aktiwiteite van skoolwiskunde beantwoord. Wiskunde vermoëns beïnvloed ook leerders se sukses in die kreatiewe bemeestering van skoolwiskunde ten opsigte van kennis, vaardighede en gewoontes

Leerders behoort nie aan die hand van hul skoolprestasie in wiskunde gekategoriseer te word nie, aangesien leerders se graad 12-punt vir wiskunde nie noodwendig die ware situasie reflekteer nie (Gerber, 2005: 14). Hierdie oënskynlik gebrekkige wiskundekennis waarmee leerders by tersiêre instansies aankom, vorm juis die kern van probleme wat tans in tersiêre onderwys ondervind word.

Huba en Freed (2000: 60) haal Brookfield (1995) aan wat aanvoer dat fasiliteerders leerders se selfbewussyn en selfkennis ter wille van leerders se persoonlike groei moet uitbrei.

Assessering as uitvloeisel en verantwoording van onderrig word vervolgens toegelig.

### 3.2.4 Assessering as deel van die totale kurrikulumgebeure

Assessering is breedvoerig in hoofstuk twee onder die loep geneem. Ter konseptualisering van die term "assessering" sal daar kortliks op enkele aspekte van die assesseringsproses gelet word.

Assessering vind plaas om te verhoed dat leerders doelloos voortgaan sonder die wete of hulle uitkomst bemeester het of nie. Indien 'n fasiliteerder die beste assesseringstrategie wil bepaal, behoort die volgende vrae gevra te word (Van der Horst & McDonald, 1997: 207):

- Fokus die assessering op dit wat belangrik en van waarde is, en wat die leerder nodig het om sukses in die toekoms te behaal?
- Bemagtig die assesseringsproses leerders deur bruikbare inligting te verskaf wat 'n betekenisvolle verskil sal maak?
- Word assesseringsuitslae regverdig, betekenisvol en op 'n bemagtigende wyse aangewend?
- Sluit die assesseringsproses meervoudige strategieë in wat die leerders in staat stel om die leeruitkomst op 'n verskeidenheid aanvaarbare wyses te demonstree?
- Verskaf die assesseringsproses genoeg inligting aan die fasiliteerder rakende die onderrigeffektiwiteit?

Assessering behoort nie slegs gebruik te word om leerders se akademiese prestasie te kwantifiseer nie, maar behoort die basis vir opvolgaktiwiteite te vorm. "Wat moet vervolgens gebeur?" en "Waarheen nou?" is vrae wat na afloop van assessering gevra behoort te word. Assessering is bruikbaar vir remediërende werk, sowel as promosie-instrument. Assessering is dus 'n begeleidende aspek van effektiewe onderrig.

Volgens Lajoie (1995: 28) moet die assesseringsinstrumente 'n diepgaande perspektief op leer kan verskaf. Sy glo dat 'n fasiliteerder ten minste drie assesseringsinstrumente moet insluit om 'n geïntegreerde beeld van 'n leerder se vermoëns te bekom.

Lajoie (1995: 30-31) stel enkele beginsels voor waarvolgens outentieke assessering geoperasionaliseer kan word. Outentieke assessering behoort

- meervoudige aanduidings dat leer in die kognitiewe en konatiewe domein plaasgevind het, te voorsien. In die kognitiewe domein moet assessering kennis van inhoud, struktuur van kennis en inligtingprosessering insluit. In die konatiewe domein moet leerders se belangstelling in en uithouvermoë ten opsigte van probleme, sowel as hul begrip van hul prestasievermoëns om te presteer, in ag geneem word;
- relevant, betekenisvol en realisties te wees;
- van maatstawwe en puntetoekennings, toepaslik vir die assesseringstaak, voorsien te wees;
- geëvalueer te word om vas te stel of die assessering tot verbeterde instruksie gelei het, in ooreenstemming met gestelde standaarde is, en aantoon wat leerders weet.
- ras, etnisiteit, kulturele vooroordele, geslagsgelykheid en aanlegvooroordele in ag te neem;
- 'n integrale deel van die klaskameraktiwiteite te wees;
- tussen individuele en groepsontwikkeling te differensieer;
- maniere daar te stel om individuele groei in groepsverband te assessee.

Ek sluit die kontekstualisering van assessering met tabel 3.3 (Huba & Freed, 2000: 224) af waarin die kenmerke van assesseringstake beskryf en verduidelik word.

**Tabel 3.3 Die kenmerke van assesseringstake**

Kenmerke	Verduideliking
Geldig	Verskaf bruikbare inligting om leeraktiwiteite te rig .
Samehorig	Word so gestruktureer dat aktiwiteite tot verlangde prestasie of 'n produk lei.
Outentiek	Gee aandag aan swak gedefinieerde probleme/aangeleenthede wat voortduur of ontstaan.
Nougeset	Vereis die gebruik van verklarende, prosedurele en metakognitiewe kennis ( <i>declarative, procedural, and metacognitive knowledge</i> ).
Boeiend	Prikkel studentebelangstelling en uithouvermoë.
Uitdagend	Prikkel, sowel as evalueer studenteleer.
Respekvol	Laat leerders toe om hul uniekheid te toon.
Responsief	Verskaf terugvoer aan leerders wat tot verbeterings lei.

Uit Huba en Freed (2000: 224) aangepas

### 3.3 SINTESE

Die voorgenoemde aannames en konseptualiserings maak dit vir my moontlik om my "intellektuele legkaart" te vorm en uit te bou. Ek doen dit onder meer deur middel van die vermenging van my deelnemers se perspektiewe en my eie perspektiewe. My "antwoorde" sal nie slegs kwantitatief meetbaar wees nie, maar in die realiteit van my deelnemers ingebed wees.

#### 3.3.1 Kritiese refleksie op die konseptuele raamwerk

##### 3.3.1.1 Filosofiese onderbou

My konseptuele raamwerk vertoon 'n komplekse aard, aangesien opvoedkundige ideologieë nie van 'n fundamentele epistemologie en etiese norme geskei kan word nie. Ek besef dat elke student en respondent se realiteit deur hul eie epistemologie, ontologie en metodologie medebepaal word. Ek hou ook rekening met die feit dat elke persoon uniek is en dus unieke voorkeure met betrekking tot assesseringspraktyke sal hê. Laastens erken ek die dualisme in my studie,

naamlik dat wiskunde as vak in die natuurwetenskappe tuishoort, terwyl die assessering van wiskunde 'n sosiaal-wetenskaplike aangeleentheid is.

### 3.3.1.2 Pedagogiese onderbou


My eie probleemoplossingsvaardighede en onderrigbenaderings berus op my veronderstellings oor wiskunde. Ek beskou wiskunde as 'n aktiwiteit waarvoor 'n sekere ingesteldheid 'n voorveronderstelling is. Om suksesvol in wiskunde te wees, behoort leerders hard te werk, gereeld wiskunde te oefen en deeglike insig in die inhoud van wiskunde te verkry. Leerders behoort verder verantwoordelikheid, selfdissipline en volharding aan die dag te lê om suksesvol in wiskunde te wees.

Ek beskou die onderrighandeling van wiskunde as 'n aktiwiteit waartydens ek sekere kennis oordra, leerders sekere inhoude verstaan en kennis toepas met die doel om nuwe kennis te genereer.

In hoofstuk vier sal die navorsingsmetode, naamlik aksienavorsing, en die data-insamelingstrategieë breedvoerig bespreek word. Assessering sal ook toegelig word.



## NAVORSINGSONTWERP



## HOOFSTUK 4

### NAVORSINGSONTWERP

*If the gap between theory and practice is wide, action research can be the way to begin to build a bridge across the gap (Price, 2001: 57).*

#### **4 INLEIDING**

Die navorsingsontwerp van die onderhawige studie word in hierdie hoofstuk in oënskou geneem. Die hoofstuk neem 'n aanvang deur 'n epistemologiese oorskou van die filosofie wat die navorsing ten grondslag lê, te bied. Die besondere benadering wat die onderhawige studie onderlê, word daarna uiteengesit. Die oorsprong, definisies en kenmerke van aksienavorsing word bespreek, met verwysing na onder meer kwaliteitskriteria (geldigheid en betroubaarheid) en etiese oorwegings. Ek bespreek ook die gemengde-metode-ontwerp wat binne die aksienavorsingsbenadering aangewend word. Spesifieke verwysing na die problematiek van die samesmelting van drie voormalige Technikons en die omvang van die diversiteit wat op verskillende kampusse aangetref word, word deurgaans in die teks verwoord. Data-insamelingstrategieë en instrumente word bespreek, waarna die hoofstuk met 'n kort oorsig oor die statistiese prosedures wat uitgevoer is, afgesluit word.

#### **4.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE**

##### **4.1.1 Agtergrond**

Een van die bydraende faktore wat op die aard, doel en effektiwiteit van wiskundeassessering inspeel, is die feit dat die instansie waar die onderhawige studie plaasvind, met 'n samesmeltingsproses besig is. Die oogmerk van die samesmelting was transformasie, maar die praktiese uitvoering van die samesmelting het etlike negatiewe en problematiese aspekte na vore gebring.

Elke instansie het onder meer oor 'n eie leerkultuur beskik, en die problematiek met betrekking tot samesmelting is onderskat. Onderrig vind op verskeie kampusse plaas en wiskunde gaan onder besondere beperkinge gebuk.

Op die Soshanguve-kampus bevind die dosente wat wiskunde doseer hulle in 'n spesifieke diensdepartement, by name die Departement Fisiese Wetenskappe, wat wiskunde, statistiek en fisika as diensvakke aan ingenieurs- en natuurwetenskapstudente bied. Die hoogste vlak van wiskunde wat aangebied word, is S4 ('n kode vir die vierde semester van studie). Hierdie wiskundekursus (S4) word vir BTech-studente wat Elektriese Ingenieurswese bestudeer, aangebied.

Op die Arcadia-kampus is ook 'n wiskundedepartement, by name die Departement Wiskundige Tegnologie. Hierdie departement lewer diens aan die natuurwetenskapstudente wat op die Arcadia-kampus gesetel is, asook die Inligtingstegnologiestudente wat op die Pretoria-kampus gesetel is. Die vermelde departement bied wiskunde tot op MTech-vlak aan, sowel as statistiek en kwaliteitsbestuur op diplomavlak.

Op die Pretoria-kampus is daar nie 'n departement vir wiskunde nie, en die wiskundedosente bevind hulle in die verskillende departemente van ingenieurswese. Daar is dus een of meer wiskundedosente in elk van die departemente vir elektriese, meganiese en siviele ingenieurswese.

Die spesifieke problematiek is dat alle departemente na die samesmelting eenvormigheid met betrekking tot aanbieding en assessering moes bereik. Elke vak moes identiese aanbiedings en assesseringsgeleenthede op alle kampusse skep. Vanweë groot afstande tussen sommige kampusse is kommunikasie en eenwording bemoeilik.

Ek het na afloop van my studente se eerste geïntegreerde eksamengeleentheid besef dat daar 'n aantal aspekte rakende assessering is wat dringend aandag behoort te ontvang. Ek plaas 'n groot premie op regverdigheid en vereenselwig my met die stelling wat McNiff, Lomax en Whitehead (1996: 12) maak, naamlik dat:

*Your intention as an action researcher would be to bring about a situation that was congruent with your value position.*

Hoewel assessering een van die belangrikste aktiwiteite van 'n fasiliteerder is, word onvoldoende klem op opleiding in hierdie aktiwiteit geplaas. Nogtans meen die meeste fasiliteerders dat hulle assessering suksesvol toepas<sup>1</sup>. Huba en Freed (2000: 66) stel 'n aantal vrae aan die hand waarvan assessors oor die effektiwiteit van hul assessering kan reflekteer, naamlik:

- Hoe sou jy jou fakulteit se gesindheid jeens assessering bestempel?
- Hoe betrokke is jy by assesseringspogings in jou instansie?
- Wat het jy al geleer?
- Wat weet jy van effektiewe assessering?
- Hoe ondersteun administrateurs in jou instansie effektiewe assessering?

Bogenoemde vrae belig 'n aantal probleme in die onderhawige situasie:

- Die wiskundedosente op die Pretoria-kampus rapporteer aan die Fakulteit Ingenieurswese, terwyl die ander wiskundedosente aan die Fakulteit Natuurwetenskappe behoort. Hierdie dualisme veroorsaak probleme met betrekking tot assessering. Die ingenieursdosente verkies byvoorbeeld deurlopende assessering, terwyl die natuurwetenskapdosente summatiewe assessering aan die hand van eindeksamens wil skryf. Ten opsigte van albei modi blyk daar voor- en nadele te wees. Daar bestaan meriete in albei stelsels, asook verskillende interpretasiemoontlikhede vir albei modelle.

---

<sup>1</sup> Kyk bylaag 4A vir 'n uittreksel uit 'n getranskribeerde onderhoud met 'n fasiliteerder.

- Tydens onderhoude met fasiliteerders het dit geblyk dat hulle begrip van effektiewe assessering gebrekkig is<sup>2</sup>. Op die vraag hoekom fasiliteerders dink dat hulle assessering effektief is, het antwoorde soos "Ek werk hard" en "Ek weet wat ek wil hê" na vore gekom.
- Administrateurs is nie tans ten volle betrokke by assessering nie, aangesien baie tyd aan die samesmeltingsaktiwiteite bestee word. Assessors en moderators word nie na behore ondersteun om assessering op 'n optimale vlak te laat funksioneer nie (Voges, 2005).

Ek het na aanleiding van 'n vorige navorsingsprojek (Louw, 2003) onder die indruk van die omvang van wiskundeangas by studente gekom. Ek het dus besef dat toetse en eksamens nie deurgaans 'n gewenste vorm van assessering is nie. Hierdie kennis, sowel as my siening van regverdigte assessering, het my genoop om ondersoek in te stel na assesseringspraktyke aan die Tshwane Universiteit vir Tegnologie (TUT) met die oog op die verbetering van huidige praktyke.

Tersiêre fasiliteerders is nie voldoende opgelei om uitkomsgerigte assessering doelmatig uit te voer nie. Feitlik geeneen van die wiskundefasiliteerders by TUT skakel uitkomsgerigte assessering as deel van hulle assesseringstrategieë in nie. Gedurende 2008 gaan die inskakeling van UGO in sekondêre skole voltrek wees<sup>3</sup> en gaan alle leerders wat vir tersiêre studies aanmeld, aan die UGO-omgewing gewoond wees. Vrae soos die volgende ontstaan nou: Wat kan gedoen word om tersiêre wiskundefasiliteerders se kennis en vaardighede met betrekking tot uitkomsgerigte assessering (UGA) te verbeter? Hoe kan fasiliteerders aangemoedig word om hul assesseringstrategieë meer werklikheidsgetrou te maak?

---

<sup>2</sup> Kyk voetnota 1.

<sup>3</sup> UGO word in 2006 na graad 10 uitgebrei en sal dus in 2008 volledig tot op graad 12-vlak ingeskakel wees.

#### 4.1.2 Die primêre fokus

Die primêre fokus van die onderhawige studie is om die aard, doel en effektiwiteit van assessering in tersiêre wiskunde te bepaal, maar aangesien wiskunde as diens aan ander departemente aangebied word, gaan klantdepartemente by die onderhawige studie betrek word. Klantdepartemente sluit onder meer die meeste departemente in die Fakulteite Ingenieurswese in.

### 4.2 DIE NAVORSINGSPROBLEEM

Die navorsing word deur die volgende primêre navorsingsvrae gerig:

- In watter mate word UGA-strategieë/werklikheidsgetroue assessering in sekere departemente van TUT toegepas?
- Sal tersiêre opvoeders in die Fakulteite Ingenieurswese en Natuurwetenskappe gewillig wees om UGA-strategieë te implementeer?

Die volgende sekondêre navorsingsvrae vloei uit die twee vermelde primêre navorsingsvrae voort, naamlik:

- Hoe beïnvloed 'n fasiliteerder se kennis van UGA die implementering daarvan by TUT?
- Watter ander faktore beïnvloed die implementering en gehalte van UGA?
- Hoe gaan ek by gekose tersiêre fasiliteerders van TUT toepaslike belangstelling gewek kry om die implementering van UGA aan te moedig?

Vervolgens word die oogmerke van die onderhawige studie in oënskou geneem.

### 4.3 DIE OOGMERKE VAN DIE ONDERSOEK

Die primêre oogmerk van die onderhawige navorsing waarvoor ek in die proefskrif verslag doen, is om die aard, doel en effektiwiteit van assessering in tersiêre wiskunde by TUT te ondersoek. Die doelstellings wat uit die primêre oogmerk voortvloei, is onder meer om

- fasiliteerders se assesseringstrategieë te bepaal en krities te beskou;
- fasiliteerders die geleentheid te bied om hul ingesteldheid jeens UGO en UGA te verwoord;
- kennis te neem van die positiewe en/of negatiewe gevoelens wat fasiliteerders jeens UGO koester, en daaraan erkenning te verleen;
- UGA se voordele en waarde as assesseringstrategie na vore te bring;
- fasiliteerders aan alternatiewe assesseringstrategieë bekend te stel met 'n uitnodiging om die nuwe metodes op die proef te stel; en
- fasiliteerders se 'nuwe' assesseringspogings te monitor en te boekstaaf.

Op vrae soos die volgende sou ek antwoorde moes kry: Hoe kan al die bogenoemde oogmerke verwesenlik word? Hoe kan samewerking met kollegas verseker word? Sal fasiliteerders openlik en eerlik met my wees? Sal fasiliteerders bereid wees om nuwe idees in hul assesseringsplan in te skakel? Ter beantwoording van onder meer die bogenoemde vrae, het ek aksienavorsing in samehang met ander komplementerende metodes as navorsingsmetode vir die onderhawige studie gekies.

### 4.4 DIE NAVORSINGSBENADERING: AKSIENAVORSING

Die primêre benadering wat in die onderhawige studie gevolg is, is aksienavorsing. In die volgende paragrafe gee ek kortliks die oorsprong, definisies en kenmerke van aksienavorsing. Die gemengde metode (*mixed method*), wat 'n groot invloed op my studie uitgeoefen het, word daarna belig. Die

hoofstuk word met 'n volledige bespreking van die benadering en metodologieë, insluitend die statistiese prosedures wat gevolg is, afgesluit.

#### 4.4.1 Die oorsprong en definisie van aksienavorsing

Aksienavorsing spruit uit die sosiale studies van Kurt Lewin in die veertigerjare. Lewin se formulering van aksienavorsing het aspekte soos verandering deur aksie, versigtige insameling van inligting en die evaluering daarvan, eerder as hipoteseformulering getoon (Noffke, in Feldman, 1994: 84). Hierdie benadering was anders as die tendens van die tyd. Lewin wou verandering/verbetering teweeg bring en nie bloot data insamel en dan daaroor skryf nie (Steyn, 2003: 135).

Hoewel Lewin aanvanklik nie sy metode in opvoedkunde toegepas het nie, het sy kenmerkende spiraalproses in die opvoedkunde inslag gevind. In die sewentigerjare het die onderwyser-as-navorsers-beweging in Brittanje ontwikkel, maar die resultaat van die navorsing was meestal verklarend van aard (Emerson, 1999). Die onderwysers se interpretasies het eers later belangrik geword (Steyn, 2003: 136).

Zuber-Skerritt (1992a: 1) voer die volgende redes aan waarom aksienavorsing suksesvol in 'n opvoedkundige milieu toegepas kan word. Zuber-Skerritt beweer vervolgens dat aksienavorsing instrumenteel is, waar akademici aan tersiêre instansies

- hul leer- en onderwyspraktyke verbeter en professioneel groei;
- grondige teorieë formuleer en sodoende kennisuitbreiding teweeg bring; en
- uitmuntende onderwys dokumenteer (Zuber-Skerritt, 1992a: 1).

Hodgkinson en Maree (1998: 51) waarsku opvoeders teen bepaalde wanopvattinge rakende aksienavorsing:



*Vir die beginnervorsers mag dit voorkom of aksienavorsing iets is wat enige professionele opvoedings- en opleidingspraktisyn as roetine-aktiwiteite uitvoer. Dit mag ten dele waar wees, maar aksienavorsing vereis noukeuriger en strenger beplanning en implementering, observasie en evaluasie as wat 'n mens normaalweg van onderwysers en opleiers verwag.*

Die literatuur bied verskeie definisies van aksienavorsing. Ter wille van bondigheid gaan ek die definisies waarby ek aanklank vind, tabelleer.

**Tabel 4.1 Definisies van aksienavorsing**

Outeur	Definisie
Zuber-Skerritt, (1992b: 1-2)	<i>[Action research is a] collaborative, critical inquiry by the academics themselves (rather than expert educational researchers) into their own teaching practice, into problems of student learning and into curriculum problems. It is professional development through academic course development, group reflection, action, evaluation and improved practice.</i>
Kriel, (1993: 33)	<i>AR is a form of educational research in which the participants engage in a critical process of deconstructing the values, assumptions and interests underlying social practice to uncover different understandings of reality and existing power relations. The process is not "objective", "value-free" or "neutral" and the aim is not for an "expert" to construct theories which others have to implement. It could rather be describes as praxis in which there is a reflexive and dialectical relationship between reflection an action, and where emancipation and transformation are made possible through such interaction.</i>
Tripp, (1990: 151)	<i>Strategic critical pedagogic action on the part of the classroom teachers, aimed at increasing social justice.</i>
Elliot, (1991a: 52)	<i>Action research improves practice by developing the practitioner's capacity for discrimination and judgement in particular complex human situations ... [it] develops practical wisdom, that is, the capacity to discern the right course of action when confronted with particular, complex and problematic states of affairs.</i>

Mills, (2003: 2)	<i>Action research, like any other problem solving process, is an ongoing creative activity that exposes us to surprises along the way. How we deal with the uncertainty of the journey positions us as learners of our own craft, an attitude that is critical to our success.</i>
Noffke, (1997: 2)	<i>The term in its broadest sense refers to research conducted in a field setting with those actually involved in that field, often alongside an 'outsider', into the study of questions influenced by practitioners rather than solely by 'experts'</i>
Dadds, (1995: 135)	<i>By its nature, definition and purpose, action research is oriented towards change, towards doing something useful with the knowledge gained through the research process.</i>
Altrichter, Kemmis, McTaggart, & Zuber-Skerritt, (1991: 7)	<i>Action research is about people reflecting upon and improving their own practice, by tightly interlinking their reflection and action, and making their experiences public to other people concerned by and interested in the respective practice.</i>
Grundy & Kemmis, (1988: 87)	<i>Action research is research into practice, by practitioners, for practitioners ... In action research, all actors involved in the research process are equal participants, and must be involved in every stage of the research ... The kind of involvement required is collaborative involvement. It requires a special kind of communication ... which has been described as 'symmetrical communication', ... which allows all participants to be partners of communication on equal terms ... Collaborative participation in theoretical, practical and political discourse is thus a hallmark of action research and the action researcher.</i>
McMillan & Schumacher, (2001: 20)	<i>Action research involves teachers using research methods to study classroom problems. A teacher conducts the study or has an important role in the research process.</i>
Oja & Smulyan, (1989: 1)	<i>The application of tools and methods of social science to immediate, practical problems, with the goals of contributing to theory and knowledge in the field of education and improving practice in schools.</i>

Cohen & Manion, (1994: 186, 192)	<i>... an on the spot procedure designed to deal with a concrete problem located in an immediate situation ... The process is constantly monitored over varying periods of time ... ensuing that the feedback may be translated into modifications, adjustments, directional changes, redefinitions ... no attempt is made to identify one particular factor and study it in isolation, divorced from the context giving it meaning.</i>
Kemmis en McTaggart, (1988: 5)	<i>Action research is a form of collective self-reflective inquiry undertaken by participants in social situations in order to improve the rationality and justice of their own social or educational practices, as well as their understanding of these practices and the situations in which these practices are carried out.</i>
McNiff, Lomax, Whitehead, (1996: 3)	<i>Action research, as a form of morally committed action, knows no boundaries other than those that the individual practitioner wishes to construct.</i>

Deur die navorser saamgestel

#### 4.4.2 Die gebruike van aksienavorsing

McNiff, Lomax en Whitehead, (1996: 7-11) onderskei vyf tipes gebruike vir aksienavorsing, naamlik:

- **Praktisynnavorsing**

Individue voer die navorsing uit en sodoende word die idee van "navorsing" deursigtig, aangesien praktisyns ontdek dat navorsing 'n middel ter verbetering van hul eie leefwêreld is. 'n Goedbeplande aksienavorsingsprojek kan bydra tot

- persoonlike ontwikkeling;
- verbeterde professionele praktyk;
- verbeteringe in die instansie waar jy werk; en
- die goeie orde van die samelewing.

- **Goeie professionele praktyk**

Goeie professionele praktyk beklemtoon die aksie, maar bevraagteken selde die motiewe vir die aksie. Aksienavorsing bestaan uit *praxis*, eerder as praktyk. *Praxis* is ingeligte, toegewyde aksie wat kennis voortbring, en nie net uit

suksesvolle aksie bestaan nie. *Praxis* is ingelig, want dit neem mense se opinies in ag. Dit is toegewy aan en toegespits op die waardes wat aangehang en gedebatteer kan word. Laastens bring dit kennis aangaande en vir die opvoedingsterrein na vore.

- Aksie en navorsing

Kemmis en McTaggart (1988: 7) verwoord die aksie soos volg:

*The linking of the terms action and research highlights the essential feature of the method: trying out ideas in practice as a means of improvement and as a means of increasing knowledge ...*

Die idee van "aksie" word ook deur Elliot (1991: 11) weerlê as hy aanvoer dat aksienavorsing oor verbeterde praktyk, eerder as kennisproduksie handel. McNiff *et al* (1996: 10) reken dat die woord "kennis" op verskillende wyses geïnterpreteer word, aangesien navorsing bykans altyd die een of ander vorm van kennisverbreiding teweeg bring.

- Navorsing as bydraend tot kennis

Bassey (1995: 3-4) definieer die kennisaspek soos volg:

*Knowledge means understandings about events and things and processes; it includes descriptions, explanations, interpretations, value orientations, as well as knowledge of how these can be arrived at; in other words it includes knowledge that something is the case and knowledge how to do something; it includes theory-in-the-literature as well as the personal theory of individuals which has not been articulated in writing.*

Aksienavorsers kan dus daarop aanspraak maak dat hulle iets relevant het om te sê en deur ander in die openbare arena as bruikbaar beskou sal word. Verder kan aksienavorsers aanvoer dat hulle die nodige bewyse het om te staaf wat hulle beweer.

- Navorsing as professionele ontwikkeling

Sommige 'kenners' beskou die aspek van professionele ontwikkeling as 'n beperkende faktor van aksienavorsing en nie 'n addisionele bonus nie. Lomax

(1990b: 10) sien professionele ontwikkeling as 'n positiewe uitvloeisel en integrale deel van aksienavorsing, en voer die volgende aan:

*... action research is a way of defining and implementing relevant professional development. It is able to harness forms of collaboration and participation that are part of our professional rhetoric but are rarely effective in practice ... [it] ... starts small with a single committed person focusing on his/her practice. It gains momentum through the involvement of others as collaborators. It spreads as individuals reflect on the nature of their participation, and the principle of shared ownership of practice is established. It can result in the formation of a self-critical community; extended professionals in the best sense of the term.*

Bogenoemde aanhaling verwys na onderwysers, maar die beginsels kan na alle professies deurgetrek word. In die onderhawige studie het ek as individu die stimulus as inisieerder verskaf. My kollegas het egter spoedig die nut van die studie ingesien en hrt deurgaans hul heelhartige samewerking gegee. Aangesien hierdie studie ter gedeeltelike vervulling van my PhD plaasgevind het, moes ek noodwendig 'n prominente rol speel.

My eie definisie van aksienavorsing soos ek dit tydens my opleiding in die Australia – South Africa Linksprogramme in 2000 geformuleer het, was soos volg:

*It is a group of people sharing a common problem that they investigate critically to come up with a solution to this problem. The way they go about is to plan action to solve the problem, then reflect on the outcome of their action and redesign their action if needed to. The whole process can then be repeated for as many times as needed to get the desired result. Their findings are made known to the public by presenting it and/or publisize it (Louw, 2000: 91).*

Ek formuleer vervolgens my definisie vir aksienavorsing soos dit deur middel van refleksie op my eie praktyk gegroei het:

Aksienavorsing is 'n kollektiewe poging deur persone wat 'n gemeenskaplike 'probleem' geïdentifiseer het en deur middel van aksie die situasie wil regstel/verbeter. Praktykverbetering, persoonlike groei en uitbreiding van kennis vorm 'n integrale deel van die proses.

## 4.4.3 Die kenmerke van aksienavorsing

In tabel 4.2 word sekere van die wesenskenmerke van aksienavorsing weergegee. Hierdie kenmerke is uit verskeie navorsers se menings saamgestel.

Tabel 4.2 Die kenmerke van aksienavorsing

Kenmerk	Beskrywing
Situasioneel	Aksienavorsing hou met diagnose en probleemoplossing in 'n spesifieke konteks verband (Cohen & Manion, 1994: 186).
Medewerkend	Aksienavorsing behels meestal (dog nie noodwendig nie) 'n span fasiliteerders of navorsers (Cohen & Manion, 1994: 186).
Deelnemend	Die aksienavorser is nie 'n kenner van buite wat inligting by respondente versamel nie. Die navorser word as 'n medewerkmener gesien wat navorsing <b>met</b> die betrokke mense, <b>vir</b> die mense ter oplossing van hul spesifieke probleem doen (Zuber-Skerritt, 1992b: 12-13).
Krities	Deelnemers soek nie net na praktiese verbetering in hul eie werk nie, maar tree as agente op om verandering in die omgewing teweeg te bring en word in die proses self ook verander (Zuber-Skerritt, 1992b: 14).
Selfevaluerend	Aksienavorsing behels die deurlopende evaluering van die veranderingsproses. Die finale oogmerk is praktykverbetering (Cohen & Manion, 1994: 186).
Aanspreeklik	Aksienavorsing verseker kontinue kwaliteitsverbetering en het 'n ingeboude aanspreeklikheid in elke fase van die aksienavorsingsproses (Zuber-Skerritt, 1997 III-3: 15).
Prakties en teoreties	Aksienavorsers poog om die twee hoofogmerke van aksienavorsing, naamlik praktykverbetering en verhoogde kennis te versoen. Hierdie aktiwiteit behels 'n sikliese proses waar elke fase op die vorige gebaseer is en die volgende fase vorm (Winter, 1989: 11). Die fokus op plaaslike praktyke verskaf onmiddellike verandering in die praktyk en ontwikkeling van plaaslike teorieë (Willcoxson, 1994: 93).

Interpreterend	Sosiale ondersoek behoort nie bloot die navorser se positivistiese uitsprake, wat op korrekte of foutiewe antwoorde gebaseer is, te verwoord nie. Uitsprake behoort eerder op die deelnemers se sieninge en interpretasies geskoei te wees (Zuber-Skerritt, 1992b: 13).
Fasiliterend	Aksienavorsing verleen aan fasiliteerders 'n platform vanwaar hulle eienaarskap en beheer oor hul onderwyspraktyk op 'n selfhandhawende wyse kan neem. Onderrig- en opleidingspraktisyns, wat by klaskamernavorsing betrokke is, vind dit meer bevredigend as wanneer opvoedkundige navorsers abstrakte teorieë produseer (Zuber-Skerritt, 1997 III-3: 15).
Ontwikkend	Aksienavorsing kan tot die professionaliteit van tersiêre fasiliteerders bydra. Volwaardige professionaliteit behels demonstrasie van kwaliteit in onderrig. Sodanige kwaliteit kan uit navorsing voortvloei as die fasiliteerder sy/haar praktyk op die resultaat van die navorsing skoei (Zuber-Skerritt, 1997 III-3: 15).
Kontinu	Die taak is nie voltooi as die projek eindig nie. Die deelnemers beskou, hersien en verbeter steeds hul uitvoering van die praktyk (Bell, 1987: 5).

Uit Steyn (2003: 139) aangepas


Ek het in die onderhawige studie<sup>4</sup> die moontlike probleem van ontoereikende assesseringspraktyke in wiskunde **situasioneel** by Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT) opgemerk. Die ondersoek is **deelnemend**, met die hulp van kollegas en studente uitgevoer, deur die bestaande praktyke **krities** te **valueer**. Ek moes gereeld van die **praktiese en teoretiese aspekte** van die projek **rekenskap** gee. Hierdie **ondersoek in my onderwyspraktyk** het waarskynlik tot **professionele ontwikkeling** gelei. Die proses van verbetering is **kontinu**, aangesien ek steeds 'n kritiese ingesteldheid jeens die onderwysaangeleentheid openbaar.

<sup>4</sup> Die gebruik van die teksraampie impliseer dat die gedeelte spesifiek op die onderhawige studie van toepassing is.

#### 4.4.4 Relevante modelle vir aksienavorsing

Lewin (1948) het eerste op die sikliese aard van aksienavorsing gewys, maar sedertdien is verskillende vorme van aksienavorsing nagevors. Zuber-Skerritt (1992a, 1992b) het self aanpassings aan haar diagrammatiese voorstelling van aksienavorsing gemaak. Die voorstelling van aksienavorsing, wat op die eerste wêreldkongres van aksieleer, aksienavorsing en prosesbeheer (ALARPM) uit die werk van Kemmis en McTaggart (1982: 8) aanvaar is, het afwaartse spirale getoon, soos uit figuur 4.1 blyk.

**Figuur 4.1** Embleem van die eerste wêreldkongres van ALARPM




Kemmis en McTaggart (1982: 8)

Die embleem is vervolgens verander, sodat die pyle sywaarts keer. Dit word in figuur 4.2 weergegee.




**Figuur 4.2 Tradisionele spirale van aksienavorsing**



Zuber-Skerritt (1992b: 13)

Zuber-Skerritt (2000a: 73) het intussen besluit dat die spirale boontoe moet beweeg om groei aan te dui. Die model sien dus nou soos volg daar uit:

**Figuur 4.3 Die spirale van aksienavorsing**



Zuber-Skerritt (2000a: 73)

Hoewel aksienavorsing siklies van aard is, het sommige van die vroeëre aanhangers van aksienavorsing ander uitbeeldings nagevolg. Elliot in Ebbutt (1985: 165) se voorstellings word wel siklusse genoem, maar dit dui meer op stadia, en is deur Ebbutt (1985: 166) as 'n swak voorstelling van siklusse

gekritiseer. Ebbutt en vele ander (Hodgkinson, 1998: 128-133) het hul eie voorstellings van aksienavorsing gemaak.

Na aanleiding van persoonlike gesprekke met Zuber-Skerritt (2004/2005) gaan ek in die onderhawige studie met die genoemde modelle volstaan.

#### 4.4.5 Die navorsingsontwerp vir die onderhawige studie

In die onderhawige studie is daar sterk aanklank by Zuber-Skerritt (1992b: 13) se viermoment-aksienavorsingsmodel gevind. Die genoemde model sluit die volgende aktiwiteite in:

**Tabel 4.3 Die viermoment-aksienavorsingsmodel**


<b>Moment</b>	<b>Beskrywing</b>
Beplanning	Analiseer die probleem. Doen strategiese beplanning.
Optrede	Implementeer die strategiese plan.
Waarneming	Evalueer die aksies deur toepaslike metodes en tegnieke.
Refleksie ( <i>Reflect</i> )	Bepeins die resultate van die evaluering. Bepeins die totale aksie. Bepeins die navorsingsproses. Identifiseer 'n nuwe probleem. Begin 'n nuwe siklus van beplanning, optrede, waarneming en refleksie.

Uit Zuber-Skerritt (1992b: 11) saamgestel

Die gekose model vir die onderhawige studie is op Zuber-Skerritt se 1997-aksienavorsingsmodel (figuur 4.3) gebaseer, aangesien die model funksioneel en toepaslik is.

In die onderhawige studie word vier siklusse gerapporteer, naamlik semester een van 2004, semester een van 2005, semester 2 van 2005 en semester 1 van 2006. Ek het 'n diagram saamgestel om die aktiwiteite voor te stel (figuur 4.4).

**Figuur 4.4 Navorsingsbenadering van die onderhawige studie**



Deur die navorser opgestel.

## 4.4.6 Aktiwiteite in die aksienavorsingsproses

Die aktiwiteite wat in die onderhawige studie ter uitvoering van die navorsingsprojek plaasgevind het, word in tabel 4.4 weergegee.

**Tabel 4.4 Aksienavorsingsaktiwiteite van die onderhawige studie**

Aktiwiteit	Beskrywing
Beplanning	Analiseer die probleem. Identifiseer die visie, algemene idee en verlangde uitkoms. Formuleer 'n algemene konsep van die verbeterde praktyk. Stel die vrae waarvoor antwoorde gevind moet word. Bestudeer die relevante literatuur. Verfyn die vrae van die navorsingsprobleem. Kies die navorsingsprosedure, metodologie en instrumente. Kies die evalueringprosedures: kwalitatief en kwantitatief. Prioritiseer en definieer die verloop en orde van take en aktiwiteite. Definieer die intervensie.
Optrede	Identifiseer die prestasiekriteria. Implementeer die intervensie.
Waarneming	Neem die effek waar. Versamel die bewyse. Neem kennis van die probleme en foute, sowel as van suksesse en innovasie. Klassifiseer en analiseer die data.
Reflektering	Assesseer die resultate. Beoordeel die effektiwiteit van die intervensie. Bepeins die totale aksie van die projek. Beoordeel die koste-effektiwiteit. Maak aanbevelings. Identifiseer die verdere aspekte wat nagevors behoort te word. Begin 'n nuwe siklus (gewysigde/nuwe projek).

Uit Hodgkinson (1998: 136) aangepas

Die aksienavorsingsaktiwiteite word deur die einddoel van aksienavorsing gerig, naamlik die verbetering van die bestaande praktyk en 'n bydrae tot kollektiewe kennisbesit (Hodgkinson & Maree, 1998: 51).

#### 4.4.7 Metodologieë in die onderhawige studie

Zuber-Skerritt (1997, III-3: 15) voer aan dat aksienavorsing verskillende dinge vir verskillende mense beteken. Vir haar is aksienavorsing meer as net 'n tegniek, dis 'n metodologie, 'n filosofie en 'n leerteorie. Sy glo dat elke aksienavorser sy/haar eie teoretiese onderbou behoort daar te stel. Vir die onderhawige studie bied tabel 4.5 die raamwerk waarbinne die onderhawige studie figureer.

**Tabel 4.5 Teoretiese raamwerk vir die onderhawige studie**

Opvoedkundige doelstelling	Leerteorieë	Metodologiese aspekte
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Om die aard, doel en effektiwiteit van assessering in tersiêre wiskunde te bepaal;</li> <li>• Om die fasiliteerders se gewilligheid om UGA te implementeer, vas te stel; en</li> <li>• Om voorbeelde van UGA-metodes aan fasiliteerders voor te hou en hulle te motiveer om dit te toets.</li> </ul>	Assesserings- benaderings; -omgewings; -teorieë UGA werklikheidsgetroue assessering	Biografiese data Akademiese data My semigestruktureerde vraelyste Onderhoude Fokusgroeponderhoude Statistiese prosesse

Deur die navorser saamgestel

#### 4.4.8 Kwaliteitskriteria vir aksienavorsing

Die konsepte interne en eksterne geldigheid is in hoofstuk een<sup>5</sup> behandel. Bykomend identifiseer Altrichter en Posch (in Feldman, 1994: 89) vier kwaliteitskriteria vir aksienavorsing, naamlik:

<sup>5</sup> Kyk paragraaf 1.9.

#### 4.4.8.1 Die opweeg van ander alternatiewe

Insigte waartoe in 'n studie gekom word, behoort aan die perspektiewe van ander navorsers gemeet te word. Navorsers behoort aanverwante navorsing met die resultate van hul eie ondersoeke te vergelyk.

#### 4.4.8.2 Praktyktoetsing

Navorsingsresultate behoort in praktiese situasies getoets te word.

#### 4.4.8.3 Etiese regverdiging

Die navorsingsproses behoort toepaslik vir opvoedkundige oogmerke en versoenbaar met die beginsels van menslike interaksie te wees.

#### 4.4.8.4 Praktiese aanpasbaarheid

Die navorsingsproses en die ondersoekinstrumente behoort sodanig gestruktureerd te wees dat professionele navorsers die ondersoek sonder bykomende tydsbesteding kan herhaal.

Ek het verskeie soortgelyke studies gelees, maar kon nêrens 'n studie vind waarin tersiêre assessering van ingenieursvakke by instansies wat saamgesmelt het, beskou is nie. Ek het sover moontlik vergelykings tussen my studie en studies uit die literatuur getref. My studie was deurgaans op die praktyk gerig en in die praktyk getoets. Ek het baie klem op opvoedkundige oogmerke gelê en seker gemaak dat ek menslike interaksie korrek fasiliteer. Ek het die onderhawige studie só aangepak en uiteengesit dat 'n ander navorser dit met gemak sal kan dupliseer.

Die voorgenoemde vier beginsels, wat deur Altrichter en Posch voorgestel is, het op die volgende wyse in die onderhawige studie inslag gevind:

- 'n Literatuurstudie het nie soortgelyke studies opgelewer nie, maar ek het op alternatiewe perspektiewe met betrekking tot spesifieke aspekte van die onderhawige studie gelet.

- Aangesien die onderhawige studie deurgaans in die praktyk plaasgevind het, was praktyktoetsing deurgaans aan bod.
- Etiese regverdiging was vir my van die uiterse belang. Die respondente is nie as blote objekte beskou nie, maar is deurgaans regverdig en openhartig behandel.
- Die onderhawige studie is kwalitatief en kwantitatief, en die ondersoekinstrumente word deeglik beskryf, sodat die onderhawige studie met gemak herhaal sou kon word.

#### **4.5 NAVORSINGSONTWERP: GEMENGDE-METODE-ONTWERP**

Ek het in die onderhawige studie van die gemengde-metode-ontwerp gebruik gemaak, aangesien die twee benaderings mekaar komplementeer. Met "gemengde metode" verwys ek nie slegs na verskillende data-insamelings-tegnieke nie, maar meer bepaald na 'n kombinasie kwantitatiewe en kwalitatiewe data-insamelingstegnieke.

Kwantitatief gesien sou ek my studie as 'n nie-eksperimentele, maar beskrywende studie tipeer. Kwalitatief beskou sou ek my studie as 'n enkelentiteit-gevallestudie beskou (McMillan & Schumacher, 2001: 36). Ek fokus slegs op die aard, doel en effektiwiteit van assessering by TUT. My respondente is wel uit twee fakulteite afkomstig, maar ek beskou die onderhawige studie steeds as 'n enkel entiteit, aangesien identies institusionele voorskrifte vir albei fakulteite geld.

Die gemengde-metode-ontwerp is 'n ontwerp waartydens kwalitatiewe en kwantitatiewe data gelyktydig ingesamel word en saam aangewend word om die navorsingsvraag te belig. 'n Voorvereiste is dat die navorser se gekose kombinasie metodes oor komplementerende krag moet beskik en nie oorvleuelende swakhede nie (Kelsey, 2005: 1).

Aangesien aksienavorsing dikwels 'n pragmatiese inslag het, was die gemengde-metode-ontwerp, wat tipies 'n pragmatiese inslag het, komplementêrend tot die onderhawige studie (Smit, 2004: 2).

Die sterkpunte van die gemengde-metode-ontwerp wat my aangemoedig het om die ontwerp toe te pas, was onder meer die vermoë om 'n volledige beeld van die navorsingsprobleem te verkry. Die metode maak dit moontlik om kwantitatiewe data in 'n kwalitatiewe studie te gebruik.

Die onderhawige studie is grootliks kwalitatief en die visuele uitbeelding van my prioriteit sal dus  $quan \rightarrow QUAL$  wees (Kelsey, 2005: 4). Volgens Kelsey (2004: 4) beklemtoon hierdie voorstelling nie net die kwalitatiewe deel nie, maar ook die feit dat die navorsing opvolgend uitgevoer is. In die onderhawige studie is daar dus eerstens oorwegend kwantitatiewe data ingesamel, en dit is met oorwegend kwalitatiewe data opgevolg.

In die onderhawige studie is die gemengde-metode-ontwerp aangewend om 'n verduidelikende rol te vervul. Ek het groter begrip van die navorsingsprobleem ten doel gehad. Die gemengde-metode-ontwerp kan ook doelmatig ter wille van vergelykings en as ondersoekende metode aangewend word (Smit, 2004: 2,3).

#### **4.6 ETIESE OORWEGINGS**

McMillan en Schumacher (2001: 196-198) het tien moontlike beginsels vir opvoedkundige navorsing geïdentifiseer. Ek lys die tien beginsels en noem die invloed daarvan op my studie in tabel 4.6.



**Tabel 4.6 Etiese beginsels in opvoedkundige navorsing**

Etiese beginsel	Invloed op die onderhawige studie
Die primêre navorsers is vir die etiese standaarde verantwoordelik.	Ek het die etiese vorms vir die onderhawige studie by die Universiteit van Pretoria en by TUT se etiese komitees vir goedkeuring ingedien voordat die onderhawige studie 'n aanvang geneem het.
Die respondente moet in alle opsigte oor alle aspekte van die navorsing ingelig wees	Respondente is volledig ingelig voor die vraelyste en die individuele en fokusgroeponderhoude.
Die ondersoeker moet so eerlik en openlik moontlik met die respondente wees.	Sommige respondente het waarskynlik die hoop gekoester dat die fokusgroeponderhoud 'n probleemoplossingsessie sou wees en het my daarvoor uitgevra. Ek het eerlik geantwoord dat probleemoplossing nie my hoofdoel was nie, maar eerder praktykverbetering oor die algemeen.
Respondente moet teen fisiese en psigiese ongemak, beserings en gevaar beskerm word.	Fisiese en psigiese gevaar was nie in die onderhawige studie 'n wesenlike probleem nie, maar ek het nogtans seker gemaak dat die lugversorgers in die onderhoudslokale gewerk het om die gemak van die respondente te verseker.
Respondente moet 'n vorm teken om ingeligte toestemming te verseker.	Ek het vorms ontwerp en by individuele en fokusgroeponderhoude uitgedeel <sup>6</sup>
Alle inligting rakende die respondente moet vertroulik hanteer word.	Ek het die respondente belowe dat ek hul bydraes anoniem sou rapporteer. Ek maak byvoorbeeld van R1 (respondent 1) gebruik en meld ook nie die departemente waar hulle werksaam is nie.
Indien die navorsing by 'n instansie plaasvind, moet toestemming by die bestuur verkry word.	Ek het toestemming by TUT gekry om die onderhawige navorsing te doen <sup>7</sup> . Ek het ook die twee dekanes (Ingenieurswese en Natuurwetenskappe) deurentyd op die hoogte van my vordering gehou.

<sup>6</sup> Kyk bylaag 1A en 4B vir voorbeelde van die vorms wat die ingeligte toestemming van die respondente verkry het.

<sup>7</sup> Kyk bylaag 1B vir 'n kopie van die toestemmingsbrief.

Die navorser moet teen misverstande en waninterpretasies van die resultate waak en die resultate so duidelik moontlik kommunikeer sodat misverstande uitgeskakel kan word.	Ek waak daarteen om eie interpretasie op die data te laat inspeel. Ek het van 'n onafhanklike kodeerder gebruik gemaak om my kodering te kontroleer.
Die navorser het 'n verantwoordelikheid teenoor die kontrolegroep en mag hulle nie potensiële voordele ontsê, bloot om 'n eksperiment te boekstaaf nie.	Daar was nie 'n kontrolegroep betrokke nie.
Respondente behoort toegang te hê tot die uitslae van die navorsing waaraan hul deelgeneem het.	Ek hou respondente op die hoogte van my vordering en het onderneem om die finale bevindinge aan hulle bekend te maak.

Uit McMillan en Schumacher (2001: 196-198) aangepas

Ek sluit by Steyn (2003: 150) aan deur die volgende aspekte van etiek in die navorsingsproses as 'n persoonlike etiese kode vir die onderhawige studie te beskou:

- Navorsing behoort slegs onderneem te word indien die proses, sowel as die uitkoms van die navorsing tot **praktykverbetering** van onderrig en leer lei.
- Navorsing behoort alle **deelnemers**, veral die respondente, te **bevoordeel**.
- Navorsing behoort **nie** die respondente **te benadeel** nie.
- Respondente behoort die reg te hê om **enige tyd die navorsingsproses te verlaat**.

- Die **waardigheid, gevoelens, belangstelling** en privaatheid van die respondente behoort **gerespekteer** te word.
- Inligting behoort **vertroulik** hanteer te word.
- Inligting behoort **anoniem** in verslae te verskyn.
- 'n Besondere **sensitiwiteit** behoort teenoor die respondente ontwikkel te word.
- Alle aksies en optrede behoort voortdurend aan 'n eie **waardesisteem** gemeet te word.

#### 4.7 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Die begrippe “interne” en “eksterne” geldigheid word soos volg deur Tuckman (1978: 4) gedefinieer:

*A study has internal validity if the outcome of the study is a function of the program or approach being tested rather than the result of other causes not systematically dealt with in the study.*

*A study has external validity if the results obtained would apply in the real world to other similar programs and approaches.*

Ebbutt en Elliott (1985: 11) voer die volgende aan:

*Action research studies can be judged to be internally valid if the author demonstrates that the changes indicated by his/her analysis of a problem constitute an improvement. Such an account would therefore need to contain not only an analysis of the problem but (also) an evaluation of the action undertaken. An account can be judged to be externally valid if the insights it contains can be generalised beyond the situation(s) studied. An account can be internally valid but have no external validity, i.e. it can be judged as 'true' but entirely unique.*

McMillan en Schumacher (2001: 407) wys navorsers op 'n aantal strategieë wat aangewend kan word om geldigheid te fasiliteer. In tabel 4.7 word 'n opsomming van die strategieë verskaf.

**Tabel 4.7 Strategieë om geldigheid te fasiliteer**

<b>Strategie</b>	<b>Beskrywing</b>
Uitgerekte en volgehoue veldwerk	Fasiliteer tussentydse data-analise en -bekragtiging om 'n ooreenkoms tussen die resultate en die deelnemers se realiteit te vind.
Multimetodestrategie	Verseker triangulasie in die data-insameling en data-analise.
Taal van die deelnemers, <i>verbatim</i> -opgawe	Verkry <i>verbatim</i> -verklarings van deelnemers en aanhalings uit dokumente.
Interpretasievrye aanduiders ( <i>low-inference descriptors</i> )	Boekstaaf presiese en gedetailleerde beskrywings van mense en/of situasies.
Veelvuldige navorsers	Samel data in spanverband in.
Meganiese data-opnames	Gebruik 'n bandopnemer, kamera of videokamera.
Deelnemernavorser	Gebruik deelnemers se persepsies en/of anekdotes wat opgeneem is.
Ledekontrole	Gaan data oorsigtelik na deur die deelnemers daaroor uit te vra.
Deelnemerbeoordeling	Versoek die deelnemers om die akkuraatheid van my sintese na te gaan.
Negatiewe gevalle of diskrepante data	Soek aktief na negatiewe gevalle of diskrepante data wat 'n uitsondering of afwyking in die bevindings aandui.

Uit McMillan en Schumacher (2001: 408) saamgestel

Ek het in die onderhawige studie doelgerigte aksie geneem om geldigheid te fasiliteer. Hierdie stappe word in tabel 4.8 weergegee.

**Tabel 4.8      Stappe om in die onderhawige studie geldigheid te fasiliteer**

Strategie	Stappe wat geneem is
Uitgerekte en volgehoue veldwerk	Tussentydse data-analise is gedurende elke siklus gedoen.
Multimetodestrategie	Triangulasie is verseker deur verskillende metodes en instrumente vir data-opname te gebruik. Kwalitatiewe en kwantitatiewe data-analisemetodes is toegepas.
Taal van deelnemers, <i>verbatim</i> -opgawe	Die volgende stappe het <i>verbatim</i> -opnames behels: <ul style="list-style-type: none"> <li>• my onderhoudnotas;</li> <li>• respondente se kommentaar op vraelyste; en</li> <li>• respondente se kommentaar tydens individuele en fokusgroeponderhoude.</li> </ul>
Interpretasievrye aanduiders ( <i>low-inference descriptors</i> )	Presiese en gedetailleerde beskrywings van die deelnemers en die aksienavorsingsaktiwiteite gedurende 2004 tot 2006 is gegee.
Veelvuldige navorsers	Ek het nie tydens die onderhawige navorsing 'n assistent gehad nie. My kollegas het wel as klankborde vir aksieplanne saamgewerk en die respondente het deel van die span uitgemaak.
Meganiese data-opnames	Foto's, video- en klankopnames van fokusgroeponderhoude is gebruik.
Deelnemernavorser	My eie anekdotiese verslae en verslae van gesprekke met kollegas en studentekommentaar is gebruik.

Uit Steyn (2003: 153) aangepas

'n Aksienavorsingstudie staan voor 'n besondere uitdaging om bewyse van praktykverbetering te lewer. Miller en Fredericks (1994: 1) bied 'n moontlike oplossing vir hierdie kwalitatief-kwantitatiewe debat deur voor te stel dat 'n proses van 'kwalitatiewe bevestiging' toegepas word. Volgens hierdie beginsel kan kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gebruik word om bewyse vir gevolgtrekkings wat uit 'n oorwegend kwalitatiewe ondersoek spruit, te lewer.

Empiriese-analitiese navorsing is moontlik indien die data kwantifiseerbaar is. Indien afgeleide gevolgtrekkings vir die publiek relevant is, behoort toepaslike statistiese prosedures aangewend te word om die eksterne geldigheid van 'n studie te fasiliteer. In die onderhawige aksienavorsingstudie word eksterne geldigheid nie as 'n prioriteit beskou nie, aangesien daar nie gepoog word om die resultate na ander populasies te veralgemeen nie. Die onderhawige studie sal slegs beperkte veralgemeningswaarde by ander populasies hê.

In kwalitatiewe navorsing is die term “vertrouenswaardigheid” (Lincoln & Guba, 1985:290) meer geskik as plaasvervanger vir die term “betroubaarheid”. Vertrouenswaardigheid verwys na die navorser se interpretasie en beoordeling van die data wat op die waarheid geskoei is. Aangesien betroubaarheid en geldigheid nie die geskikste terme is om die gehalte van kwalitatiewe navorsing te beoordeel nie, word alternatiewe terme en kriteria gebruik om kwalitatiewe navorsing as die beskrywing van die waarheid te oorweeg.

Krefting (1991:215) gebruik alternatiewe terme soos “waarheidswaarde”, “toepasbaarheid”, “konsekwentheid” en “bevestigbaarheid” as strategieë om vertrouenswaardigheid in kwalitatiewe studies te verhoog. In tabel 4.9 word die vertrouenswaardigheidstrategieë, soos deur Krefting (1991) gedefinieer, uiteengesit.

**Tabel 4.9 Vertrouenswaardigheidstrategieë**

Kriteria	Kwalitatiewe navorsing	Kwantitatiewe navorsing
Waarheidswaarde	Geloofwaardigheid ( <i>credibility</i> )	Interne geldigheid
Toepasbaarheid	Oordraagbaarheid ( <i>applicability</i> )	Eksterne geldigheid
Konsekwentheid	Vertroubaarheid ( <i>consistency</i> )	Betroubaarheid
Neutraliteit	Bevestigbaarheid ( <i>neutrality</i> )	Objektiwiteit

Uit Krefting (1991: 217) saamgestel

In tabel 4.10 word die vertrouenswaardigheidstrategieë en die wyse waarop dit in die onderhawige studie realiseer, uiteengesit.

**Tabel 4.10 Die realisering van vertrouenswaardigheidstrategieë**

Vertrouenswaardigheidstrategie	Realisering in die onderhawige studie
Geloofwaardigheid	'n Verskeidenheid databronne is gebruik, byvoorbeeld dokumente, wiskundefasiliteerders, ander fasiliteerders en studente. 'n Verskeidenheid metodes is gebruik, naamlik dokumentontleding, onderhoude, fokusgroepe, waarnemings en 'n refleksiedagboek. Terugvoer na en van deelnemers is gedoen. Digtheid van bevindinge is nagestreef.
Oordraagbaarheid/ toepasbaarheid	Identifisering van verteenwoordigende inligtingsbronne is gedoen. Klassifisering van waarnemings (dokumente) is gedoen. Uitklaring met beleidmakers is voltrek. Validering van resultate (riglyne) deur deelnemers en kundiges is uitgevoer.
Vertroubaarheid	Eksplisiete beskrywing van populasie, steekproef, data-insameling, datakodering en data-analise is gedoen. Eksplisiete beskrywing van die probleme en oplossings is gedoen. Beskrywing van die tydruimtelike konteks van die onderhawige studie is voltooi.

Bevestigbaarheid	Konsekwente aanduiding van die navorsingskonteks is uitgevoer. Konsekwente beskrywing van die navorsingsmetodes is gedoen. Logiese beredenering van navorsingsbesluite en die besluitnemingspad is gevolg. Beskikbaarheid van oorspronklike databronne vir toekomstige gebruik is aangeteken.
------------------	--

Uit du Toit (2004: 39,40) aangepas.

#### 4.8 STEEKPROEFNEMING

Om wiskundeassessering by TUT as ondersoekveld te hanteer, moes my populasie uit die volgende subgroepe bestaan:

- alle fasiliteerders in die Fakulteit Ingenieurswese wat wiskunde fasiliteer;
- alle studente in die Fakulteit Ingenieurswese wat vir wiskunde geregistreer is;
- alle fasiliteerders in die Fakulteit Natuurwetenskappe wat wiskunde fasiliteer;
- alle studente in die Fakulteit Natuurwetenskappe wat vir wiskunde geregistreer is;
- alle fasiliteerders in die Fakulteit Opvoedkunde wat wiskunde fasiliteer; en
- alle studente in die Fakulteit Opvoedkunde wat vir wiskunde geregistreer is.

Ek het wiskunde as vakgebied gekies, omdat ek daarby betrokke is, en dié besluit kan dus as 'n nie-ewekansige geriefsteekproef beskou word.

Die keuse van respondente uit die Fakulteite Ingenieurswese en Natuurwetenskap is op pragmatiese oorwegings gebaseer, want dit is daar waar ek praktyksverbetering wou teweeg bring. Die keuse van fakulteite kan dus ook as 'n geriefsteekproef beskou word. Die keuse van fasiliteerderrespondente was doelmatig (*purposeful*), aangesien ek persone met ondervinding en kennis van wiskundeassessering wou betrek. Die studente steekproef was ook doelmatig, aangesien ek wiskundestudente uit die betrokke fakulteite gekies het.



Soms is dit onmoontlik om 'n ewekansige steekproef te neem, en in sulke gevalle behoort die navorser bloot seker te maak dat die keuse van respondente deeglik beskryf word. Wallen en Fraenkel (1991: 145) noem dat die navorser die ouderdom, geslag, etnisiteit en sosio-ekonomiese status deeglik moet beskryf. Ek sal dit in elk van die onderhoude en fokusgroeponderhoude vermeld, maar op so 'n wyse dat die respondente se anonimiteit nie in gedrang kom nie. Wallen en Fraenkel (1991: 145) dui aan dat die meeste opvoedkundige navorsing nie van 'n ewekansige steekproef gebruik maak nie. Aksienavorsing plaas boonop meer klem op verbeterde praktyk as op veralgemeenbaarheid.

#### **4.9 DATA-INSAMELINGSMETODES EN INSTRUMENTE**

Aksienavorsing vereis dat data tydens die normale verloop van die semesteraktiwiteite ingesamel word. Dit verg besondere beplanning om te verseker dat die data-insameling betyds en tydig plaasvind. Ek het sover moontlik toegesien dat studente gemaklik is, en nie tydens die voltooiing van die vraelyste en die fokusgroeponderhoude soos 'navorsingsobjekte' voel nie. Die besonderhede van die ondersoek word in hoofstuk 5 bespreek.

Verskeie komplementerende data-insamelingsmetodes is aangewend, ten einde verskillende aspekte van die ondersoek toe te lig. Hierdie insamelingsmetodes word in tabel 4.11 voorgestel.

Tabel 4.11 Data-insamelingsinstrumente en oogmerke

Navorsingsbenadering	Instrument	Oogmerk
Kwalitatief	Persoonlike onderhoude	Om fasiliteerders se persoonlike opinies vas te stel en hul ingesteldheid jeens assessering te peil. Hulle assesseringspraktyke is ook hierdeur vasgestel.
	Fokusgroep-onderhoude	Om data deur middel van gesprek te ontsluit. Triangulasie en kristallisatie van data was 'n bykomende oogmerk.
	Veldnotas	Om nuanses wat tydens sekere fases van die projek opgeteken is, te boekstaaf.
	Waarnemings	Deur waarneming van respondente tydens onderhoude, fokusgroeponderhoude, vergaderings en slypskole is respondente se lyftaal en algemene ingesteldheid vasgestel, en dit is in my veldnotas of refleksiedagboek aangeteken.
	Refleksie-dagboek	Hierin het ek op my eie praktyk, sowel as die navorsingsproses gereflekteer. Ek het ook soms my waarnemings van respondente hierin verwoord.
Kwantitatief	Vraelys	Om biografiese inligting te bekom en 'n algemene indruk van assesseringspraktyke en die insluiting van UGA te vorm.
	Vraestelle	Vraestelle van alle vakke was tot my beskikking en ek kon die aard, doel en funksionaliteit daarvan bestudeer.
	Korrespondensie	Briefwisseling het per e-pos tussen kollegas op verskillende kampusse plaasgevind. Hierdie briewe het ook soms kwalitatiewe data bevat.
	Verslae	Eksamenverslae en moderatorverslae het 'n blik op assesseringsdoeltreffendheid gewerp.
	Notules van vergaderings	Departementele en oorkoepelende vergaderings is per geleentheid gehou en gesprekke oor assessering het plaasgevind. Hierdie inligting het ook kwalitatiewe komponente bevat.

Deur die navorser opgestel

Richardson (in Janesick, 2004:392) stel voor dat die term “kristallisatie” (*crystallization*) eerder as “triangulasie” in kwalitatiewe navorsing gebruik word en sê die volgende in hierdie verband: *Crystallization is a better lens through which to view the components in qualitative research*. Om hierdie rede het ek verskillende data-insamelingsmetodes gebruik ten einde kristallisatie te fasiliteer en die vertroubaarheid van my studie te verhoog.

Ek bespreek vervolgens die metodes en instrumente wat in die onderhawige studie geïmplementeer is.

#### 4.9.1 My semigestruktureerde vraelyste

Ek het twee vraelyste<sup>8</sup> ingeskakel, waarvan die een op die fasiliteerders van wiskunde en aanverwante vakke, en die ander op studente in eerstejaarswiskunde gerig was. Die vraelyste is aan 'n loodsstudie by die Universiteit van Pretoria onderwerp en verfyning en aanpassings is gedoen. Die data wat uit die vraelyste gespruit het, het hoofsaaklik as riglyn vir verdere aksies en intervensies ter wille van praktykverbetering gedien. Die vraelyste is anoniem voltooi, en elke departement het 'n kode gehad waarvolgens ek kon vasstel waar 'n respondent werkzaam was. Die reaksie op die vraelyste was baie swak en het die steekproef baie verklein. Daar was departemente wat nie 'n enkele vraestel terug gestuur het nie.

Die data wat uit die vraelyste verkry is, sal in hoofstuk 5 bespreek word.

##### 4.9.1.1 Die geldigheid en betroubaarheid van my eie vraelyste

Geldigheid van 'n instrument verwys na die mate waarin die instrument meet wat dit veronderstel is om te meet (McMillan & Schumacher, 2001: 181), en betroubaarheid dui op die mate waarin 'n instrument herhaaldelik onder dieselfde omstandighede dieselfde respons sal ontlok (McMillan & Schumacher, 2001: 181). In die lig van bogenoemde definisies kan my eie vraelys as geldig vir die

---

<sup>8</sup> Kyk bylae 4C en 4D vir kopieë van die vraelyste.

doeleindes van die onderhawige studie beskou word. Die oogmerk van die vraelys was die insameling van kennis met betrekking tot huidige praktyke van fasiliteerders en studente, en het nie op toekomstige veralgemening gefokus nie.

Met betrekking tot betroubaarheid reken ek dat fasiliteerders/studente se gemoedstoestand op 'n bepaalde stadium waarskynlik hul respons aangaande OBE sal beïnvloed. Die betroubaarheid van die vraelys is dus nie bo verdenking nie, maar aangesien triangulasie<sup>9</sup> van data met behulp van ander instrumente plaasgevind het, was die betroubaarheid nie 'n onoorkomelike struikelblok nie.

Na aanleiding van my bespreking van Krefting (1991: 215) se vertrouenswaardigheidstrategieë kan ek wel op geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid aanspraak maak<sup>10</sup>.

#### 4.9.2 Waarnemings en my bepeinsingsdagboek (*reflective journal*)

Waarnemings het tydens onderhoude, fokusgroeponderhoude en slypskole plaasgevind. Ek het die waarnemings in my refleksiedagboek aangeteken en dit aangewend om triangulasie van my data te bewerkstellig.

Die refleksiedagboek is hoofsaaklik aangewend om my eie praktyk te verwoord en te oordink, maar ek het die navorsingsproses ook daarin verwoord.

##### 4.9.2.1 Die geldigheid en betroubaarheid van waarnemings en my bepeinsingsdagboek

Aangesien hierdie instrumente (waarneming en die bepeinsingsdagboek) pragmaties van aard is en my gewaarwordings en emosies verwoord, is die betroubaarheid en geldigheid daarvan, vir die doeleindes van die onderhawige

---

<sup>9</sup> Triangulasie beteken kruiskontrolering tussen databronne, data-insamelingstrategieë, tydperke en teoretiese skemas (McMillan & Schumacher, 2001: 478).

<sup>10</sup> Kyk paragraaf 4.7, tabel 4.10 vir die gepoogde realisering van vertrouenswaardigheidstrategieë.

studie, as voldoende geag. Die data is hoofsaaklik vir triangulasie aangewend en het vir my inligting aangaande die emosies van deelnemers gegee.

#### 4.9.3 Onderhoude

Ek het persoonlike onderhoude met die respondente wat die slypskool sou bywoon, gevoer. Hierdie respondente kan in twee hoofgroepe verdeel word, naamlik wiskundefasiliteerders en fasiliteerders van ingenieursvakke.

Ek het 'n navorsingsprotokol ter voorbereiding van die onderhoude opgestel en dit in tabelvorm<sup>11</sup> beplan.

Die onderhoude is in die respondent se werksplek gevoer, op band opgeneem en daarna verbatim getranskribeer<sup>12</sup>. 'n Onderhoud is ook met die dosent van die Universiteit van Pretoria, wat medefasiliteerder van die slypskool was, gevoer. Tydens hierdie onderhoud, wat 'n dag na die slypskool gevoer is, het ons hoofsaaklik ten opsigte van die slypskool gereflekteer. Die onderhoudsprotokol het soos volg daar uitgesien:

- Wat is u opinie van die slypskool wat ons aangebied het? Was die inhoud geskik, bruikbaar, toepaslik, of hoe sou u dit gradeer?
- Was die aktiwiteite wat gedoen is, geskik?
- Dink u dat die deelnemers by die aktiwiteite gebaat het?
- Hoe het u die deelnemers se terugvoer beleef?
- Het u enige ander kommentaar oor die dag?

Die getranskribeerde onderhoude is gekodeer en volgens temas geplaas om die tendense in die data te belig. Waarnemings is gedurende die onderhoude gedoen en in my veldnotas aangeteken.

---

<sup>11</sup> Kyk bylaag 4E vir die onderhoudsprotokol vir persoonlike onderhoude.

<sup>12</sup> Kyk bylaag 4A vir 'n uittreksel uit 'n getranskribeerde onderhoud.

#### 4.9.3.1 Die geldigheid en betroubaarheid van onderhoude

Die onderhoude is verbatim getranskribeer, en hierdie insamelingstrategie verhoog die geldigheid en betroubaarheid van die data (Cohen, Manion & Morrison, 2000: 281). Die moontlikheid dat respondente onjuiste inligting verskaf het, kan egter nie uitgesluit word nie. Sommige respondente was senuweeagtig en wou weet hoekom hulle nie die vrae voor die tyd gekry het, sodat hulle kon voorberei nie. Desnieteenstaande het hierdie databron 'n magdom inligting na vore gebring.

Die kodering van die data is deur 'n onafhanklike kodeerder<sup>13</sup> nagegaan om betroubaarheid en geldigheid te verhoog. Kristallisering (verskillende navorsers, bronne en metodes wat gebruik word om bevindinge met mekaar te vergelyk) was hier weer eens 'n oogmerk. Ek het verskeie persone by my navorsing betrek en verskillende navorsingsparadigmas en -metodes gekombineer.

Met betrekking tot die data uit die onderhoude, is geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, vertroubaarheid en bevestigbaarheid weer eens relevant (Krefting, 1991: 215).

#### 4.9.4 Fokusgroeponderhoude

Fokusgroeponderhoude is vir data-insameling by aksienavorsingsprojekte geskik (Dick, 2000: 76), en kan vir die bestudering van idees wat in groepsverband na vore tree, aangewend word. Groepsinteraksie, gesindhede, begrip by deelnemers en bestaande vooroordele kan onder meer ook met fokusgroeponderhoude verken word (Zuber-Skerritt, 1998: 181).

Die volgende is enkele redes vir die gebruik van fokusgroeponderhoude:

---

<sup>13</sup> 'n Onafhanklike kodeerder met toepaslike ondervinding is vir die kontrolering van kodes en temas gebruik. Sy verklaring verskyn as bylaag 4F.

- Die tegniek is relatief maklik, selfs vir beginnervorsers.
- Die tegniek is goedkoop, omdat slegs 'n kassetopnemer benodig word.
- Dit is 'n tydbesparende metode, aangesien die navorser die fokus van die onderhoud bepaal.
- Data wat spesifiek op die gestelde onderwerp van toepassing is, word verkry.
- Fokusgroeponderhoude is toepaslik waar die navorser en die deelnemers se belange versoenbaar is.
- Fokusgroeponderhoude is geskik in situasies waar inligting deur middel van vraelyste verkry is, en waarop daar uitgebrei behoort te word, of waarop bevestiging verkry moet word (Wall, 2001: 25).
- Die gebruik van fokusgroepe bied 'n nuwe dimensie aan die data, aangesien die klem op dinamiese groepsinteraksie val (Vaughn, Schumm & Sinagub, 1996: 13).
- Fokusgroeponderhoude bied 'n aansienlike hoeveelheid spesifieke inligting oor 'n bepaalde onderwerp, in 'n relatief kort tydsbestek (Vaughn, Schumm & Sinagub, 1996: 13).

Morgan (1997: 15) definieer 'n fokusgroep as

*... a research technique that collects data through group interaction on a topic determined by the researcher. In essence it is the researcher's interest that provides the focus, whereas the data themselves come from the group interaction.*

Rubin en Rubin (1995: 140) dui die doel van fokusgroepe soos volg aan:

*... (to) obtain depth and details from individuals ... to let people spark off one another, suggesting dimensions and nuances of the original problem that any one individual may not have thought of. Sometimes a totally different understanding of a problem emerges.*

Fokusgroeponderhoude kan die primêre data-insamelingstegniek wees, of in samehang met ander metodes, soos individuele onderhoude, of waarneming

gebruik word. In die laasgenoemde situasie kan fokusgroeponderhoude op drie verskillende maniere aangewend word, naamlik as

- voorlopige ondersoek;
- opvolgondersoek; of
- triangulasie en bevestiging van data (Zuber-Skerritt, 1998: 181).

Krueger (1994: 16-21) noem ses **eienskappe van fokusgroepe**, wat vervolgens aan die hand van die onderhawige studie bespreek word.

- Elke fokusgroeponderhoud het **ten minste ses respondente**. Die grootte van die groep word deur twee faktore beïnvloed. Die groep behoort klein genoeg te wees sodat elke deelnemer 'n mening kan uitspreek, maar groot genoeg dat daar diverse persepsies teenwoordig sal wees (Krueger, 1994: 16).
- Fokusgroepe is op grond van **homogene eienskappe**, wat by die respondente teenwoordig is, gekies. Die eerste fokusgroep het uit dosente wat ingenieursvakke doseer, bestaan. Die tweede fokusgroep<sup>14</sup> het uit wiskundedosente bestaan. Deelnemers aan die fokusgroeponderhoude in die onderhawige studie is **homogeen** ten opsigte van die **doel** waarvoor die fokusgroep saamgestel is. Die respondente is aan die begin van die onderhoud aangaande die gemeenskaplike faktor in die groep ingelig.
- Fokusgroepe **produseer data** wat vir die navorser **van belang** is (Durandt, 2002: 30). Fokusgroepe het 'n baie spesifieke doel en is baie effektief om persepsies, gevoelens en opinies van respondente (Krueger, 1994: 16), vóór en ná 'n intervensie te evalueer.
- Volgens Krueger (1994: 16) lei fokusgroeponderhoude tot kwalitatiewe data wat **insig in houdings, persepsies en opinies van respondente** verskaf. Oopvrae is een van die moontlike tegnieke om respondente se spontane deelname aan te moedig. Die navorser funksioneer as moderator, luisteraar

---

<sup>14</sup> Kyk bylaag 4G vir voorbeelde van die dokumente waarop fokusgroepe saamgestel is, en wat die deeglike voorbereiding wat nodig is, uitbeeld.



en waarnemer. In die onderhawige studie het alle deelnemers die geleentheid gekry om opinies en gevoelens weer te gee. Alle respondente wou deelneem.

- **Temas** vir bespreking by die fokusgroeponderhoude in die onderhawige studie is **vooraf deeglik beplan**. Die onderhoude is in lokale met klankstelsels op die Pretoria-kampus gevoer, aangesien dit die opname vergemaklik. 'n Unieke eienskap van fokusgroepe is dat die navorser nie die groep dwing om 'n 'oplossing' te vind nie, maar die klem eerder op die aspekte wat bespreek word, laat val (Krueger, 1994: 16).

Deeglike voorbereiding is essensieel vir die gladde verloop van 'n fokusgroeponderhoud. Daar word na die onderhoudvoerder as 'n **moderator** verwys (Vaughn *et al.*, 1996: 43) en daar bestaan duidelike riglyne vir die moderator aan die hand waarvan fokusgroeponderhoude uitgevoer behoort te word. Die volgende stappe figureer opeenvolgens tydens fokusgroeponderhoude:

- Inleiding

Die navorser/moderator verwelkom die deelnemers en verduidelik die doelstelling(s) van die bepaalde fokusgroeponderhoud.

- Opwarming

Die deelnemers word gerusgestel en die aard van die verrigtinge word beskryf.

- Begripsverklaring

Die deelnemers ontvang definisies van relevante sleutelbegrippe om begrip te verseker.

- Vrae

Die navorser behoort met algemene vrae te begin en na meer persoonlike vrae te vorder, om deelnemers sodoende die geleentheid te gee om met niebedreigende vrae te ontspan.

- Samevatting

Die navorser som die gebeure op om te verseker dat deelnemers die geheelbeeld begryp.

- Deelnemerkontrole

Die navorser stel vrae om vas te stel hoe elke deelnemer die onderhoud beleef het.

- Afsluiting

Die navorser verseker dat alle vrae van die deelnemers geantwoord is en bedank die respondente vir hul deelname (Vaughn *et al.*, 1996: 43).

In die onderhawige studie is fokusgroepe nie die primêre data-insamelingsmetode nie, maar word die data wat so bekom is ter wille van triangulasie/kristallisatie en bevestiging aangewend. Die fokusgroeponderhoude het nie ten doel gehad om bevindinge te veralgemeen nie, maar die beskrywing van die spesifieke situasie was eerder 'n oogmerk. Twee fokusgroeponderhoude<sup>15</sup> is aan die hand van bepaalde vrae gehou om onder meer respondente se opinies te bekom en die toekomsplanne van die projek te bepaal.

Die resultaat van die fokusgroeponderhoude word in hoofstuk 5 verder bespreek.

#### 4.9.4.1 Geldigheid en betroubaarheid van fokusgroeponderhoude

Die fokusgroeponderhoude is op kasset/video opgeneem en *verbatim* getranskribeer. Deelnemers se response (wat grootliks kwalitatief van aard is) is aangewend om triangulasie van data te fasiliteer. Krefting (1991: 215) se vier vertrouenswaardigheidstrategieë, naamlik geloofwaardigheid, toepasbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid het in die data na vore gekom.

## 4.10 KWALITATIEWE DATA-ANALISE

Die analise van kwalitatiewe data kan op verskeie maniere benader word. Ek bespreek vervolgens kortliks die benaderings in die literatuur wat op my analise ingespeel het.

---

<sup>15</sup> Kyk bylaag 4H vir 'n gedeelte van 'n getranskribeerde fokusgroeponderhoud.

#### 4.10.1 Becker en Geer se benadering

Becker en Geer (in Cohen, Manion & Morrison, 2000: 148-151) dui die volgende aantal opeenvolgende stappe tydens data-analise aan:

- Stap een: Ken kodes aan die data toe om sodoende analiseringseenhede met duidelik herkenbare ooreenkomste en verskille te skep.
- Stap twee: Skep kategorieë waarin eenhede/kodes saam gegroepeer kan word.
- Stap drie: Bepaal verhoudings en verbande tussen kategorieë.
- Stap vier: Maak spekulatiewe gevolgtrekkings op grond van verworwe bewyse ter verduideliking van sleutelaspekte vir die betrokke situasie.
- Stap vyf: Skryf 'n opsomming oor die hoofkenmerke van die navorsingsituasie of kernaspekte wat tot op hede nagevors is. Die opsomming behoort sleutelaspekte, aangeleenthede en konsepte vir latere ondersoek te identifiseer.
- Stap ses: Skep teorieë. Teorieë word uit data afgelei – dit is op data gegrond en dit spruit daaruit voort. Die navorser voeg sy/haar bevindinge by bestaande teorieë (Cohen, Manion & Morrison, 2000: 148-151).

#### 4.10.2 Tesch se benadering

Tesch (in De Vos, 1998: 343-344) stel agt stappe vir data-analise voor:

- Stap een: Die navorser lees al die transkripsies sorgvuldig deur om sodoende 'n gevoel van die geheelbeeld te kry en 'n paar idees neer te skryf.
- Stap twee: Die navorser fokus op 'n bepaalde situasie en dink oor die onderliggende betekenis van die betrokke gedeelte met betrekking tot die geheel. Die navorser kan sy/haar gedagtes in die kantlyn verwoord.
- Stap drie: Die navorser stel 'n lys van al die temas en onderwerpe op, groepeer soortgelyke temas saam en gee aan elkeen 'n kode.

- Stap vier: Die navorser pas die lys met temas op die data toe deur kodes vir elke tema in die kantlyn van die transkripsie te skryf. Die navorser pas die kodes as voorlopige klassifikasie toe en let op of daar nuwe kategorieë en kodes na vore kom.
- Stap vyf: Die navorser verwoord elke tema so beskrywend moontlik en trek lyne tussen kategorieë wat interafhanklik van mekaar is.
- Stap ses: Die navorser maak 'n finale keuse vir die afkorting van elke kategorie en rangskik die kodes alfabeties.
- Stap sewe: Die navorser versamel die data behorende tot elke kategorie en voer voorlopige analise uit.
- Stap agt: Die navorser herkodeer bestaande materiaal, indien nodig (De Vos, 1998: 343- 344).

#### 4.10.3 Kodering van data

Data wat nie gekodeer word nie, word nie doeltreffend geïnterpreteer nie (Fernandes, 2002: 61). Kodes definieer kategorieë en gee orde en struktuur aan die data. Navorsers ontwerp 'n klassifikasiestelsel deur een van die volgende strategieë toe te pas (McMillan & Schumacher, 2001: 466):

- Verwerk die data in eenhede (temas) en groepeer die temas in kategorieë.
- Begin met voorafopgestelde kategorieë en breek dit tot kleiner subkategorieë af.

In die onderhawige studie word 'n kombinasie van bogenoemde twee strategieë gebruik. Voorafopgestelde kategorieë en temas is gebruik en nuwe kategorieë en temas is bygevoeg (McMillan & Schumacher, 2001: 467). 'n Volledige bespreking geskied in hoofstuk 5.

#### 4.10.4 Organisasiestelsel vir die data

In die onderhawige studie het ek die volgende stappe in die daarstelling van 'n gesistematiseerde stelsel vir die data gevolg:

- Eerstens het ek 'n gevoel van die geheelbeeld gekry deur sorgvuldig deur alle transkripsies van fokusgroeponderhoude te lees.
- Tweedens het ek temas vir die data vasgestel en gelys.
- Derdens is die temas sorgvuldig nagegaan om duplisering te vermy. Temas is vergelyk om oorvleueling te voorkom.
- Vierdens het ek die kodes toegepas en met behulp van 'n onafhanklike kodeerder<sup>16</sup> verfyn.
- Vyfdens is die temas in kategorieë saamgevoeg.

#### 4.10.5 Prossesering van die data voortspruitend uit die fokusgroeponderhoude

Miles en Huberman (1994), aangehaal in Cohen, Manion en Morrison (2000: 283) stel die volgende werkswyse voor om betekenis aan die getranskribeerde data te gee:

- Bepaal die voorkomsvrekwensies van elke tema.
- Noteer patrone wat moontlik herhaaldelik na vore kom.
- Gebruik betaande voorkennis om betekenis aan die data te gee en tot gevolgtrekkings te kom indien aanneemlikheid van data bespeur word.
- Klassifiseer die temas in kategorieë.
- Identifiseer en noteer verhoudings en verbande tussen temas.
- Bou 'n logiese bewysleweringsketting waar oorsaaklikheid genoteer en gevolgtrekkings gemaak word.
- Vorm konseptuele verbande deur van konstrukt na teorie te beweeg om die navorsingsverskynsel te verklaar.

---

<sup>16</sup> Die onafhanklike kodeerder is 'n kenner met toepaslike ervaring.

In die onderhawige studie is data wat deur middel van fokusgroeponderhoude verkry is, volgens 'n kombinasie van voorgenoemde werkswyses geanaliseer. Die bespreking van die temas wat onderliggend in die data uit die fokusgroeponderhoude gefigureer het, verskyn in hoofstuk 5.

#### **4.11 KWANTITATIEWE DATA-ANALISE**

##### 4.11.1 Beskrywende statistiek

In die onderhawige studie wou ek die aard, doel en effektiwiteit van wiskundeassessering by TUT vasstel. Ek het gehipotetiseer dat wiskunde-fasiliteerders nie van UGA gebruik maak nie, en ook nie opleiding of blootstelling daarin gehad het nie.

##### 4.11.2 Inferensiële statistiek

Die steekproef was van meet af nie baie groot nie, omdat ek in sommige gevalle 'n doelmatige steekproef geneem het. Die fasiliteerdersvraelyste is egter so onbevredigend terug ontvang dat sinvolle inferensiële statistiek nie ten volle moontlik was nie. Chi-kwadraattoetse vir afhanklikheid is wel uitgevoer en word in hoofstuk 5 verder toegelig.

#### **4.12 SINTESE**


In hoofstuk 4 is die oogmerke van die onderhawige navorsing beskou en die navorsingsontwerp, naamlik aksienavorsing aan die hand van definisies aangebied. Die oorsprong, kenmerke, modelle en diagrammatiese voorstellings het onder die loep gekom. Aandag is aan etiese aspekte geskenk, die geldigheid, betroubaarheid en vertrouenswaardigheid is bespreek, en daar is op die

aktiwiteite, metodologieë en kwaliteitskriteria wat by aksienavorsing figureer, gelet.

Die hoofstuk het die gemengde-metode-ontwerp wat in die onderhawige studie gevolg is, belig. Die respondente, steekproefneming en data-insamelingsmetodes en instrumente is bespreek. My eie vraelys, die onderhoude en fokusgroeponderhoude is toegelig.

Die hoofstuk is met 'n bondige bespreking van die statistiese prosedures afgesluit. In hoofstuk 5 sal die statistiese prosedures breedvoeriger bespreek en toegelig word. Die resultate van die onderhawige studie word in hoofstk 5 bespreek en met literatuurkontrole aangevul.

## RESULTATE





## HOOFSUK 5

### RESULTATE EN BESPREGING

... [O]ne hallmark of qualitative research is the creative involvement of the researcher. There is 'no fixed formula'. It is possible to analyze any phenomenon in more than one way and 'each qualitative analyst must find his or her own process' (Tesch, 1990: 96).

#### 5 INLEIDING

Volgens Emerson, Fretz en Shaw (1995: 142) is die uiteindelijke doelwit van data-analise om uit die data 'n samehangende, gefokusde en verstaanbare verhaal te vertel. Die verhaal word verkry deur die data te ontrafel, en die drade wat deurlopend in die data verweef is, waar te neem en aan te teken.

Die beoogde akademiese uitkomst van my studie is onder meer om beter begrip van assesseringspraktyke in TUT te bekom. Beter begrip van die assesseringspraktyke in TUT is bekom deur op deelnemers se persoonlike interpretasies van hul praktyke, persepsies, waardes en norme te let. Vervolgens het ek analities te werk gegaan en hierdie interpretasies teen die agtergrond van die breër sosiaal-kulturele en institusioneel-kulturele konteks beskou, en met behulp van die fokusgroeponderhoude data bekom wat hierdie aspek toegelig het. Ek het tydens die fokusgroeponderhoude bevestiging vir Nolan en Meister (2000: 23) se siening gekry. Nolan en Meister (2000: 23) huldig die volgende mening: ... *shared meaning and shared cognition play a crucial role in an organization's capacity for improvement.*

'n Tweede akademiese uitkoms van my studie was om doelmatig tot verbeterde assesseringspraktyke by TUT by te dra. Ek het my daartoe verbind, en het reeds 'n aantal intervensies uitgevoer wat deel van die onderhawige studie uitmaak. Verdere aksies is ook reeds beplan.

## 5.1 MY EIE VOORORDELE

Maykut en Morehouse (1994: 123) waarsku dat die perspektief van 'n kwalitatiewe navorser paradoksaal van aard is. Eerstens is die navorser op ander se ondervinding en waardesisteme ingeskakel en gefokus. Tegelykertyd is die navorser deurgaans daarvan bewus dat sy/haar eie vooroordele en voorveronderstellings die kwaliteit van die navorser se singewing kan beïnvloed. Objektiviteit is wel die oogmerk van tradisionele navorsing, maar volgens Lincoln en Guba (in Nolan & Meister, 2000: 24) is objektiviteit grootliks 'n illusie.

My primêre rol as navorser in die onderhawige studie was dié van interpreteerder-storieverteller (Wolcott, 1999:141) en het tussen "ingeligte" (*insider*) en "buitestaander" (*outsider*) gefluktueer. Ek het sekere respondente baie goed geken, omdat ek 'n kollega op een van die kampusse is. Van sommige respondente het ek slegs geweet, maar sommige kollegas het ek glad nie geken nie. Ek het geweet dat ek as "ingeligte" my studie betekenisloos kan maak, indien ek nie doelbewus daarteen waak om die sleutelpersoon in die onderhawige te word nie. Ek het Coffey (1999: 37) se waarskuwing ter harte geneem en my soeke na begrip op die sosiale en akademiese wêreld van die respondente gefokus, terwyl ek my slegs as navorsingsinstrument beskou het.

Ek was deurgaans bewus van die spanning tussen neutraliteit en oor-identifikasie; asook tussen emosionele subjektiviteit en distansie (Coffey, 1999: 30-31). Ek sou in sommige situasies voorstelle vir verandering wou maak, maar moes doelbewus daarteen waak. Ek het gepoog om gedissiplineerde subjektiviteit (*disciplined subjectivity*) (Erickson in Wolcott, 1995: 165) in my strewe na 'n realistiese aanbieding van die navorsingsituasie toe te pas.

Ek was bewus van die wedersydse agterdog wat tussen lede van die verskillende kampusse bestaan. Ek het derhalwe doelbewus daarteen gewaak om in konflikgesprekke betrokke te raak. Die semigestruktureerde aard van die

onderhoude het dit moontlik gemaak om die respondent deur middel van vrae uit te nooi om meer inligting te verskaf, sonder om self 'n opinie te gee. Tydens die fokusgroeponderhoude het die personeel van verskillende kampusse saam gesels, en ontdek dat sekere situasies en probleme generies aan die opleidingsituasie is, en dat die probleme geensins uniek aan hul persoonlike situasie was nie. 'n Voorbeeld hiervan was leerders wat in hul tuisopdragte by mekaar afskryf.

Ek het deurgaans gepoog om 'n balans tussen gesonde navorsingskeptisisme as "buitestaander", en die onderhoudvoerder as "ingeligte" kollega en vriendin te handhaaf (Hammersley & Atkinson, 1995: 112).

Ek was ook voortdurend daarvan bewus dat dialoog tot ontdekking lei, maar dat ek na afloop van die onderhawige studie hoogstens op gedeeltelike kennis ten aansien van die bepaalde navorsingsituasie sal kan roem (Atkinson, Coffey, Delamont, Lofland & Lofland, 2001: 370). Navorsers kan immers nooit beweer dat hulle die "volle waarheid" beet het nie.

Sommige onderhoude is in Afrikaans gevoer, maar ander moes in Engels gevoer word. In enkele gevalle was die respondent 'n moedertaalspreker, maar in sekere gevalle was ek en die respondent albei niemoedertaalsprekers van Engels. Ek het besef dat hierdie toedrag van sake bykomende beperkings op my data-insameling geplaas het. Hierdie beperkings was onder meer dat:

- die ondervraer en die ondervraagde by geleentheid onder gebrekkige uitdrukkingsvermoë gebuk gegaan het;
- ek die Engelse onderhoude in Engels getranskribeer het, maar in Afrikaans gekodeer het.

Die moontlikheid bestaan dat die essensie van die stelling in sommige gevalle verlore kon gaan.

## 5.2 OORSIG OOR DIE INGESAMELDE DATA

Ek wil ter aanvang en ter oriëntering van die leser 'n oorsig van alle ingesamelde data verskaf. Ek sal die data vervolgens breedvoerig bespreek. Soos reeds vermeld, is daar kwalitatiewe en kwantitatiewe data ingesamel, en in hoofstuk 4 (paragraaf 4.10 en 4.11) word 'n bondige samevatting van die analise wat uitgevoer is, gebied. Die toepaslike analise van data sal in die onderhawige hoofstuk breedvoeriger aan bod kom.

Die aanbieding van my kwalitatiewe data is op Wolcott se drieverdiepingbenadering (Wolcott, 1995: 202), naamlik die verwerking van data deur middel van beskrywing, analise en uiteindelik interpretasie, geskoei.

### 5.2.1 Vraelyste

Die doel van die fasiliteerdersvraelys<sup>1</sup> was om bestaande assesseringspraktyke te belig en meer oor die respondente se akademiese ingesteldheid te wete te kom. Die fasiliteerdersvraelys het ook as middel gedien om personeel in die fakulteit van die onderhawige en toekomstige aksies, soos slypskole bewus te maak, en persoonlike onderhoude vooraf te gaan. Laastens het ek die vraelys aan fasiliteerders as 'n middel gebruik om hulle vir hul deelname en toekomstige deelname aan die onderhawige te bedank.

Die studentevraelys moes studente se houding en kennis aangaande UGO bepaal en triangulasie met die fasiliteerdersvraelys fasiliteer. Albei die vraelyste is anoniem voltooi, en ek kon dus nie vasstel watter studente deur watter fasiliteerders bedien is nie, maar waardevolle data is nogtans uit die studentevraelys bekom.

---

<sup>1</sup> Kyk bylaag 4E en 4F vir kopieë van die twee vraelyste.

### 5.2.2 Persoonlike onderhoude

Persoonlike onderhoude is met persone gevoer wat aangedui het dat hulle 'n slypskool oor assessering in tersiêre wiskunde wil bywoon. 'n Uitnodiging is *via* die kantoor van die Dekaan van Ingenieurswese na alle departemente gestuur. In sommige departemente was die bywoning vrywillig en in ander departemente is iemand afgevaardig om die slypskool by te woon. Die veronderstelling was dat alle wiskundefasiliteerders die slypskool sou bywoon, maar dit was nie die geval nie. Die meeste wiskundiges by TUT vorm deel van drie wiskundedepartemente. Hierdie departemente is op die Arcadia-, Soshanguve- en Ga-Rankuwa-kampusse. Hierdie wiskundiges se verteenwoordiging was uiters onbevredigend, aangesien slegs vier van hulle, uit 'n moontlike 20, die slypskool voldag bygewoon het. 'n Verdere drie het die eerste sessie tot teetyd bygewoon. Die res van die wiskundiges (sewe) bevind hulle in ingenieursdepartemente, maar slegs drie van hulle het die slypskool bygewoon. Dit is moontlik dat die huidige onsekerheid oor die toekoms en voortbestaan van die wiskundedepartement in die nuwe instansie tot die apatiese houding by sommige lede bygedra het.

Die onderhoude was semigestruktureerd, is in die respondent se kantoor gevoer en is op band opgeneem om later *verbatim* te transkribeer.

### 5.2.3 Slypskool

Die slypskool is medegefasiliteer deur 'n dosent van die Universiteit van Pretoria. Die slypskool is op videoband vasgelê, maar nie *verbatim* getranskribeer nie. Ek het notas tydens die slypskool geneem en dit met inligting wat ek op die bande kon waarneem of hoor, aangevul. Die aard van die slypskool was sodanig dat 'n *verbatim*-transkripsie weinig meer data na vore sou bring. Tydens die slypskool is inligting oor bepaalde aspekte van leerbenaderings en leerstyle met die deelnemers gedeel. Deelnemers se bydraes het by die aanbieding van leerstyle en leerbenaderings aangesluit, en nie noodwendig op eie praktyke gefokus nie.

#### 5.2.4 Waarnemings, veldnotas en bepeinsingsdagboek

Ek het tydens elke fase van die data-insameling waarnemings gedoen. Voorts het ek ook veldnotas geneem en waarnemings tydens die onderhoude en fokusgroeponderhoude gedoen, aangesien die meganiese opname van die gesprekke dit vir my moontlik gemaak het. Ek het al hierdie notas en refleksies in my bepeinsingsdagboek bygehou. Dit is egter van belang om te beseef dat die analise van al hierdie data slegs 'n ondersteunende rol gespeel het (Coffey, 1999: 121) en nie as sodanig aan streng analise onderwerp is nie.

#### 5.2.5 Fokusgroeponderhoude

Die doel van die fokusgroeponderhoude was om grondiger en dieper in die navorsingsomgewing te delf. Dit het aan respondente die geleentheid gebied om saam te besin, en op mekaar se persepsies te reageer en standpunte te debatteer. Die eerste fokusgroeponderhoud is met die fasiliteerders van ingenieursvakke gevoer, en die tweede met die wiskundefasiliteerders. Die twee fokusgroeponderhoude is albei op die Pretoria-kampus in modern toegeruste lokale gevoer. Die eerste is op kassetband opgeneem en die tweede op videoband. Albei is *verbatim* getranskribeer.

### 5.3 RESULTATE EN BESPREKING

#### 5.3.1 Resultate uit die vraelyste

Die steekproef was uit die staanspoor nie groot nie, en die fasiliteerdersvraelys is baie onbevredigend terug ontvang, ten spyte van my volgehoue kontak. Ek het 46 fasiliteerdersvraelyste terug ontvang uit die 151 wat uitgedeel is. Daar was departemente waarvan ek nie 'n enkele vraelys terug ontvang het nie. Breedvoerige inferensiële statistiek sou dus nie sinvol wees nie. Aangesien hierdie vraelyste deel van die eerste rondte van die aksienavorsingsproses

uitgemaak het, kon ek na deeglike refleksie my volgende siklusse heroorweeg. Na afloop van hierdie siklus is my vermoede bevestig dat 'n kwalitatiewe ondersoek meer geskik vir hierdie spesifieke navorsingsituasie is. Ek wou mense se menings en persepsies kry, en vraelyste het nie die geskikte tegniek blyk te wees nie.

#### 5.3.1.1 Hipoteses

Hoewel hierdie studie in die aksienavorsingsraamwerk uitgevoer is, het ek nogtans hipoteses geformuleer ten einde die inferensiële statistiek te fasiliteer (Van der Linde, 2005). Die inferensiële statistiek kon nie sinvol in alle hipoteses gerapporteer word nie, aangesien daar dikwels selle met onvoldoende verwagte tellings was. In sodanige situasies word die data dan beskrywend gerapporteer.

##### i) Hipotesetoetsing<sup>2</sup>

Die **hoofhipotese** wat in die onderhawige studie ondersoek word, wentel om die aard, doel en effektiwiteit van assessering in 'n tersiêre ingenieursopleidings-omgewing.

Die hipoteses sentreer oor die algemeen om die **verwantskappe** tussen **verskeie faktore** wat 'n invloed op eerstejaarstudente en fasiliteerders se besluite rakende die aard, doel en effektiwiteit van assessering (in samehang met UGA), en 'n aantal onafhanklike veranderlikes uitoefen. Die onafhanklike veranderlikes het vir die studente en fasiliteerders verskil en sal telkens uit die gebeurlikheidstabelle blyk.

#### 5.3.1.2 Studentevraelys

Die studente wat vir eerstejaarswiskunde in die departemente van meganiese en siviele ingenieurswese geregistreer is, het die vraelyste gedurende semester 1 van 2005 voltooi. Ek het 213 respondente gehad, en verskeie hipoteses is deur

---

<sup>2</sup> Vir die doel van die onderhawige word die 5%-vlak van betekenisvolheid aanvaar. In die geval van effekgroottes sal die volgende riglyne gebruik word: a)  $w = 0.1$  – klein effek, b)  $w = 0.3$  – medium effek en c)  $w = 0.5$  – groot effek.

middel van chi-kwadraat ( $\chi^2$ -prosedure)<sup>3</sup> getoets, met inagneming van effekgroottes.

i) Resultate van die  $\chi^2$ -toetse

Sommige van die  $\chi^2$ -toetse kon nie gebruik word nie, omdat elke sel 'n verwagte frekwensie van vyf moet hê. Die data uit die vraelyste het egter nie deurgaans 'n frekwensie van vyf in elke sel getoon nie. Dit is egter steeds moontlik om in sodanige gevalle afleidings uit kolompersentasies te maak, of om die data beskrywend te rapporteer. So het dit geblyk dat slegs 11.88% studente die mening toegedaan is dat hulle op skool volgens UGO-beginsels onderrig is.

Effekgrootte is ook in ag geneem. Effekgrootte is onafhanklik van die steekproefgrootte en meet 'n praktiese beduidendheid (Ellis & Steyn, 2003: 51). Verskillende soorte effekgroottes bestaan (kyk Rosenthal, 1991 en Steyn, 1999), maar in die onderhawige studie word slegs op een tipe gefokus, naamlik dié ter sprake by twee-by-twee-frekwensietabelle. Hierdie prosedure maak nie slegs die verskil onafhanklik van eenhede en steekproefgrootte nie, maar maak ook van die verspreiding van die data gebruik (Steyn, 2000: 1).

Cohen (1988: 62) verskaf 'n moontlike interpretasie van effekgroottes ( $w$ ) soos in twee-by-twee-tabelle deur middel van phi ( $\phi$ )-koeffisiënte gebruik word, naamlik:

klein effek:  $w=0.1$

medium effek:  $w=0.3$

groot effek:  $w=0.5$

'n Verhouding met  $w \geq 0.5$  word in die onderhawige studie as prakties beduidend geag.

Die eerste nulhipotese ( $H_{01}$ ) en alternatiewe hipotese ( $H_{a1}$ ) was:

---

<sup>3</sup> Slegs beduidende resultate sal vermeld word, tensy 'n spesifieke resultaat wel van belang is.



$H_{01}$ : Daar is nie 'n verband tussen 'n respondent se ouderdom en die feit dat die student vir die eerste maal vir Wiskunde I geregistreer is nie.

$H_{a1}$ : Daar is 'n verband tussen 'n respondent se ouderdom en 'n eerste registrasie vir Wiskunde I.

**Tabel 5.1: Gebeurlikheidstabel van ouderdom van eerstejaar-wiskundestudente en die feit dat hulle vir die eerste keer vir Wiskunde I geregistreer is (p-waardes vir  $\chi^2$ )**

Ouderdom	Eerste registrasie vir Wiskunde I			Toetsresultate (tweekantig)	
	Ja	Nee	Totaal	$\chi^2$	Effekgrootte
$\leq 19$ jr <sup>4</sup>	66	6	72	$\chi^2=21.408$ $p=0.0001^*$	$w=0.334$
$>19$ jr	73	47	120		
<b>Totaal</b>	139	53	192		

\*:  $p < 0.05$

Daar bestaan voldoende bewyse om die nulhipotese te verwerp ( $p < 0.05$ ). Die effekgrootte<sup>5</sup> is waarskynlik van matig praktiese waarde ( $w=0.334$ ). Daar bestaan dus 'n statisties betekenisvolle verwantskap tussen die opsies (*i.e.* keuse in terme van "ja" en "nee") op die item "Is dit die eerste keer wat jy vir Wiskunde I registreer is?" en die eerstejaarstudent se ouderdom. Dit het geblyk dat 91.67% studente wat vir die eerste keer vir Wiskunde I geregistreer is, jonger as 19 jaar oud is. Die ouderdomsverspreiding was tussen 17 (12 studente) en 30 jaar (1 student). Die feit dat 39.17% studente wat ouer as 19 jaar is, nie vir die eerste keer vir Wiskunde I geregistreer is nie, was opmerklik. Fisher se eksaktoets is ook uitgevoer, maar het telkens bloot die bevindings van die  $\chi^2$ -toets bevestig, en word daarom nie gerapporteer nie (Millard, 2006).

<sup>4</sup> Hierdie indeling is gemaak op grond van die feit dat die meerderheid eerstejaarstudente wat direk na graad 12 vir tersiêre onderrig aanmeld, negentien jaar oud is (Van Staden, 2003).

<sup>5</sup> Die woord "effek" is nie in die onderhawige konteks ten volle toepaslik nie, en daar behoort eerder na verwantskap of assosiasie verwys te word (Kamfer, 2006).

Die toetse is tweekantig, aangesien die p-waarde en die  $\chi^2$  nie in isolasie beskou is nie, maar as deel van die normale dataverspreiding (Maree<sup>6</sup>, 2006).

Die<sup>7</sup> feit dat daar bykans eweveel nuweling eerstejaars is wat jonger as en negentien jaar oud is, as wat daar ouer nuweling eerstejaars is, is opmerklik. 'n Moontlike rede hiervoor is dat studente eers iets anders doen voordat hulle kom studeer (Millard, 2006). Ek kon nie verdere literatuurkontrolle wat hiermee verband hou, opspoor nie.

Die tweede nulhipotese ( $H_{02}$ ) en alternatiewe hipotese ( $H_{a2}$ ) was:

$H_{02}$ : Daar is nie 'n verband tussen 'n respondent se ouderdom en sy/haar kennis van UGO nie.

$H_{a2}$ : Daar is 'n verband tussen 'n respondent se ouderdom en sy/haar kennis van UGO.

**Tabel 5.2** Gebeurlikheidstabel van ouderdom van eerstejaar-wiskundestudente en die feit dat hulle weet wat UGO is (p-waardes vir  $\chi^2$ )

Ouderdom	Kennis aangaande UGO			Statistiek (tweekantig)	
	Ja	Nee	Totaal	$\chi^2$	Effekgrootte
≤ 19 jr	42	28	70	$\chi^2=6.06$ p=0.013	w=0.181
>19 jr	48	68	116		
<b>Totaal</b>	90	96	186**		

\*: p<0.05

\*\* : Sommige studente het die vraag onvoltooid gelaat, vandaar die veranderde totaal.

Daar bestaan voldoende bewyse om die nulhipotese te verwerp (p<0.05). Die effekgrootte (w=0.181) dui waarskynlik op 'n swakker assosiasie en weinig praktiese waarde. Daar bestaan dus 'n statisties betekenisvolle verwantskap tussen die opsies (*i.e.* keuse in terme van "ja" en "nee") op die item "Weet jy wat UGO is?" en die eerstejaarstudent se ouderdom.

<sup>6</sup> Prof. Maree het die tweekantigheid van die toetse bevestig na aanleiding van gesprekke met Dr S. Ellis verbonde aan die Noord-Wes Universiteit se Potchefstroom-kampus.

<sup>7</sup> Ter wille van verhoogde leesbaarheid word die literatuurkontrolle in hierdie hoofstuk telkens in teksraampies as deel van die normale teks aangebied.

Resultate toon dat 60% studente in die teikenouderdomsgroep van 19 jaar en jonger, weet wat UGO is, terwyl slegs 41.38% in die ouderdomsgroep ouer as 19 jaar, weet wat UGO is. Verder is 70.83% studente wat nie weet wat UGO is nie, ouer as 19 jaar. Wat kennis aangaande UGO betref, het 48.39% studente aangedui dat hulle weet wat UGO is, wat impliseer dat 51.61% nie weet wat UGO is nie. Hierdie oënskyndelike onkunde oor UGO het die legitimiteit van data wat uit die vrae in die vraelys afkomstig was, moontlik in 'n bepaalde mate onder verdenking geplaas, maar dit is nogtans statisties verwerk. Die effekgrootte ( $w=0.181$ ) dui op 'n min praktiese waarde, en is dus 'n swak assosiasie tussen die studente se ouderdom en hul kennis aangaande UGO.

Die feit dat 60% studente jonger as negentien aangetoon het dat hulle weet wat UGO is, dui daarop dat hulle op skool waarskynlik eerstehands daarmee in aanraking gekom het. Dit is wel moontlik dat hulle nie almal UGO op dieselfde manier beleef het nie. Oosthuizen (2003) wat by 'n goeie skool in Pretoria skoolhou, verklaar byvoorbeeld dat daar sekere skole in hul tros (*cluster*) is wat glad nie portefeuljes voltooi het nie, ten spyte van die feit dat portefeuljes in graad 12 kredietdraend is. Dit maak sin dat heelwat minder studente wat ouer as negentien jaar is, weet wat UGO is. Sommige van hulle het waarskynlik glad nie op skoolvlak met UGO in aanraking gekom nie. Sekondêre fasiliteerders (Kriek, 2003; Venter, 2003 en Oosthuizen, 2003) dui aan dat hulpmiddels in die skool die inskakeling van UGO vergemaklik. 'n Groot aantal skole beskik egter steeds oor min of geen hulpmiddels nie, en onderwysers by sulke skole kan waarskynlik min van die UGO-benadering tot sy reg laat kom. Dit strook met studente se gedeeltelike onkunde aangaande UGO, want baie van hulle het nie oor hulpbronne beskik nie.

Die derde nulhipotese ( $H_{03}$ ) en alternatiewe hipotese ( $H_{a3}$ ) was:

$H_{03}$ : Daar is nie 'n verband tussen 'n respondent se gevoelens jeens UGO en die redes wat hy/sy daarvoor aanvoer nie.

$H_{a3}$ : Daar bestaan 'n verband tussen 'n respondent se gevoelens jeens UGO en die redes wat hy/sy daarvoor aanvoer.

Hierdie gedeeltelike gebeurlikheidstabel word getoon, hoewel die verwagte tellings in 33% van die selle 'n onvoldoende frekwensie bevat het.

**Tabel 5.3 Frekwensies van eerstejaar-wiskundestudente se gevoelens jeens UGO en die redes wat hulle daarvoor aanvoer**

Gevoel jeens UGO	Redes vir gevoel jeens UGO				
	Ak*	Pr	Vr	G/G	Totaal
<b>Positief</b>	2	2	2	12	18
<b>Negatief</b>	17	14	9	1	41
<b>Neutraal/Besluiteloos</b>	14	6	4	4	28
<b>Totaal</b>	33	22	15	17	87

\* Sleutel vir tabel 5.3:

Ak: Akademies

Pr: Prakties

Vr: Vreemde response

G/G: Gewoontes of gedrag

Die  $\chi^2$ -prosedure is nie toepaslik nie en die data word dus eerder beskrywend gerapporteer. Die effekgrootte word nie in hierdie geval deur die phi ( $\phi$ )-koëffisiënte uitgebeeld nie, aangesien hierdie nie 'n twee-by-twee-gebeurlikheidstabel is nie. Verdere toetse is nie uitgevoer nie, aangesien die gebeurlikheidstabel (tabel 5.3) in heelwat selle baie lae frekwensies bevat.

## ii) Beskrywende rapportering

Die beskrywende rapportering van die data uit tabel 5.3 behels die gevoelens wat studente jeens UGO koester, en die redes wat hulle daarvoor aanvoer. Die eerstejaars in die onderhawige studie het soos volg hul negatiewe gevoelens jeens UGO uitgespreek:

- Studente se **negatiewe gevoelens** jeens UGO

*OBE is not appropriate for Maths.*

*Group work leads to no independant study.*

*OBE left us underprepared for tertiary education.*

*OBE is done in the wrong way.*

*This whole teaching yourself does not work for me.*

*The teachers dump their work on the learners.*

*Dumb people shouldn't get the credit for clever people's work during group work.*

*It's a huge mess.*

Studente is nie na afloop van die vraelyste aan ander data-insamelingsmetodes onderwerp nie. Ek is huiwerig om te veel afleidings uit hul aanhalings te maak, aangesien die afleidings moontlik te spekulatief kan wees. Ek voer egter deurgaans gesprekke met studente en dit bring wel akademiese, sosiale en opvoedkundige inligting na vore. Studente is teen groepassesserings en eweknie-assessering gekant en beskou dit as onregverdig. Ek maak dus die afleiding dat talle studente nie positiewe ervarings van groepwerk het nie. Verder blyk dit dat die meeste fasiliteerders onkundig oor die direkte skakeling tussen fasilitering en assessering is en dus nie op 'n outentieke wyse assesseer nie. Die gedagte van *fit for purpose*<sup>8</sup> (Naidoo, 2006) het nog nie algemene praktyk geword nie. Hierdie aspek behoort deel van my toekomstige intervensies uit te maak.

Enkele positiewe opmerkings van die eerstejaarstudente met betrekking tot UGO was:

- Studente se **positiewe gevoelens** jeens UGO

*OBE is based on real life.*

*One has a better chance to pass.*

<sup>8</sup> Die frase *fit for purpose* dui op 'n toepaslikheid vir 'n besondere situasie. In terme van assessering behoort die assesseringstrategie by die oogmerk van die vakinhoud te pas. As studente 'n tender behoort te kan uitwerk, behoort 'n soortgelyke opdrag in die eksamen geskik te wees. Dit is nie sinvol om hulle bloot meervoudigekeusevrae oor tenderdokumentasie te vra nie. Eweneens word nie vasgestel of iemand kan soldeer deur 'n geskrewe eksamen op te stel nie.

*OBE gives more opportunities to improve if you had a bad test.  
Greater fairness. Everybody is taught at the same level.*

#### Oënskynlike weerspreking<sup>6</sup>

Dit is interessant dat sommige van die positiewe opmerkings oor UGO die teenpool van die vorige negatiewe gevoelens uitdruk. Dit dui moontlik op die uiteenlopende persepsies wat studente koester. Indien 'n student voorheen tydens groepwerk bevoordeel is, sal hy/sy moontlik glo: *One has a better chance to pass.*

#### Eise van die industrie

Een van die oogmerke van UGO is om leerders beter vir die toekoms voor te berei, en daarom is die stelling *OBE is based on real life* 'n geldige opmerking. Boud (1995: 41) voer aan dat assessering dikwels nie verband hou met die eise wat aan studente in die werksplek gestel word nie. Een van die pluspunte van 'n universiteit van tegnologie is dat die opleiding op die integrasie van vakinhoud en die praktyke in die industrie fokus. Studente doen ondervinding in die praktyk op as deel van die kwalifikasie. Dit is egter moontlik dat assessering meestal vakinhoud assesses en nie die aspekte wat vir die industrie van belang is nie.

#### Groepwerk

Spanwerk is een van die eise wat die industrie stel, en groepwerk, as deel van die UGO-benadering behoort studente onder meer vir spanwerk in die werksplek voor te berei.

#### Bepunting van groepwerk

Ongelukkig blyk dit dat studente nie oorwegend positief oor groepwerk voel nie, omdat die punttoekenning nie vir hulle regverdig lyk nie. Johnston en Lynden (2004: 762) het gevind dat studente in 'n groepsaktiwiteit waarin selfassessering toegepas word, vir hulself onrealistiese hoë punte toeken. Hierdie bevinding strook met studente se persepsie dat punttoekenning vir groepwerk problematies is.

<sup>6</sup> Sommige teksraampies bevat kommentaar en literatuurkontrole met betrekking tot meervoudige fasette van die onderhawige. Ter wille van vloeiende leesbaarheid, is subopskrifte aangebring.

Verdere aspekte wat statisties in die studentevraelys verwerk is, en wat teenoor studente se gevoelens jeens UGO aan  $\chi^2$ -toetse onderwerp is, was:

- die vraag of fasiliteerder tans UGO-metodes in die klaskamer gebruik;
- die hoeveelheid UGO-beginsels wat toegepas word;
- die hoeveelheid groepwerk wat gedoen word;
- die voorkeure wat respondente met betrekking tot groepwerk het; en
- die afkeure wat respondente met betrekking tot groepwerk het.

In al die voorgenoemde waarskynlikheidstabelle was die betekenispeil nie beduidend op 'n 5%-skaal van beduidendheid nie, en frekwensietekorte het dikwels in selle voorgekom. Ek gaan nie die resultate uit die studentevraelyste verder inferensieel rapporteer nie, maar sal wel beskrywend na sommige tendense verwys.

iii) *Verbatim* response op enkele vrae uit die studentevraelys  
Enkele filter- en opvolgvrae in die vraelys het in die opvolggedeelte as oopvraag die persepsies van studente oor spesifieke sake bepaal. Enkele van die *verbatim* response op die oopvrae word vervolgens in tabelvorm aangebied.

**Tabel 5.4** *Verbatim* response<sup>9</sup> op die oopvrae in die studentevraelys

<b>Vraag</b>	<i>What do you like about group work?</i>
<b>Verskillende response</b>	
<b>Positiewe respons</b>	<i>I learn a lot.</i> <i>We share ideas.</i> <i>Discussions, of course.</i> <i>The competition element in group work.</i>

<sup>9</sup> Waar respondente *verbatim* aangehaal word, word dit sonder inagneming van moontlike taalfoute weergegee.

<b>Verborge voordele in groepwerk</b>	<i>It gives easy marks. Solving problems together in groups. Showing each other what is write (sic) and what is wrong. Work together – all pass. No one fails.</i>
<b>Vraag</b>	<b><i>What do you dislike about group work?</i></b>
<b>Verskillende response</b>	
<b>Negatiewe kommentaar</b>	<i>Not all are pulling their weight. Students that don't work also get marks. We waste time argueing. Snobishness from intelligent learners. When persons in the group know nothing. No one does ANYTHING.</i>
<b>Ander opmerkings</b>	<i>No individual work is done. Different temperaments in the group. You are in trouble if the group followed you and do not get good marks. I don't communicat that well white other people (sic).</i>

Deur die navorsers opgestel

#### Moedertaal

Die meerderheid studente is nie Engels-moedertaalsprekers nie. Voorbeelde daarvan blyk in 'n beperkte mate uit die voorgenoemde aanhalings. Eksamens en kommunikasie in groepe kan moontlik vir sodanige studente stresvoller wees. Herrington en Herrington (1998: 306-306) bevind dat studente wat nie in hul moedertaal studeer nie, ernstig deur eksamens geaffekteer word.

#### Eie ondervinding

Ek het gevind dat woordkeuse in woordsomme van groter belang by niemoedertaalstudente is. Die woorde *pond*, *patio* en *chicken pen* wat in 'n oefening voorgekom het, was byvoorbeeld nie aan my studente bekend nie. Desnieteenstaande verwag 'n fasiliteerder dat 'n student in siviele ingenieurswese die woorde *deflection* en *cantilever* moet ken. Die **aard** van assessering is belangrik. Indien groepwerk kredietdraend tot 'n jaarpunt is, behoort fasiliteerders te sorg dat groepwerk regverdig geassesseer word.



**Outentieke assessering<sup>7</sup>**

Ritter (2000: 318) beweer dat studente wat op 'n outentieke wyse geassesseer word, bemagtig voel, harder werk en dus 'n groter voordeel uit die assessering trek. Die **effektiwiteit** van die assessering hang dus nou saam met die aard daarvan.

Vervolgens stel ek die resultate wat aan die hand van die fasiliteerdersvraelyste gevind is.

Ek kan nie die respondente in terme van etnisiteit of sosio-ekonomiese status beskryf nie (Wallen & Fraenkel, 1991: 145) aangesien die vraelyste anoniem voltooi is en identifiserende vrae nie gestel is nie.

### 5.3.1.3 Fasiliteerdersvraelys

Die vraelys is deur 46 respondente voltooi. Die data gaan weer eens in drie dele bespreek word, naamlik die resultate van die  $\chi^2$ -toetse, dan die beskrywende rapportering en laastens enkele *verbatim* response. Verskillende aspekte van die fasiliteerders is beurtelings teenoor 'n aantal ander veranderlikes aan  $\chi^2$ -toetse onderwerp.

#### i) Resultate van die $\chi^2$ -toetse

Die ouderdom van die respondente was eerstens aan die beurt om die (on)afhanklikheid van 'n aantal sake wat uit die hipoteses blyk, vas te stel.

#### a) Data wat met respondente se ouderdom verband hou

Die nul- en alternatiewe hipoteses wat in hierdie geval gestel is, was die volgende:

H<sub>04</sub>: Daar bestaan nie 'n verband tussen die ouderdom van 'n fasiliteerder en diensjare in sy/haar huidige posisie by die instansie nie.

---

<sup>7</sup> Kyk paragraaf 1.6 vir 'n definisie van outentieke assessering.

H<sub>a4</sub>: Daar bestaan 'n verband tussen die ouderdom van 'n fasiliteerder en sy/haar diensjare in sy/haar huidige posisie by die instansie.

**Tabel 5.5** Gebeurlikheidstabel van die ouderdom van fasiliteerders en hul diensjare in die instansie (p-waardes vir  $\chi^2$ )

Diensjare in huidige pos	Ouderdom			Statistiek (tweekantig)	
	24-50 jr	> 50 jr	Totaal	$\chi^2$	Effek-grootte
1-10 jr	20	11	31	$\chi^2=1.328$ $p=0.249^*$	$w=0.169$
> 10 jr	7	8	15		
<b>Totaal</b>	27	19	46		

\*:  $p>0.05$

Daar bestaan nie voldoende bewyse om die nulhipotese te verwerp nie ( $p>0.05$ ). Daar bestaan dus geen verband tussen fasiliteerders se ouderdom en hul jare diens in hul huidige posisies nie. Die peil van betekenis wat aan die hand van die  $\chi^2$ -prosedure bereken is, was in hierdie geval nie 'n bruikbare prosedure nie. Die effekgrootte ( $w=0.169$ ) het waarskynlik weinig praktiese waarde, oftewel 'n minder sterk assosiasie.

Die resultaat uit tabel 5.5 strook nie met normale verwagtings van ouderdom teenoor diensjare nie. Daar is verskeie moontlike verklarings vir hierdie resultaat, maar ek huldig die mening dat daar moontlik 'n aantal bevorderings voor die beoogde samesmelting van die instansies gedoen is, wat meebring dat personeel se dienstyedperk in hul huidige posisies dus minder as tien jaar is.

Om literatuurkontrole oor 'n aspek soos hierdie te doen, is baie moeilik. Die situasie in die onderhawige studie was baie uniek, want die instansie was pas deur 'n samesmeltingsproses. Die literatuur het in die verlede hoofsaaklik op die finansiële en ekonomiese aspekte van samesmeltings gekonsentreer (Buono & Bowditch, 1989). Daar is egter tans literatuur wat die "menslike kant" van samesmeltings ondersoek (Harman &

MEEK, 2002, Van der Westhuizen, 2004). Van der Westhuizen (2004: 155) bevind dat personeel wat 'n samesmelting beleef, dieselfde vyf stadia deurgaans as iemand wat rou (Kübler-Ross, 1986). Hierdie persoonlike belewenis van fasiliteerders het sterk in die fokusgroeponderhoude na vore gekom.

Vervolgens is respondente se ouderdom vir (on)afhanklikheid teenoor die posisie wat hul bekleed, getoets.

Die nul- en alternatiewe hipoteses wat in hierdie geval gestel is, was die volgende:

H<sub>05</sub>: Daar bestaan nie 'n verband tussen die ouderdom van 'n fasiliteerder en sy/haar posisie by die instansie nie.

H<sub>a5</sub>: Daar bestaan 'n verband tussen die ouderdom van 'n fasiliteerder en sy/haar posisie by die instansie.

**Tabel 5.6** Gebeurlikheidstabel van die ouderdom van fasiliteerders en hul posisies in die instansie (p-waardes vir  $\chi^2$ )

Posisie in instansie	Ouderdom			Statistiek (tweekantig)	
	24-50 jr	>50 jr	Totaal	$\chi^2$	Effekgrootte
Jnr lektor/lektor	17	4	21	$\chi^2=8.93$ p=0.01*	w=0.44
Snr lektor/hooflektor	9	11	20		
Departementshoof	1	4	5		
<b>Totaal</b>	27	19	46		

\*: p<0.05

Daar bestaan voldoende bewyse om die nulhipotese te verwerp (p<0.05). Die effekgrootte is waarskynlik van matig tot sterk praktiese waarde (w=0.44). Daar bestaan dus 'n statisties betekenisvolle verwantskap tussen die ouderdom van fasiliteerders en hul posisies in die instansie, en hierdie verwantskap is prakties betekenisvol. Die tendens bestaan dus by TUT dat dosente hoër posisies bekleed, hoe ouer hulle is.

Webbstock (1999) se studie oor bevordering aan tersiêre instansies op grond van effektiewe onderrig verskaf 'n interessante invalshoek vir hierdie aspek. By TUT word akademiese personeel tot professore bevorder op grond van navorsingsuitsette. Aangesien die voormalige instansies teknikons was, was die klem nie op navorsing nie. Heelwat dosente is tans besig om hul kwalifikasies te verbeter, want die nuwe instansies vereis 'n hoër intreekwalifikasie vir dosente. Verder word 'n doktorsale kwalifikasie vir die posisie van senior dosent of enige verdere bevordering benodig. Heelwat van die huidige senior dosente beskik egter nie oor die nodige kwalifikasies nie, en hulle ontvang nou 'n grasietydperk om aan die nodige kriteria te voldoen.

Tabelle 5.5 en 5.6 verteenwoordig die enigste betekenisvolle data met betrekking tot respondente se ouderdom teenoor ander sake in die statistiese verwerkings.

Ander aspekte wat ook vir (on)afhanklikheid van die respondent se ouderdom getoets is, was:

- die respondent se kwalifikasievlak;
- die respondent se ervaringsvlak;
- die aantal seminare wat 'n respondent per tweejaarsiklus bygewoon het;
- die aantal vaktydskrifte wat gereeld gelees is;
- die hoeveelheid UGO-opleiding wat ontvang is;
- die respondent se gevoelens met betrekking tot UGO;
- die aantal assesseringslypskole wat 'n respondent bygewoon het;
- die hoeveelheid nasionale UGO-dokumente wat gelees is; en
- die respondent se geneëntheid om studente hertoetse te laat aflê.

Hoewel voorgenoemde aspekte nie inferensieel gerapporteer kan word nie, kom daar steeds interessante tendense na vore. Met betrekking tot data uit gebeurlikheidstabelle, waar die respondente se ouderdom 'n veranderlike was, verdien die volgende frekwensies en/of persentasies vermelding:

- 70.45% respondente het geen opleiding gehad of slypskole met betrekking tot assessering bygewoon nie. Die enigste assesseringslypskool wat deur die ander respondente bygewoon is, was 'n kursus in die beplanning en uitvoering van assessering (ETDP SETA, 2002).
- 61.54% respondente het nog geen nasionale dokument oor UGO geles nie.
- Respondente het 'n bepaalde vraag met betrekking tot semesterpunt-samestelling verkeerd verstaan. Die vraag het soos volg gelui: *Do you make a selection from all the assessments done to compile the final mark? Example: Use the best three of possible four tests.*

